KITAL STUDIE GIDS

Eindredakteur
DR J H KOEKEMOER

Handleiding vir ouderlinge

"Wees dan, ouderlinge, ywerig in die regering van die kerk, wat aan u saam met die bedienaars van die Woord toevertrou is. Wees ook soos wagters oor die huis en die stad van God en vermaan en waarsku elkeen getrou teen sy verderf. Gee daarop ag dat die suiwerheid van die leer en die vroomheid van lewenswandel in die gemeente van die Here onderhou word."

Medewerkers

Prof. dr. J.I. de Wet
Ds. E.C.B. Kotzé
Dr. M.J. du P. Beukes
Ds. G.N. Bloem
Prof. dr. A.D. Pont
Dr. J.G.M. Dreyer
Prof. dr. P.S. Dreyer
Ds. A.A. da Silva
Ds. G.C. Velthuizen
Dr. P.W. Venter

Eindredakteur: Dr. J.H. Koekemoer

Handleiding vir ouderlinge

HAUM

PRETORIA · KAAPSTAD

© HAUM Uitgewery, Pretoria, Kaapstad

Eerste uitgawe, eerste druk 1979
Eerste uitgawe, tweede druk 1980
Eerste uitgawe, derde druk 1986

ISBN 0 7986 0417 4

Geset deur Dieter Zimmerman Edms Bpk, Johannesburg
Gedruk deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria

Adres: Kital
Posbus 460
Pretoria

Inhoudsopgawe

Voorwoord

Kerk en Amp 1
Die verskillende ampte 1
Wat is 'n ouderling? 1
Differensiasie binne die ouderlingsamp 1
Die oorsprong van die ouderlingsamp 2
'n Plaaslike amp 3
Die roeping deur God en die verkiesing deur die gemeente ... 3
Die bevestiging in die amp 6
Die gesag en vrymoedigheid van die ouderling 8
Kontrole vrae 10

Die ouderling en sy huisgesin 11
Inleiding 11
Die eise wat aan die persoonlike lewe van die ouderling gestel word 11
Die dienende karakter van die amp 16
Norme in die ampswerk 16
Gesindheid ten opsigte van die ampswerk 19
Toerusting vir die ampswerk 20
Kontrole vrae 21

Die ouderling in die gemeente 22
Inleiding 22
Lid van die kerkraad 22
Lid van die gemeentevergadering 22
Sy kerkbesoek 23
Opsig by die prediking 23
Opsig by die sakramentsbediening 24
Die voorleser 24
Leesdiens van die ouderling 25
Die ouderling en gemeentelike organisasie 25
Kontrole vrae 26

Die ouderling en kategese 27
Wat is kategese? 27

Kategese is verkondiging en kategese is kontrolering 28
Die doel van die kategese 30
Die stof van die kategese 33
Kategese en prediking 39
Kategese en pastoraat (huisbesoek) 40
Kategese en sending 41
Kategese en sakramente 41
Wie moet die kategese behartig 42
Die ouderling en sy toerusting 52
Opsig oor die ouers 53
Opsig oor die predikant 55
Die ouderling as kategeet 55
Die ouderling en die kinders van sy wyk 56
Kontrole vrae 57

Die ouderling en huisbesoek 58
Sake waaraan aandag gegee moet word tydens huisbesoek 58
Opsig oor die diaken 60
Ouderlingverslag 61
Voorlees van die Wet en Belydenis 61
Skrifgedeeltes wat in verskillende omstandighede gebruik kan word 61
Skrifgedeeltes wat in bepaalde omstandighede as leidrade kan dien 62
Kontrole vrae 67

Die ouderling en die opsig en die tug 68
Die eie karakter van die opsig en die tug 68
Wat is die opsig? 69
Opmerkings oor die tug 74
Die afsynding met die ban 80
Slotopmerkings 82
Kontrole vrae 82

Die ouderling en die predikant 84
Kontrole vrae 86

Bybelstudie 87
Die doel van Bybelstudiesamekomste 88
Verskillende soorte Bybelstudie 89

Bybelstudie mag nie enige ander gemeentelike aktiwiteit vervang nie ... 91
Die ouderling en Bybelstudie ... 94
Kontrole vrae ... 95

Kerkraadskategese ... 97
Doel ... 97
Metode ... 97
Studiemateriaal ... 99
Kontrole vrae ... 99

Ouderlingvergaderings ... 100
Doel ... 100
Studiemateriaal ... 100
Slot ... 101
Kontrole vrae ... 101

Offergawes ... 102
Die amptelike gebruik van die woord ... 102
Offergawes-afleiding ... 102
Tiendes ... 104
Vrywillige offergawes ... 104
Die kerkraad en offergawes ... 105
Die ouderling se eie gawes ... 106
Gewone offergawes ... 106
Barmhartigheidsdiens ... 108
Bybelverspreiding ... 109
Kerkbou ... 109
Kontrole vrae ... 111

Besondere opdragte ... 112
Die regeertaak van die ouderling ... 112
Die hulptaak van die ouderling ... 115
Kontrole vrae ... 119

Op die rand van die kerk ... 120
Inleiding ... 120
Kultuursake ... 122
Politiek ... 128
Kontrole vrae ... 134

Voorwoord

Die personeel van Kital is trots daarop dat ons hierdie studiegids vir ouderlinge in die kerk kan aanbied. Hiermee word in 'n lank gevoelde behoefte voorsien.

Die studiegids is so saamgestel dat dit nie net van akademiese waarde is nie. Dit is ook op die praktyk gerig.

Ons wil die ouderlinge van die kerk uitnooi om die studiegids te bestudeer en op die vrae te reageer. Bespreek gerus die onderwerpe wat ons aan die hand doen op ouderlingvergaderings. Ons sal dit verwelkom as die gesprek oor die werk van die ouderling lewendig kan wees. Dit kan alleen tot voordeel van die kerk strek.

Indien daar onduidelikheid of verdere vrae is, hoor ons graag van u.

Baie dankie aan ons skrywers vir hulle moeite en navorsing. Aan die Raad vir ouderlinge ons dank vir u inisiatief.

Dr. J.H. Koekemoer

Kerk en Amp

Die verskillende ampte

In die Nederduitsch Hervormde Kerk ken ons net twee ampte. Dit is dié van ouderling en dié van diaken.

Die diakenskap of die amp van die uitdeling het eintlik te make met die kerk se barmhartigheidswerk. Die hulpverlening aan mense in stoflike of maatskaplike nood is 'n baie belangrike deel van die kerk se werk en dit is die verantwoordelikheid van die diakens.

Die ouderlingskap, waaroor dit eintlik in hierdie studiegids gaan, het te make met die geestelike regering van die kerk. Die sorg vir die bediening van die Woord en die voortgang van die geestelike lewe van die kerk is in besonder die taak van die ouderlinge.

Wat is 'n ouderling?

Die formulier vir die bevestiging van ouderlinge gee 'n mooi definisie: "Die woord ouderling of oudste is aan die Ou Testament ontleen en dui 'n persoon aan wat 'n regeeramp beklee." (Vgl. Eks 18:19 e.v.) Hieruit is dit duidelik dat die ouderlinge in ons kerk eintlik die mense is wat verantwoordelik is vir die geestelike regering van die gemeente. Dit is Christus wat self Sy kerk deur Sy Woord en Gees regeer. Daarvoor maak Hy gebruik van die diens van mense. En hierdie mense roep Hy uit en deur Sy gemeente. Hulle moet dan die regeer- of ouderlingsamp só bedien dat Christus deur Sy Woord en Gees self Sy gemeente geestelik kan regeer. Ouderlinge is daarom diensknegte van God ter wille van die gemeente. Hulle is werktuie wat Hy vir die geestelike welsyn van Sy gemeente in diens neem. Daarom is dit 'n groot eer en voorreg en trouens ook 'n baie groot verantwoordelikheid om as ouderling in 'n gemeente gekies te word.

Differensiasie binne die ouderlingsamp

Die formulier waarmee ons ouderlinge in die amp bevestig, leer verder dat daar twee soorte ouderlinge in die kerk werksaam is, naamlik die predikante of "bedienaars van Woord en herders wat die evangelie verkondig en die sakramente bedien." (Later word daar

verder oor predikant en ouderling gepraat. Daarom laat ons die predikant hier met rus.)

Van die ouderlinge sê die formulier: "Die ander wat nie die Woord uitgelê het nie en nogtans in die gemeente gedien het, was in 'n afsonderlike amp werksaam. Hulle het naamlik oor die gemeente opsig gehou en dit saam met die bedienaars van die Woord geregeer; . . ." (Vergelyk 1 Tim 5:17, Rom 12:8 en 1 Kor 12:28). Dit is juis as gevolg van hierdie opsigwerk dat die ouderlinge soms opsieners genoem word. Dit is hulle wat noukeurig, belangstellend, liefdevol op-en-wakker moet omsien na die geestelike welsyn van die gemeente.

Die oorsprong van die ouderlingsamp

Die Ou Testament

Die oudstes in Israel was eintlik stam- en familiehoofde en word al genoem toe die Jode nog in Egipte was (Eks 3:16 en verder). Hulle word ook tydens die woestynreis genoem (Eks 18; Lev 4; Num 11 en verder). Dit moet egter onthou word dat kerk en staat in Israel nie geskei was nie en selfs dikwels nie eers maklik van mekaar onderskei kan word nie. Dit spreek dus vanself dat die oudstes nie spesifiek godsdienstige figure was nie, maar blykbaar ook bepaalde staatsfunksies moes verrig soos regspraak en dies meer.

Dit staan egter vas dat die oudstes die leiers, raadgewers en verteenwoordigers van hulle stam of familiekring was.

Die Nuwe Testament

Die Nuwe Testament vermeld nêrens die instelling van die ouderlingskap nie. Tog word die saak wel dikwels genoem.

Volgens die gegewens in die Nuwe Testament blyk dit dat daar 'n bepaalde ontwikkeling van die ouderlingskap plaasgevind het. Só word die ouderling-oudste in die Nuwe Testament al meer 'n godsdienstige figuur. Waar die apostels meer in die algemeen leiding gegee het in kerksake was die ouderlinge blykbaar meer met leiding van die plaaslike gemeente belas (Hand 11:30 en 15:2).

Al word die instelling van die ouderlingskap nie direk, soos die diakenskap, in die Nuwe Testament vermeld nie, is die ouderlingskap nie 'n minderwaardige saak nie. Dit word duidelik uit die feit dat Openbaring 4:4 selfs van diensdoende ouderlinge in die hemel praat.

Die Kerkhervorming

Veral Calvyn het groot waarde aan die ouderling geheg en die ouderling se werk in die kerk gereël. Saam met Calvyn aanvaar ons ook op grond van die Skrif dat die ouderlingskap 'n instelling van God is wat vir die lewe, werk en welsyn van die kerk van onskatbare waarde is. Daarom wil ons ook hê dat ons ouderlinge die ouderlingskap volgens die eise van die Skrif behoorlik moet vervul (vergelyk 1 Tim 3; Hand 20:28-32)

'n Plaaslike amp

Die ouderlingskap is 'n plaaslike amp. Dit beteken dat 'n ouderling net ouderling van 'n bepaalde gemeente kan wees, hy kan nie in meer as een gemeente gelyktydig dien nie. Hierdie kenmerk van die ouderlingsamp was al in die tyd van die Nuwe Testament sigbaar. Die apostels het in elke gemeente ouderlinge laat kies (Hand 14:23).

Hierdie plaaslike karakter van die ouderlingskap is belangrik. Dit beteken dat gemeente en ouderling wedersyds vir mekaar onmisbaar is. 'n Gemeente kan nie sonder ouderlinge 'n gemeente wees nie. Daarom is die eerste ding wat by gemeentestigting gedoen word om ouderlinge te kies en te bevestig. Dan kan die ander reëlings voortgaan. Dieselfde geld vir die ouderling.

Die ouderling word gekies uit die gemeente deur die gemeente en vir die gemeente. Daar kan net nie so-iets wees soos 'n gemeentelose ouderling nie.

Juis om hierdie rede moet ons onthou dat ons oor iets praat wat vir die gemeente onmisbaar is wanneer ons oor die ouderling praat. Die ouderlingskap is vir die kerk 'n baie belangrike saak.

Die roeping deur God en die verkiesing deur die gemeente

Ampsdraers moet gelowiges wees

Die duidelike veronderstelling dwarsdeur die Bybel is dat *net* gelowiges as ampsdraers verkies kan word. Dit beteken egter glad nie dat ampsdraers volmaakte mense moet wees of selfs kan wees nie. Geloof is nie een of ander persoonlike kwaliteit wat 'n mens beter maak as ander mense nie. Deur die geloof weet ons dat ons, en trouens geen mens, sonder God se genade kan klaarkom nie. Uit die geloof weet ons ook dat ons nie vir onsself lewe nie, maar vir God (Rom

6:11). Hoe sal iemand wat dit nie weet nie as herder vir die kudde van God kan sorgdra? (Hand 20:28).

Soms hoor 'n mens nogal die opmerking dat dié of daardie persoon as ouderling gekies moet word, sodat hy kan kerk-toe kom. Dis 'n dwaasheid, want God roep net gelowiges tot die ouderlingskap. Dit is goed om Paulus se opmerking dat alles wat nie uit die geloof is nie, sonde is, in hierdie verband te onthou.

Nou het ons reeds gesê dat geloof nie 'n menslike kwaliteit is nie. God self gee aan ons die geloof daar waar die Woord reg gepreek en die sakramente volgens die instelling van Christus bedien word. In die erediens ontvang ons die geloof wat nodig is om ampsdraer te kan wees en ook die innerlike sekerheid dat die verkiesing deur die gemeente "'n roeping deur God self is". En juis om hierdie rede is dit ondenkbaar om iemand wat nie 'n getroue kerkganger is nie, as ouderling te verkies.

Die verkiesing deur die gemeente

Daar is kerke waar daar geen kerkraad is soos ons dit ken nie. Dan is daar ook kerke waar die kerkraad sonder inagneming van die gemeentevergadering die kerkraadslede kies. In ons kerk gebeur dit anders. Kerkraadslede word deur die gemeentevergadering met opsteek van hande gekies. Die grond vir hierdie verkiesingswyse vind ons in Handelinge 14:23 en Titus 1:5. Die ouderlinge word immers verkies om die gemeente te lei en te versorg (Hand 20:28). Daarom spreek dit eintlik vanself self dat die gemeente die ampsdraers moet verkies.

Daar is bepaalde voorwaardes verbonde aan die verkiesing van ampsdraers. Daar is reeds daarop gewys dat net manne van "goeie getuienis" gekies kan word. Dit beteken dat dit gelowige manne moet wees wat getroue kerkgangers is en in die alledaagse lewe en in hulle huise hulle christelik gedra. Die gemeente moet manne kies wat waardige leiers en 'n voorbeeld in geloof en wandel vir die hele gemeente kan wees.

Die kerk het twee praktiese reëlings waardeur die kerk wil verseker dat daar *wel sulke manne gekies moet word*.

Die eerste reëling is naamlik dat die kerkraad twee kandidate vir 'n vakature nomineer. Naas hierdie twee kandidate kan die gemeentevergadering dan nog 'n kandidaat voorstel. Op hierdie manier kan die gemeente dan uit drie kandidate die beste persoon kies.

Die tweede reëling is dat die name van persone wat verkies is op twee Sondae afgekondig moet word by die erediens. Die doel hiervan is om mense wat moontlik beswaar het teen die geloof en lewe van 'n kandidaat die geleentheid te gee om beswaar te maak teen so 'n persoon se bevestiging. As daar so 'n beswaar ingebring word binne 'n week na die laaste afkondiging, moet die kerkraad eers die beswaar ondersoek. As die beswaar gegrond is, mag die broeder teen wie die beswaar ingebring is nie as ouderling bevestig word nie. In so 'n geval moet die kerkraad onder die opsig en tug, as dit nodig is, handel sodat die redes vir die beswaar uit die weg geruim kan word.

Albei hierdie reëlings onderstreep die feit dat die gemeente 'n besondere verantwoordelikheid het om na te kom in verband met die verkiesing van ouderlinge. Die gemeente kies nie sommer nie. Manne van goeie getuienis moet gekies word. Besef die gemeente altyd hierdie voorreg en plig?

Juis omdat die gemeente die verantwoordelike liggaam is wat ouderlinge moet kies, is dit nodig om iets meer te sê oor die wyse waarop die gemeente so 'n verkiesing moet behartig. In Handelinge 14:23 lees ons dat die gemeente na gebed en vas vir hulle ouderlinge gekies het. Ons vas nou nie meer nie. Dit is ook nie nodig nie. Destyds was vas 'n manier van toewyding aan die diens van die Here en het mense gevas by groot gebeurtenisse. Hieruit is dit wel duidelik dat die gemeente die verkiesing van ouderlinge destyds as só belangrik beskou het, dat hulle selfs gevas het. Die verkiesing kan nooit as maar net nog 'n lastige saak wat afgehandel moet word beskou word nie. Dit moet altyd met die grootste erns benader word: Die eer van God en die geestelike welsyn van die gemeente is immers by so 'n verkiesing op die spel.

Die destydse gemeente het ook gebid by die verkiesing van ouderlinge. Daar word vandag ook gebid om die leiding van die Gees by die verkiesing. Die saak wat egter onderstreep moet word, is dat dit nie net om die formele gebed by die verkiesingsvergadering gaan nie. Dit gaan om veel meer. Dit gaan veral daarom dat dit die *biddende gemeente van Christus is* wat ampsdraers as werktuie vir Christus kies. Daarom kan die gebed nie net 'n gebed om leiding voor die verkiesing wees nie. Dit moet ook 'n gebed na die verkiesing wees. Daar moet ook gebid word dat die manne wat verkies is werklik hulle bediening kan vervul. Sonder God kan geen mens iets goeds doen nie. Daarom moet die gemeente voortdurend bid vir sy ouder-

linge. Nou wonder mens soms hoeveel lidmate ooit vir hulle ouderling bid.

Die roeping deur God en die verkiesing deur die gemeente is nie twee losstaande sake nie. Dit is die twee kante van een en dieselfde saak. Ons glo dat die Here 'n ouderling roep in die gemeente vir die gemeente en deur die gemeente. Juis daarom is die verkiesing van kerkraadslede so 'n ernstige en verantwoordelike saak. Die Here roep ouderlinge in die gemeente deur die gemeente as geestelike leiers, raadgewers en verteenwoordigers van die gemeente sodat die gemeente opgebou kan word om in die volle sin van die woord op die aarde liggaam van die hemelse Heer te kan wees (vergelyk Ef 4:11-16; Tit 1:7-9.)

Die bevestiging in die amp

"Opgedra aan die Here"

Met hierdie woorde dui Handelinge 14:23 die bevestiging van ouderlinge aan. Dit is insiggewend want die bevestiging van kerkraadslede is nie 'n leë seremonie of 'n verleentheidsdaad nie. By die bevestiging gebeur daar iets. Die biddende gemeente van die Here dra die verkose kerkraadslede aan die sorg en genade van die Here op. In 2 Korintiërs 3:5 en 6 lees ons:

"... ons bekwaamheid is uit God wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament ..." Dit is die eerste saak wat plaasvind by die bevestiging: kerkraadslede word aan God opgedra wat hulle bekwaam maak. Daarsonder is niemand instaat tot iets goed in die diens van God nie. Die bevestiging van kerkraadslede is die pleidooi: Here gee aan hierdie manne die toerusting en bekwaamheid wat nodig is vir hulle dienswerk.

Tot beskikking van die Here

Hierdie woorde het ook 'n betekenis. Ouderlinge is nie ornamente nie. Hulle is werktuie van die Here Christus ter wille van sy gemeente. Hy maak gebruik van die diens van ouderlinge vir die geestelike regering van sy gemeente. Ons kan die woorde "... opgedra aan die Here" ook vry weergee met "voor die Here neergesit, tot beskikking van die Here gestel". In hierdie sin is die bevestiging die amptelike indiensstelling van die ouderlinge. Dié mense is vir 'n be-

sondere taak gekies en daardie dienswerk begin in die erediens waarheen hulle werk altyd weer teruglei.

Die bevestiging van ouderlinge is terselfdertyd ook iets wat met die gemeente gebeur

In Handelinge 14:23 lees ons ook dat die ouderlinge opgedra is aan die Here "in wie hulle nou geglo het". Hierdie woorde het betrekking op die ouderlinge sowel as die gemeente. Die ouderlinge moet gelowiges wees om ouderlinge te kan wees. Die gemeente moet gelowiges wees om gemeente te kan wees. Die ouderlinge word gekies om in die gemeente te werk sodat die gemeente, gemeente van gelowiges kan bly. Daarom beteken die bevestiging van ouderlinge, die opdra aan die Here, dat die gemeente homself ook gewilliglik onder die goeie vermaninge van die ouderlinge plaas. Die gelowige, biddende gemeente *stel homself gewilliglik onder hierdie werk* wat die Here deur sy ouderlinge aan sy gemeente wil verrig. En dit doen die gemeente telkens wanneer daar ouderlinge in die gemeente bevestig word.

Die Formulier

Ouderlinge word met die formulier wat in ons Diensboek voorkom, bevestig. Dit word deur ons Kerkwet vereis dat hierdie besondere formulier gebruik moet word. Op hierdie manier wil die kerk willekeur en allerlei "lieflikhede" wat met die saak eintlik niks te make het nie, uitskakel. Die erns van die geleentheid vereis nugterheid en saaklikheid.

Hierdie formulier wat ons uit die kerkhervorming geërf het, is eintlik nie 'n formulier in die streng sin van die woord nie. 'n Formulier wil eintlik die vorm waarin 'n saak moet verloop reël. Dit wil eintlik die seremonie vasstel. As mens nou na ons formulier kyk dan sien 'n mens dat daar in ons formulier eintlik geen sprake is van 'n seremonie nie. Die bevestigingsformulier en trouens al ons formuliere, dra baie meer die karakter van 'n preek waarin die Bybelse leer uiteengesit word. Dit wil eintlik uit die Bybel aantoon waaruit die ouderlingskap bestaan.

Saam met hierdie uiteensetting vind ons ook 'n oproep aan die ouderling om sy amp getrou en na behore te vervul en aan die gemeente om aan die ouderling alle bystand en samewerking wat hy nodig het te verleen.

Omdat die drie wesenlike sake wat ter sprake is by die bevestiging (hierbo reeds genoem) só duidelik gestel word in die gebed waarmee die formulier afgesluit word, volg hier nou twee kort aanhalings uit hierdie gebed.

"Ons bid U, verleen hulle al meer en meer die gawes wat hulle in hulle bediening nodig het: die gawe van wysheid, van moed, van onderskeiding ... sodat elkeen sy amp kan uitoefen soos dit hoort. Gee dat die ouderlinge vlytig toesig mag hou oor die leer en wandel, die wolwe mag weer uit die kudde van u geliefde Seun en die ontroues mag vermaan en bestraf".

"Verleen ook u goddelike seën aan die gemeente waaroor hulle gestel is, sodat die gemeente hom gewillig onderwerp aan die goeie vermaning van die ouderlinge en hulle ook in ere hou ter wille van hulle amp".

Die gesag en vrymoedigheid van die ouderling

Wat die amp is

Die ampte en in besonder die ouderlingsamp kan met drie terme goed genoeg vir ons doel omskryf word naamlik met die terme roeping, gawe en opdrag.

Roeping

Hierbo het ons reeds daarna verwys dat God self deur die gemeente die ouderling roep tot die ouderlingskap. In die lig hiervan noem ons die ouderlingskap 'n roeping. So 'n roeping is iets anders as ons beroep. Ons kies gewoonlik op grond van oorwegings soos belangstelling, aanleg ensovoorts ons beroep om ons lewenstog daarmee te verdien. Ons kies egter nie self die ouderlingskap nie en ons kan ook niks daarmee verdien nie. By die ouderlingskap gaan die inisiatief nie van ons uit nie. Ons kan nie aansoek doen om ouderling te word nie. Die inisiatief berus volkome by God. Onder Sy leiding deur Woord en Gees word 'n mens as ouderling gekies. 'n Gelowige mag sekerlik die opsienersamp begeer want dit is 'n voortreflike amp (1 Tim 3:1), maar hy mag dit nie verkry deur werwing of watter ander manier nie. Hy moet geduldig wag op die roeping en verkiesing tot die amp.

Die amp is 'n gawe

Dit beteken dat God die amp aan 'n mens gee en ook die toerusting wat hy nodig het om die amp te kan bedien.

Hierdie saak mag nie misverstaan word nie. Die Here gee die amp en die toerusting vir die amp nooit op so 'n manier dat dit ons eiendom of kwaliteit word nie. Dis eintlik beter om te sê God verleen die amp aan 'n mens solank as wat dit Hom mag behaag en Hy verleen die bekwaamheid solank Hy ons in die amp wil gebruik. Mense wat probeer om die amp te verwerf, doen dit gewoonlik omdat hulle heimlik of openlik dink dat hulle op 'n natuurlike manier die kwaliteite besit wat nodig is om ampsdraer te wees. Dit is sondige hoogmoed want niemand besit van nature die kwaliteite wat vir die amp nodig is nie. Die besef dat 'n mens vir alles wat nodig is van God afhanklik is, maak hom 'n nederige ampsdraer, wat sy ampsgawes by God soek en van Hom alleen ontvang.

Die amp is 'n opdrag

Die amp is 'n werk wat die Here self aan 'n mens gee om in Sy gemeente en ten behoewe van Sy gemeente te doen. Dit is nie die swart pak of die sit in 'n afgesonderde kerkbank wat van 'n mens 'n ampsdraer maak nie. Hy is net 'n ampsdraer as hy die ampswerk na die beste van sy vermoë doen. Om die ampswerk te kan uitvoer is gesag en vrymoedigheid onmisbaar.

Verleende gesag en vrymoedigheid op voorwaarde

Uit hierdie kort uiteensetting van die amp het 'n paar dinge na vore gekom wat baie belangrik is.

Natuurlik is 'n ouderling 'n gesagsfiguur. Hy is immers bekleër van 'n regeeramp. Wie regeer het gesag. Nou moet dit egter goed onthou word dat die ouderling deelneem aan die geestelike regering van die kerk. Hierdie amp het hy nie self verwerf nie. Hy besit dit nie deur eie bekwaamheid nie. Dit is ook nie 'n boodskap nie, maar 'n dienswerk. Die ouderling regeer deur te dien. Die ouderling wat dit verstaan begryp dat hy met gesag beklee is, gesag wat aan hom verleen is om reg te gebruik en nie te misbruik nie. In die praktyk werk dit dan ook altyd só dat die ouderling wat sy dienswerk van harte en met nederigheid verrig nooit in gesagskrisisse beland nie.

Dit is net die hooghartige beterweter wie se gesag betwyfel en teengestaan word.

Kortweg die ouderling het gesag. Dit is aan hom verleen. Nietemin is dit werklike gesag solank hy hierdie gesag gebruik soos wat God dit bedoel. Dit kan hy net doen solank hy gehoorsaamheid aan God opeis en nie aan homself nie.

Eintlik hoef ons oor die vrymoedigheid van die ouderling niks meer te sê nie. Die mees beskeie mens ontvang vrymoedigheid uit die besef dat God hom roep, hom toerus, hom stuur om God se werk te doen. Maar hierdie vrymoedigheid het hy ook maar net op voorwaarde dat hy die God wat hom roep, vertrou, die toerusting wat hy ontvang, gebruik en die werk wat hy kry, doen.

Om hierdie gesag reg te kan uitoefen en hierdie vrymoedigheid te kan behou is dit vir die ouderling noodsaaklik om met al sy kragte homself op die hoogte te stel en te hou met alles wat sy amp behels – die verantwoordelikhede sowel as die vreugde van gelowige, getroue ampsbediening.

Kontrole vrae

1. In die Bybel lees ons van twee soorte ouderlinge. Hoe sou u hulle onderskei?

   .....

2. Waar vind ons in die Bybel die oorsprong van die ouderlingsamp?

   .....

3. Kan daar 'n gemeentelose ouderling bestaan?

   .....

4. Hoe word 'n ouderling verkies?

   .....

5. Wat beteken dit om in die amp bevestig te word? Dink aan die terme "opgedra aan die Here" en "tot beskikking van die Here."

   .....

6. Waar kry die ouderling sy gesag vandaan en watter soort gesag is dit?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die amp in die Bybel en by die Kerkhervormers.
2. Die funksie en bedoeling van 'n bevestigingsformulier.
3. Die gesag en vrymoedigheid van die ouderling.

Die ouderling en sy huisgesin

Inleiding

In hierdie hoofstuk wil ons aandag gee aan die ouderling en sy huisgesin. Die onderafdelings wat onder hierdie opskrif ter sprake kom is:

- Die eise wat aan die ouderling se persoonlike lewe gestel word en
- sy voorbeeld deur leer en lewe.

Die vrae wat hier beantwoord moet word is die volgende:

- Wat is daardie kwaliteite op grond waarvan 'n persoon as ouderling verkies kan word.

- Wat is die vereistes vir 'n sinvolle bediening van die amp.

Die eise wat aan die persoonlike lewe van die ouderling gestel word

Die meeste van die ou kerkwette sê niks oor die eise waaraan kandidate vir die ouderlingskap moet voldoen nie. Ook in die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika word daar nie aandag aan hierdie saak gegee nie.

Gewoonlik word baie van die voorwaardes as vanselfsprekend aanvaar. So byvoorbeeld die eis dat slegs mans die amp mag beklee – dat die aspirant ouderling belydende lidmaat moet wees en nie mag afwyk van die leer van die kerk nie. Dit word gewoonlik ook aanvaar dat die aanwysings van 1 Timoteus 3:1-7 en Titus 1:5-9 moet geld as vereistes waaraan die ouderling moet voldoen.

Calvyn het onder andere ook 1 Timoteus 3:1-7 aanvaar as riglyne vir die gemeente by die verkiesing en beoordeling van alle ampsdraers.

Die Nederlandse geloofsbelydenis praat duidelik en verstaanbaar oor hierdie saak. In artikel XXX wat handel oor die ampte, word verklaar dat persone gekies moet word wat getrou is en voldoen aan die reël wat die apostel Paulus daaroor gee in die brief aan Timoteus.

Dit lyk daarom geoorloof om in verband met die eise wat daar aan

die persoonlike lewe van die ouderling gestel word, uit te gaan van die tersake gegewens in die pastorale briewe, 1 en 2 Timoteus en Titus.

Oor die vereistes wat in 1 Timoteus 3:1-7 gestel word, het Groenewald tereg opgemerk dat dit onjuis is om uit hierdie voorskrifte af te lei dat die ampsdraer aan hoër sedelike norme moet voldoen as die gewone lidmaat van die gemeente. Hierdie beskouing word wel aangetref in sekere kringe veral van Roomse kant. Dit is verder opvallend dat die eise wat die apostel stel niks anders is nie as dié waaraan 'n fatsoenlike mens, en met name die christen moet voldoen. Ons moet dus hierdie eise ten opsigte van die ouderling nie sien as 'n aanduiding dat hy 'n beter mens moet wees as sy ander medegelowiges nie. Met hierdie strenge eis word eintlik net nadruk gelê op die noodsaaklikheid dat die lewe en gedrag van die voorganger in die gemeente werklik onberispelik moet wees. Omdat hy die een is wat opsig moet uitoefen oor die lewe van ander word daar skerp op sy eie lewe gelet. Indien hy êrens tekortskiet of duidelik aanwysbare ondeugde openbaar is dit skadelik vir sy ampswerk en vir die gemeente.

Maar in hierdie rigting lê ook 'n ander gevaar. As hierdie aanwysinge en riglyne beskou word as hoër sedelike norme waaraan die ampsdraer moet voldoen, moet dit onvermydelik uitloop op 'n dubbele moraal. Vir die lidmate een maatstaf en vir die ampsdraers 'n ander een.

In die kerk mag dit nooit gebeur nie. Die wet van God word immers nooit anders toegepas op die ampsdraers as op die gewone gelowige lidmate nie. Die ampsdraers moet daarom gewoon gesien word as gelowiges wat ook nog die taak het om die ampte te bedien.

Die lewe van die ampsdraers word dus nie met 'n ander of hoër maatstaf beoordeel as die van die ander gelowiges nie. Sy lewe word wel in dubbele opsig beoordeel, naamlik AS GELOWIGE LEWE EN AS GELOWIGE AMPSVERVULLING.

In die lig van bogenoemde kan ons nou die vereistes waaraan die persoonlike lewe van die ouderling moet voldoen, van nader gaan beskou.

Die ouderling as gelowige

Die ouderling moet in die eerste plek gelowige wees. Soos van enige gelowige word van die ouderling verwag dat hy die persoon, woord

en daad van Jesus Christus in die verlede, hede en toekoms moet aanvaar as dié daad van God tot redding en verheerliking van sondaars. As gelowige moet hy ook gehoorsaam wees aan hierdie evangelie van die genadige handelinge van God in Christus. Aan die betroubare woord wat volgens die leer is, moet hy vashou, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê (Tit 1:9).

In hierdie verband is dit ook belangrik om te let op die eis van Paulus in 1 Timoteus 3:6. Daar skryf hy voor dat die ouderling nie 'n nuweling moet wees nie. Hiermee word bedoel dat dit nie iemand moet wees wat pas bekeer is en tot die geloof gekom het nie. Nuwelinge kan te maklik verwaand en eersugtig raak wanneer hulle as opsieners aangestel word. Die aspirant ouderling moet dus een wees wat reeds in die Christendom wortel geskiet het en bewys gelewer het van kalme standvastigheid in die geloof.

Onberispelikheid

Die ouderling moet verder 'n man van goeie sedelike gedrag wees. Hy moet absoluut onberispelik wees. Sy lewenswandel en gedrag moet sodanig wees dat niemand binne of buite die gemeente 'n vinger na hom kan wys nie. Hy moet nugter, gasvry, vriendelik en ingetoë wees. Geen strydlustige, vegter of geldgierige nie (1 Tim 3:2 en Tit 1:7). Met hierdie woorde word vir ons 'n persoon geteken wat oor 'n nugtere oordeelsvermoë beskik wat netjies, fatsoenlik en waardig kan optree.

En nou is dit baie hoë sedelike eise wat hier gestel word. Baie min van ons sal aan al hierdie vereistes kan voldoen want elkeen van ons het sy gebreke. Dit is daarom goed om hier te onthou: Die verlange van die gelowige om hierdie amp te bedien, mag nooit gegrond wees in eie deug of eie krag nie, maar in die hulp en genade van die Heer wat 'n mens tot hierdie dienswerk roep. Hy is per slot van sake die een wat al die gawes en bekwaamhede skenk as 'n gawe van bo (2 Kor 3:5). Daarom is elke vorm van roem en eiewaan hier uitgesluit. Soos Paulus ook aandui in 2 Korintiërs 12:7-10. Swakhede, gebreke en tekortkominge wat nog teen ons wil in ons oorgebly het, sal ons nie verhinder om hierdie amp te beklee nie. Duidelike en ooglopende ondeugde wat aanstoot gee en die eerbaarheid van die amp aantas, hoort aan die ander kant ook nie by hierdie voortreflike amp nie.

Die ouderling en sy gesinslewe

In 1 Timoteus 3:2 sê die apostel dat die opsiener 'n man van een vrou moet wees. Dit is nie heeltemal duidelik wat hiermee bedoel word nie. Dit kan nie beteken dat die opsiener na die dood van sy vrou nie weer mag trou nie, want Paulus het nie beswaar teen 'n tweede huwelik nie (1 Kor 7:39). Dit mag miskien wees dat Paulus hier die bekende misstande van bigamie van daardie tyd veroordeel. 'n Man wat twee vrouens tegelyk het sou dan in elk geval bewys lewer van bandeloosheid en ontrou en as sodanig onaanvaarbaar wees vir die amp. Hoe dit ookal mag wees – die huwelik van 'n opsiener was blykbaar 'n vanselfsprekende saak en die opsiener sou getrou moes bly aan die vrou met wie hy getroud was – of dit nou sy eerste vrou is of die vrou in 'n tweede huwelik.

In aansluiting by die regerende funksie wat die ouderling in die gemeente moet verrig, stel Paulus die eis dat hy sy eie huis goed moet kan regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid moet hou (1 Tim 3:4 en 5). Dit wil nou nie sê dat die ouderling met 'n sterk hand of met vuisgeweld sy gesag moet afdwing en as outokraat moet regeer nie. Hy moet veel eerder met die waardigheid van liefdevolle en verstandige optrede die goeie orde handhaaf.

Sy kinders moet gelowige kinders wees, nie beskuldig word van bandeloosheid nie (Tit 1:6). As die aspirant ouderling sy eie huishouding in hierdie goeie orde kan hou is dit 'n bewys dat hy ook op die breër terrein van die gemeente as 'n goeie voorganger sal kan optree.

Bekwaam om te onderrig

Die kandidaat vir die ouderlingsamp moet volgens 1 Timoteus 3:2 ook bekwaam wees om te onderrig. Omdat die rol van die ouderling in die kategese elders ter sprake kom, hoef ons hier net aandag te gee aan ander gesigspunte wat hieruit voortvloei.

Titus 1:9 praat van die bekwaamheid om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê. Calvyn het hierdie dinge in verband gebring met die vermoë om in die openbaar te kan spreek. Dikwels word byvoorbeeld in die amptelike vergaderings en op huisbesoek belangrike sake nagelaat en verkeerde besluite geneem omdat die ampsdraers te skaam en te skugter was om te praat. Om hierdie selfde rede het lidmate en ampsdraers al dikwels gestrui-

kel of verdwaal – omdat daar geswyg is toe daar gewaarsku moes word.

Voorbereiding en vorming

Die meeste van die kwaliteite wat tot sover opgenoem is, is nie aangebore eienskappe nie. Dit is dus van die allergrootste belang dat 'n kandidaat vir die ouderlingsamp goed voorbereid moet wees met die oog op die amp wat in die kerk beklee moet word. Ouers, kategete en predikante kan dit maar gerus in gedagte hou dat hulle 'n plig teenoor die kerk van die toekoms het om ook deur hulle onderrig mense te vorm wat hierdie amp met waardigheid kan volstaan.

Om dit te kan doen is dit noodsaaklik dat die kandidaat reeds van sy jeug af vertroud moet wees met die Heilige Skrif. Van so 'n voorbereiding van jongs af vir die amp is Timoteus die klassieke voorbeeld (2 Tim 3:15). Dit is 'n geweldige voordeel as die kandidaat reeds van vroeg af met hierdie dinge vertroud is en nie met die voorbereiding wag totdat hy in die amp gekies word nie. 'n Beginner wat die grondslag van 'n deeglike opvoeding in die Heilige Skrif nie het nie *is* altyd 'n gevaar vir die kerk. Van Timoteus lees ons dat hy in sy familiekring 'n uitmuntende vorming en voorbereiding geniet het. Sy grootmoeder Loïs en sy moeder Euníce was gelowige mense en hulle het hom van kindsbeen af in vroomheid grootgemaak (2 Tim 1:5).

Die voorbeeld van die ouderling deur leer en lewe

In die vorige gedeelte het dit hoofsaaklik gegaan oor die aanloop tot die bekleding van die amp. Hier neem ons aan dat die ouderling reeds kragtens sy roeping deur God en op grond van bepaalde persoonlike kwaliteite wat die gemeente in hom raakgesien het, behoorlik verkies en in sy amp bevestig is.

Nou moet ons besin oor die werklikheid van sy ampsverantwoordelikhede. Ons moet kyk na die ampsdraer soos hy in die amp aan die werk moet wees en daarby die werk self ook in oënskou neem. Ons sal moet uitmaak wat die norme vir 'n goeie ampsbediening is en ons sal moet let op die gees en gesindheid waarin die ouderling sy dienswerk moet verrig. Hier sal dit ook duidelik word hoe die ouderling die deugde op grond waarvan hy deur die gemeente gekies is, prakties uitlewe. Kortom dit sal hier gaan om die gelowige ampsvervulling.

Die dienende karakter van die amp

Die ampsdraer is 'n dienskneg. Ook die ouderling is 'n dienskneg. Calvyn het op hierdie aspek besondere klem gelê en juis die dienskarakter beskou as die belangrikste grondtrek van die amp. Maar die diens van mense in die kerk is altyd gegrond in Jesus Christus wat nie gekom het om gedien te word nie maar om te dien (Markus 10:45). Die diens van Christus is Sy kruisdood waardeur sondaars bevry en verlos is vir die diens van hulle ware Heer. Hierdie diens van mense wat deur Christus verlos is, is daarom ook altyd belydenis van die heerskappy van die ware Heer. Bybels gesien is daar nooit sprake van dit wat die dienaars in eie krag kan doen nie. Belangrik is alleen dit wat hulle Heer deur hulle hande doen (1 Kor 9:1). Die dienswerk van die dienaars is dus ook 'n nederige diens.

Aan die hand van Matteus 28:18-20 kan die saak só verduidelik word: Alles geskied in werklikheid sonder die inspanning en stryd van ons mense. Die arbeid wat ons moet verrig is om al ons "eie" te laat vaar, ons oë oop te maak en te rig op Jesus Christus wat oorwin het en sal oorwin. In Matteus 28:18 verklaar Jesus dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is. Juis daarom beveel Hy sy dissipels om die wêreld onder Sy heerskappy te bring (v.19). Logies gesien maak die eerste die tweede onnodig. Maar van Christus uit is die eerste stelling in vers 18 juis die noodwendige voorveronderstelling dat die opdrag (v.19) sin kry. En hierdie opdrag word gedra deur die versekering van vers 20 "En kyk Ek is met julle al die dae . . ."

Die dienskneg het dus 'n nederige gestalte maar daar is ook groot eer en waardigheid aan sy amp verbonde. Hy is ook medewerker van God (1 Kor 3:9) en tree op as gesant om Christus ontwil (2 Kor 5:18-20).

Norme in die ampswerk

Wat die normatiewe van die ampswerk betref het in hoofstuk 1 'n baie belangrike gesigspunt na vore gekom.

Daar word uitgegaan van die veronderstelling dat die formuliere vir die bevestiging van ampsdraers die inhoud van die ampte Skrifgetrou weergee. Hierdie inhoud van die ampte – met ander woorde wat die amp is – bied nou self die norme vir 'n sedelik goeie ampsvervulling. Wat die maatstawe en riglyne vir 'n gelowige ampsbediening is, moet dus uit die formuliere afgelei word. Maar nou weet ons dat ons nie net by die vorm of die letter kan bly staan en net uiterlik

eerbaar en netjies moet handel nie. Daar moet ook gevra word na die ampsgesindheid wat uit die geloof voortvloei.

As ons nou die formulier vir die bevestiging van ouderlinge in die lig van bogenoemde gaan beskou kom die volgende riglyne na vore.

- Hulle moet sorgvuldig toesien dat elkeen hom in belydenis en wandel betaamlik gedra.
- Hulle moet die onordelikes vermaan.
- Hulle moet sover moontlik voorkom dat die sakramente ontheilig word.
- Hulle moet volgens die kerklike dissipline en tug optree teen die wat nie berou het nie.
- Die wat berou het moet hulle weer in die gemeenskap van die kerk ontvang.

Die ouderlinge moet sorg vir welvoeglikheid en ordelikheid in die kerk van Christus. Hierdie opdrag het veral te doen met die verkiesing en bevestiging van ampsdraers. Hier moet hulle raad gee in die sake wat met die welstand en orde van die kerk te doen het. Hulle moet ook alle Christene met raad en troos bystaan.

Die ouderlinge moet opsig hou oor die leer en lewenswandel van die bedienaars van die Woord sodat alles mag strek tot opbouing van die kerk en geen vreemde leer voorgedra word nie (Hand 20:29).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die ouderlinge 'n tweeledige taak het.

- Hulle moet in die eerste plek opsig hou oor die gemeente. Die gemeente is die eiendom van die Here. Dit is Sy kosbaarste – waarvoor Hy die duurste prys betaal het – die lewe van Sy Seun. Die gemeente wat met so 'n groot offer gekoop is, is in die bewaring en sorg van die dienaars gelaat. Hulle moet oor die gemeente waak sodat dit nie in verwaarlosing verval nie.

Dit doen die ouderling deur die byeenvergader van die gemeente (vergelyk Kerkwet). Die ouderling is dus die een wat die lidmate getrou moet aanspoor om die eredienste gereeld by te woon en die Here in hulle huise en in die openbaar te dien.

Die verkondiging in sy verskillende gestaltes is die weivelde waar die kudde gevoed word. Dit is ook die staf waarmee hulle geregeer word. Die ouderling moet sorgdra dat sy lidmate daar is waar hulle deur die verkondiging in hulle geloof gebou en versterk word. Deur woord en voorbeeld moet hy ast'ware die geloofslewe vir hulle voorlewe. En as hy dit nie doen nie of nie kan doen nie, dan oortree hy –

dan doen hy nie sy werk nie. En die gevolg daarvan is dat die gemeente in verwaarlosing verval. Die lidmate raak verdwaal en gaan verlore.

Die ouderling is verder verantwoordelik vir die welvoeglike en ordelike gang van sake in die gemeente. Hulle moet sorg vir die stoflike belange van die gemeente sodat die diens van die Woord onbelemmerd kan voortgaan. Hulle moet ook kan raad gee en vertroos en nie self moedeloos en troosteloos kla oor onoorkomelike probleme nie.

Die ouderlinge moet veral ook onthou dat hulle mederegeerders van die gemeente is. Hierdie is 'n besonder belangrike aspek van hulle dienswerk. Deur hulle regeeramp rég uit te oefen moet hulle sorg dat tirannie en magsmisbruik uit die gemeente geweer kan word. Hier is dit veral belangrik dat die ouderlinge 'n goeie kennis van die Skrif, die belydenisskrifte, formuliere en die kerkwet moet hê sodat hulle in staat kan wees om dié dinge te onderskei waarop dit aankom en met goeie raad die gemeente te dien.

• Die tweede deel van die taak van die ouderlinge is om opsig te hou oor die leer en wandel van die *bedienaars van die Woord*. Dit moet hulle doen sodat alles tot opbouing van die kerk mag strek en geen vreemde leer voorgedra word nie (Hand 20:29).

Die opsig oor die *leer* en *wandel* van die *predikant* beteken dat hulle moet waak dat die verkondigingswerk van die predikant reg en behoorlik sal geskied en dat hy ook 'n onberispelike lewe sal lei.

Wat die verkondigingswerk betref moet die ouderlinge daarop let dat geen ketterye verkondig word nie. Die predikant mag nie die Skrif uitlê en toepas soos hy wil nie. Vir die prediking, die huisbesoek, die kategese, die liturgiese werksaamhede en die kerkordelike werk bestaan daar sekere reëls en riglyne waarvan die predikant nooit mag afwyk nie. Die ouderlinge moet toesien dat hy hom aan hierdie norme van sy ampswerk hou. Die regte Woordbediening vereis navorsing en volgehoue studie van die predikant en die ouderlinge moet ook toesien dat die predikant die tyd en die geleenthede kry om dit behoorlik te doen. Hiervoor sal 'n behoorlike beplanning en indeling van die werk van die predikant nodig wees sodat hy nie nodig het om hom te bemoei met sake wat netso goed en nog beter deur die ouderling verrig kan word nie. Die formulier sê hulle is tot hulp en bystand vir die wat die evangelie verkondig – en die ouderlinge moet ook toesien dat dit tot sy reg kom.

Wat die liturgiese werksaamhede van die predikant betref moet die ouderlinge toesien dat hy as liturg die regte vorm aan die erediens gee sodat dit sal voldoen aan die vereistes van'n-ontmoeting-in-gesprek tussen God en Sy gemeente.

Die opsig van die ouderlinge oor die lewenswandel van die predikant wil verseker dat dié dienaar 'n onbesproke lewe sal ly. In ons kerk word daar byna grenslose vertroue in die predikant gestel. Wat hy sê en doen is reg en goed in die oë van ons lidmate. Dit is natuurlik goed en mooi as daar so 'n verhouding heers. Maar dit kan ook gevaarlik wees. Dit kan só maklik uitloop op 'n onheilige en kritieklose beskerming van die predikant ten koste van die welsyn van die gemeente.

Aan die ander kant moet die ouderlinge ook nie oor-krities raak en elke beweging van die dominee onder die vergrootglas wil plaas nie. Dit gebeur ongelukkig ook.

Gesindheid ten opsigte van die ampswerk

'n Ouderling moet ook die regte gesindheid teenoor sy werk in de kerk hê. Dit kan die volgende beteken:

Volledige oorgawe aan die dienswerk

Vir die ouderling beteken dit dat hy nooit vry is om te leer en te lewe soos hy wil nie. Hy treé op in gehoorsaamheid aan die Here wat hom geroep het. Persoonlike voorkeure en eie begeertes moet 'n ondergeskikte rol speel. Soos Timoteus moet hy die belange van die gemeente opreg behartig en nie sy eie eer dien nie (Filip 2:21).

Regskape lewenswandel

Die morele onkreukbaarheid en onberispelike lewenswandel wat vir die kandidate geld, geld ook vir die diensdoenende ampsdraer. Paulus eis dit van Timoteus want hy moet vir die gelowiges tot voorbeeld wees. Teenoor die gemeente moet hy met geduld en sagmoedigheid optree. 'n Misplaaste strengheid bereik niks nie. Dit is net fariseërs en valse diensknegte wat vir ander sware laste oplê en self nie 'n vinger verroer nie.

Die gelowige ampsvervulling vereis ook 'n gesindheid van regverdigheid en gematigheid. As die ampsdraer ongeduldig, driftig en

bitter word verongeluk hy sy ampswerk. Aan die ander kant moet hy hom ook nie wend tot vlyery om die guns van mense te wen nie.

Volhardende ywer

Die ampsdraer mag homself nie spaar in die uitoefening van sy ampswerk nie. Dit word veral verwag in die opsienersamp. "Wie 'n voorganger is, laat hy dit met ywer wees" (Rom 12:8). Hierdie ywer waarmee die diensknegte hulle ampswerk verrig is baie belangrik vir die groei en vooruitgang van die kerk. Die gebrek aan vuur by die ampsdraers is miskien een van die redes vir die sukkelbestaan wat die kerk voer.

Daarom vermaan Paulus ook vir Timoteus "verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie. Wees vlytig in hierdie dinge. Leef daarin sodat jou vooruitgang vir almal duidelik kan wees. Let op jouself en op die leer, volhard daarin want deur dit te doen sal jy jouself red sowel as dié wat jou hoor" (1 Tim 4:14-16). 'n Luie, ongeïnteresseerde en slap gesindheid is hier onverskoonbaar.

Suiwere insig in die taak wat vervul moet word.

'n Duidelike begrip van sy ampswerk is vir die ouderling 'n vanselfsprekende noodsaaklikheid sodat hy sonder aarseling of vrees vir vergissing doelgerig kan optree.

Toerusting vir die ampswerk

Dit is nou reeds duidelik genoeg dat die ampswerk van die ouderling baie belangrik en ook veel omvattend is. En nou sê die formulier: "Om daartoe in staat te wees moet die ouderlinge die Woord van God ywerig ondersoek en hulle gedurig oefen in die bepeinsing van die verborgenhede van die geloof."

Omdat daar op 'n ander plek uitvoerig gehandel sal word oor Bybelstudie en Kerkraadskategese, kan hier volstaan word met 'n paar opmerkings:

Die toerusting vir sy ampswerk ontvang die ouderling in 'n gereelde en volgehoue lewe onder die bediening van die Woord. Hiersonder moet al die verskillende verkondigingsgestaltes verstaan word, naamlik, die prediking in die erediens, die kerkraadskategese, die pastorale gesprek tussen die predikant en die ouderling en die

Bybelstudie. By hierdie geleenthede kan die toerusting en vorming van die ampsdraers uitmuntend behartig word. By kerkraads- en ouderlingevergaderings is daar ook ruim geleentheid vir hierdie doel.

Kontrole vrae

1. Watter eise word daar aan die persoonlike lewe van die ouderling gestel? Dink aan: onberispelikheid, gelowigheid, voorbeeld deur leer en lewe ens.

   .....

2. Ons sê dikwels die ouderling moet saam met die bedienaars van die Woord opsig hou oor die gemeente. Wat beteken dit?

   .....

3. Hoe moet die ouderling se gesindheid teenoor die amp wees?

   .....

4. Die ouderling moet ook oor die predikant opsig hou. Wat beteken dit alles?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die Bybelse eise ten opsigte van die leer en lewe van 'n ampsdraer.
2. Die aard en omvang van die werk van die ouderling.

Die ouderling in die gemeente

Inleiding

Baie van die sake wat in hierdie hoofstuk bespreek word, kom ook ter sprake in ander hoofstukke en moet eintlik daarmee saamgelees word. Hier sal dus net aan die hand van die Kerkwet, die Diensboek en ander geskrifte aan die formele praktiese werksaamhede aandag gegee word.

Lid van die kerkraad

In die kerkwet word die samestelling, arbeidsveld en werkwyse van die kerkraad duidelik uiteengesit. Elke ouderling behoort 'n eksemplaar van die Kerkwet te hê, sodat hy hom ook kan vergewis van sy pligte as lid van die kerkraad.

Dit is belangrik om daarop te let dat die kerkraadsvergadering hom besig hou met die organisatoriese en geestelike belange van die gemeente. Hier moet die regte balans gehandhaaf word. Maar die optrede van die ouderlinge is hier netso belangrik. As mederegeerders saam met die bedienaars van die Woord is hulle nie daar teenwoordig om maar net die gedagtes en besluite van die predikant te sekondeer en te bekragtig nie.

Lid van die gemeentevergadering

Die ouderling is as gemeentelid ook lid van hierdie vergadering. In die vergadering word oor die geestelike en stoflike belange van die gemeente gehandel. Ouderlinge en diakens word hier gekies. Die kerkraad ontvang hier die bekragtiging om te beroep. Hierdie vergadering verleen ook per besluit aan die kerkraad die magtiging om vaste goed te verkry of te vervreem, te verbind en te beswaar.

Verder is dit die taak van die gemeentevergadering om die finansiële verslag van die kerkraad oor die finansies te behandel.

Belangrik is hier dat die ouderling die lidmate sal aanspoor om hierdie vergaderings ook getrou by te woon. Dit wat die lidmate hier moet doen is van wesenlike betekenis en nie blote formaliteite wat afgehandel moet word nie.

Sy kerkbesoek

Dit spreek vanself dat die kerkbesoek van die ouderling getrou moet wees. As voorganger in die gemeente moet hy hier die voorbeeld stel. Die erediens is die geleentheid waar die ontmoeting-in-gesprek plaasvind tussen die Here en Sy gemeente. Dat dit só gesien en só belewe sal word deur die gemeente – daarvoor moet die ouderling ook sorg dra.

Dit is noodsaaklik dat die ouderlinge sal kennis neem van die inhoud van die "Diensboek" van ons kerk wat in 1977 verskyn het. Daar word uitvoerig gehandel oor onder andere die aard en vorm van die Christelike erediens.

Vir die kerkbesoek is ook voorbereiding nodig sodat die saad van die Woord in die prediking op vrugbare grond sal val (Luk 8:4-15). Die hoor van die gepredikte woord is nie 'n passiewe nie, maar 'n aktiewe onderneming wat met nougesette aandag en inspanning gepaard gaan.

Ook die antwoord van die gemeente deur belydenis, gebed en lied binne die erediens, is van die grootste belang. Dit kan nie maar op 'n willekeurige wyse na eie goeddunke geskied nie. Hiervan moet die ouderling kennis dra en hierin moet hy vir die gemeente tot voorbeeld wees.

Oor die konsistoriegebed voor die begin van die erediens word daar verskillend geoordeel. In die meeste gemeentes is dit wel gebruiklik. Daar bestaan wel goeie gronde vir die gebruik. Die konsistoriegebed is die besondere gebed waarin die kerkraad as verantwoordelike liggaam die seën van God afsmeek op die verkondiging wat gaan plaasvind. Die gebed word deur die ouderling gedoen en die Here word gevra om krag aan die leraar te gee sodat die Woord reg verkondig sal word – en om die harte van die gemeente te open sodat hulle die Woord met blydskap sal ontvang!

Opsig by die prediking

Oor die opsig van die ouderling oor die prediking is daar reeds gehandel in die vorige hoofstuk en die saak sal verderaan ook aandag geniet. Hier word alleen gewys op die volgende saak. Die kerkwet bepaal dat by die tekskeuse vir die prediking die dienaars van die Woord rekening moet hou met die kerklike jaar en met die noodsaaklikheid om die Heilige Skrif in al sy volheid aan die gemeente uit te lê.

Die Heidelbergse Kategismus moet ook in volgorde aan die gemeente uitgelê word. Met die geleentheid van die viering van die Heilige Nagmaal moet voorbereidings- en dankseggingsdienste gehou word. Hieraan moet die ouderling die nodige aandag skenk.

Opsig by die Sakramentsbediening

In die formulier vir die bevestiging van ouderlinge word dit duidelik gestel dat dit die taak van die ouderlinge is om soveel moontlik te voorkom dat die sakramente ontheilig word.

Hierdie opdrag word uitgevoer vóór, tydens en na die bediening van die sakramente, naamlik die doop en die nagmaal.

Opsig by die bediening van die doop

Die riglyne vir die uitvoering van die opsigtaak van die ouderlinge in verband met die doop word voldoende uiteengesit in die doopformulier (Diensboek bls. 33 en verder) en die kerkwet. In die Diensboek bladsy 25-27 is daar belangrike aantekeninge oor die doopdiens. 'n Deeglike kennis van hierdie riglyne is onontbeerlik indien die ouderlinge hulle opsigtaak na behore wil uitvoer.

Vir beide die voór- en násorgwerk rondom die doop kan die huisbesoek deur die ouderling nie genoeg beklemtoon word nie. Dit is dikwels moeisame werk wat groot inspanning en opofferings van die ouderling eis. Dit is egter onmoontlik om hierdie opsigtaak uit te voer sonder getroue en volgehoue huisbesoek.

Opsig by die bediening van die nagmaal

Hier is dit baie belangrik dat die ouderlinge die formulier om die nagmaal te hou, noukeurig moet bestudeer (kyk Diensboek bladsy 45-59). Hulle moet ook kennis neem van die aantekeninge in verband met die nagmaalsdiens (Diensboek bl. 27-29). Van die bepalings van die kerkwet in hierdie verband moet ook kennis geneem word.

Die voorleser

Oor die voorleser is daar in die laaste tyd heelwat diskussie gevoer. Die argumente vir en teen die behoud van die voorleser kan nage-

gaan word in die werke van professor P.S. Dreyer, "Brandwagte vir God" en dominee J.J.P. Müller, "Die voorleser in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika." Laasgenoemde het as 'n artikel in die Hervormde Teologiese Studies verskyn (jaargang 19, aflewering III en IV bladsy 81 en verder.)

Die feite van die saak is dat die ouderlinge op die oomblik nog die taak het om by die erediens die lofsang, wet en belydenis voor te lees. Om te verseker dat dit reg en goed gedoen sal word, is dit noodsaaklik om die voorskrifte in die Diensboek bladsye 6 tot 15 te ken.

Leesdiens deur die ouderling

Die kerkwet skryf voor dat by afwesigheid van 'n predikant 'n leesdiens deur 'n ouderling waargeneem kan word. By die geleentheid lees hy 'n preek voor uit 'n preekbundel of publikasie wat deur die kerk vir gebruik goedgekeur is.

Die diens wat deur die ouderling gelei word is 'n erediens in die volle sin van die woord. Al die voorskrifte in verband met die erediens geld ook hier. Vir die orde van die diens kyk bladsy 24 van die Diensboek.

Die eis dat die bedienaar van die Woord nooit die Woord onvoorbereid mag verkondig nie geld ook hier vir die ouderling. Hy moet dus sorg dra dat hy die Skriflesing, gebed en die preek goed ken sodat hy dit reg en sinvol kan voorlees. Hy moet veral onthou dat die erediens die ontmoeting-in-gesprek is tussen die Here en Sy gemeente. Daarom moet die erediens só ingerig word dat die gemeente dit as sodanig sal verstaan en ervaar.

Die ouderling en gemeentelike organisasie

Die kerkwet handel ook oor die arbeidsveld van die kerkraad. Hier kom baie van die werksaamhede wat bloot administratief en organisatories van aard is ter sprake. Dit wil nou nie sê dat dit onbelangrik is nie. Dit is noodsaaklik vir die goeie orde en dissipline in die gemeente. As dit verwaarloos word ontstaan wanorde en chaos wat die groei en die vooruitgang van die gemeente belemmer. Die ouderlinge het nog nie hulle taak in hierdie verband klaar verrig as hulle bepaalde persone vir bepaalde take afgesonder het nie. As lede van die kerkraad bly hulle steeds verantwoordelik om toe te sien dat alle

dienswerk behoorlik gedoen moet word. Daarom is dit so uiters belangrik dat die ouderlinge moet weet wat in die kerkwet staan.

Kontrole vrae

1. Wat is die funksie van die ouderling as lid van die kerkraad en as lid van die gemeentevergadering?

   .....

2. Hoekom behoort elke ouderling 'n Kerkwet te besit?

   .....

3. Waarom is die ouderling se kerkbesoek so belangrik? Dink aan sake soos voorbeeld en opsig.

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die aard en vorm van die Christelike erediens. Raadpleeg die "Diensboek" vir meer inligting.
2. Die voorleser in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Die ouderling en kategese

Aangesien kategese 'n integrale deel van die ouderling se werk is, is dit van die allergrootste belang dat hyself eers 'n baie duidelike beeld sal hê wat kategese is, wat die kerk daarmee be-oog, waaruit die kategetiese stof bestaan, die verband tussen kategese en die ander verkondigingsgestaltes, wie die kategese moet beoefen en hoe die kerk verwag dat dit moet verloop. Met kategese bedoel ons nie net die kerklike onderrig aan die finale jaar katkisante nie, maar die onderrig van die kerk vanaf die sewende jaar totdat die betrokkenes belydenis van geloof doen.

Wat is kategese?

Die beantwoording van hierdie vraag, sal in 'n baie groot mate bepaal wat ons verder oor die kategese gaan sê. 'n Verkeerde opvatting in hierdie verband, lei gewoonlik tot 'n verkeerde toepassing van die kategese in die praktyk. Oor die algemeen bestaan daar baie misverstand in hierdie verband. Die besondere betekenis van die kategese word dikwels nie raakgesien nie. Baie lidmate en selfs baie ampsdraers het nie die vaagste benul waarom dit in die kategese gaan nie. Baie mense neem eenvoudig genoë met die feit dat daar gekatkiseer word, sonder om te vra na die besondere betekenis daarvan. Hulle sê eenvoudig: "Ons het gekatkiseer en daarom moet ons kinders ook katkiseer. Ons het die kerk in die wêreld aangetref as 'n katkiserende kerk en hierdie funksie moet die kerk seker maar altyd behou". Hierdie gesindheid het tot gevolg dat die een geslag na die ander katkiseer sonder dat ooit vir hulle gesê word waarmee hulle eintlik besig is. Baie dink hulle is slegs besig om 'n eeue oue tradisie na te volg. Baie kategete dink hulle is slegs besig om iets te doen wat eenvoudig gedoen moet word. As jy egter besig is met iets, sonder dat jy weet waarmee jy besig is, is jou gesindheid met betrekking tot daardie iets gewoonlik negatief.

Professor J.I. de Wet gee die volgende definisie van kategese: "Die kategese is 'n gestalte van die kerklike verkondiging wat langs die weg van die bybring van feite kennis en verklaring van die betekenis van die feite en van kontrole van die kennis en verstaan van die feite

die volle omvang van die Evangelie in die regte volgorde tot stigting en vermeerdering van die geloof aan die gemeente van Christus wil bedien". Die twee hoof momente wat uit hierdie definisie na vore kom is die volgende:

Kategese is verkondiging en kategese is kontrolering

Ter wille van duidelikheid moet ons egter enkele sake wat in hierdie definisie genoem word, uitlig en verder toelig:

Kategese word bedien met die oog op die stigting en vermeerdering van die geloof van die gemeente

Die gedagte is sterk heersend dat kategese slegs 'n opvoedingsmiddel is, naas al die ander opvoedingsmiddels wat daar in die wêreld bestaan. Dat dit 'n middel is wat die kerk gebruik om minderjarige persone te vorm tot volwassenheid. Dat dit 'n middel is om mense aanpasbaar te maak in die gekompliseerde samelewing waarin ons onsself bevind. Dat dit 'n middel is waarmee aan die opgroeiende geslag vaste beginsels geleer word. Dat dit 'n middel is waarmee die kerk nie-belydende lidmate maak tot belydendes.

Kategese is egter veel meer as dit. Kategese is net soos die prediking en die pastoraat 'n verkondingsgestalte van die kerk. Dit beteken die kategese is 'n middel wat God self wil gebruik met die oog op mense se geloof in Jesus Christus. Langs die weg van die kategese wil die kerk mense bring tot die waaragtige geloof in Jesus Christus. Die kategese word met ander woorde bedien met die oog op mense se saligheid. In die kategese gaan dit altyd in die eerste plek om die geloof in Jesus Christus. So word dit vir ons duidelik dat kategese veel meer is as opvoeding in die alledaagse sin van die woord. Opvoeding in algemene sin kan geskied sonder dat dit Jesus Christus tot inhoud het. (Dink byvoorbeeld aan die opvoeding van Joodse kinders). Kategese sonder Jesus Christus as sentrale inhoud, is onmoontlik. Kategese is meer as gewone onderrig. Kategese is heilige onderrig.

Kategese is 'n gestalte van die kerklike verkondiging

Net soos die prediking, die huisbesoek en die evangelisasie is die kategese 'n gestalte van die kerklike verkondiging. Net soos hierdie

ander gestaltes wil die kategese mense bring tot en bewaar in die geloof.

Dit is daarom nie belangriker nie, maar ook nie minder belangrik as die ander verkondigingsgestaltes van die kerk nie. Die basiese verskil tussen die kategese en die ander verkondigingsgestaltes van die kerk is die besondere wyse waarop dit bedien word. Dit is 'n selfstandige verkondigingsgestalte van die kerk wat altyd in die nouste samehang met die ander verkondigingsgestaltes bedien word.

Kategese is die bybring van feite kennis en verklaring van die betekenis van die feite

Kategese bestaan formeel uit vertelling en verklaring van die Bybel met betrekking tot Jesus Christus se persoon, woord en werk. In die kategese soos ons gesê het, gaan dit om die geloof in Jesus Christus. Miskien moet ons dit breër stel: geloof in die drie-enige God. Geloof in God, is soos die Heidelbergse Kategismus ons leer: Kennis van God soos Hy Homself in Sy Woord aan ons bekend gemaak het en vertroue in hierdie God. Sonder uiteindelike vertroue is die kennis tevergeefs.

Kennis is absoluut noodsaaklik en daarom is dit nodig dat elke kategeet daadwerklik moet toesien dat die katiksant die Woord van God ken. Hierdie kennis is egter veel meer as gewone alledaagse wetenskaplike kennis. Van alledaagse wetenskaplike feite neem ons kennis, sonder dat dit daadwerklik ons lewens verander. Nadat ons daarvan kennis geneem het, kan ons sê, maar wat daarvan. Die Bybelse waarheid is anders. Dit is 'n waarheid wat my persoonlik raak. Dit is die waarheid wat ook plaasgevind het ter wille van my. Hierdie waarheid wil beslag op my lewe lê. Dit wil my lewe omvorm. Dit wil deur die werking van die Heilige Gees my bring tot die sekerheid, die geloof, die oortuiging, die vertroue dat dit wat in die Woord staan my persoonlik raak. Dit wil my bring tot die belydenis dat God ook my God en Vader is; dat Jesus Christus ook my enigste Verlosser en Saligmaker is; dat die Heilige Gees ook my enigste trooster en leidsman is; dat ek geheel en al aan hierdie drie-enige God behoort. Aan Hom moet ek met woord en daad, ja met my hele lewe, gehoorsaam wees.

Kategese is die kontrolering van die kennis en verstaan van die feite

Nadat die Bybelse feite deur die kategeet vertel en verklaar is en die katkisant dit geleer het, moet op een of ander wyse gekontroleer word of die katkisant die feite en die betekenis daarvan ken en verstaan. Onder "ken en verstaan" bedoel ons wat ons in die vorige paragraaf gesê het.

Die kategese moet die volle omvang van die Bybel in die regte volgorde bedien

Kategese is onderrig in die hele openbaring van God wat aan ons bekend is. Die katkisant moet die hele Bybel ken. Die hele Bybel moet aan hom verklaar word voordat hy belydenis van geloof kan doen.

Die doel van die kategese

Ons het reeds indirek gehandel oor die doel van de kategese. Ons het die doel beskryf as die bring tot en die bewaar in die geloof in die drie-enige God. Hierdie sentrale doel van die kategese word deur die bepalings van die kerkwet verder uitgewerk. Die kerkwet bepaal die volgende in hierdie verband.

"Die doel van die kategese is om die jeug van die kerk, en diegene wat in die kerk opgeneem word, te onderrig in die leer van die kerk en betekenis van lidmaatskap, hulle voor te berei uit deelname aan die Sakramente en aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen, en die kerk in die besonder."

Die kategese wil die katkisant onderrig aangaande die leer van die kerk:

Hierdie werk doen die kerk in opdrag van die Heer van die kerk: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels. Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28:19). Aangesien die Heilige Gees met die Skrif as instrument die mense wil lei en bewaar in die geloof, is hierdie leer noodsaaklik.

"Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleinsaf, die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot die saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (2 Tim 3:15 en 16). As die geloof uit die gehoor van

die Woord is, is hierdie onderrig in die Woord noodsaaklik. Hierdie opdrag om die kinders te onderrig in die leer van die kerk het die ouers en die kerk reeds ontvang toe die katkisant gedoop is. Tydens die doop is reeds die belofte afgelê om hierdie kinders te onderrig en te laat onderrig in hierdie leer. Die leer waarvan tydens die doop sprake is, is die leer van die kerk. Uit die doopvrae kan ons aflei wat hierdie leer is. Hierdie leer is die leer wat vervat is in die Ou en die Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof. Hierdie leer is die leer soos dit opgeteken is in die Bybel en kort saamgevat is in die kerk se belydenisskrifte.

Met die kategese wil die kerk die kinders onderrig aangaande hulle doop:

Die doop het lewenslange betekenis vir die dopeling. Die doop bied oneindige troos maar bring ook onmeetlike verantwoordelikheid mee. Deur die werking van die Heilige Gees versterk die doop jou geloof van dag tot dag. Dit is daarom van die allergrootste belang dat die dopeling die inhoud, die sin en die betekenis van sy doop sal verstaan. Die katkisant is gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. In kort beteken dit: die katkisant het die sigbare teken en bewys ontvang dat Jesus Christus vir hom gesterf het, dat in en deur Jesus Christus God ook sy Vader is, dat die Heilige Gees ook in hom wil woon en werk. Hierdie sigbare handeling wat eenmaal vér in die verlede oor die katkisant voltrek is, wil hom sy hele lewe lank vertroos.

Watter groter troos is daar as om elke dag te onthou dat ek gedoop is. Ek het die sigbare bewys ontvang dat Jesus Christus my skoon gewas het van al my sonde, dat God my Vader is, dat God met Sy Gees in my wil woon en werk. Hierdie troos kan eers die dopeling se deel wees as hy die inhoud van sy doop ken. Die doop bring egter nie net troos nie, dit bring ook verantwoordelikheid. Ek is gedoop – ek het die sigbare bewys ontvang dat God my Vader is en ek Sy kind. Ek behoort aan Hom. En omdat ek aan Hom behoort daarom is ek geroepe om te leef en te handel soos iemand wat waarlik aan Hom behoort. Ek is geroepe om te leef en te handel ooreenkomstig Sy Woord. Ek is gedoop – ek het die sigbare bewys ontvang dat God met Sy Gees in my wil woon en werk. Hierdie Gees lei die mens deur middel van God se Woord. God se Woord moet in die middelpunt van my lewe staan. Ek moet dit daagliks lees en ondersoek. Ek moet

gedurende elke erediens daarna luister. Wie sal hierdie besondere troos beleef en hierdie verhewe verantwoordelikheid van sy doop uitleef as hy self nie die inhoud daarvan verneem het nie, as hy nie daarin gekatkiseer is nie?

Met die kategese wil die kerk die katkisante voorberei vir die deelname aan die nagmaal

Die nagmaal kan alleen in die geloof ontvang word. Christus het die nagmaal nie vir alle mense ingestel nie, maar alleen vir die gelowiges. Die geloof is egter nie 'n vae onbeduidende gevoel dat daar iemand bestaan wat in mag of krag meer as ek is nie. Geloof is 'n sekere, 'n vaste kennis van God soos Hy Homself aan ons bekend gemaak het en 'n hartlike vertroue dat al my sondes deur Jesus Christus vergewe is. Met kategese wil die kerk die katkisante onderrig sodat hulle die drie-enige God sal ken, sodat hulle in Hom sal glo, sodat hulle deel sal wees van die gelowiges vir wie Christus die nagmaal ingestel het. God wil dat elkeen wat gedoop is ook by die nagmaal sal uitkom. Deur die doop het God hom in Sy kerk ingelyf, met die nagmaal wil Hy hom verder versorg. God wil verder hê dat elkeen wat gedoop is ook eendag weer sy kinders sal laat doop want God se beloftes is vir ons en vir ons kinders.

Met die kategese wil die kerk die katkisant voorberei vir aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder

God het in Jesus Christus alles vir ons gegee maar Hy vra ook dat ons uit dankbaarheid al ons kragte en vermoëns aan Hom en Sy diens sal wy. In die koninkryk van God is daar nie plek vir toeskouers nie. Elke gelowige het in die koninkryk van God 'n taak en 'n roeping om te vervul. Wat hierdie taak en roeping is moet vir die katkisante geleer word. Gebeur dit in ons gemeentes? Gebeur dit nie eerder dat ons vaag en onbeduidend vir die katkisante sê hulle het 'n taak in die wêreld en in die kerk, maar dat ons nooit hierdie taak nader omskryf nie? Hoe kan ons verwag dat die katkisant later 'n meelewende lidmaat moet wees as ons nooit vir hom gesê het wat dit presies inhou nie.

Met die kategese wil die kerk die katkisante onderrig met die oog op belydenis van geloof

Kategese wil altyd lei tot belydenis van geloof in die openbaar.

As ons onderrig is in die Woord van God, as ons die God van die Woord ken en in Hom glo dan moet ons ook ons geloof bely. Hierdie belydenis moet nie net eenmaal plaasvind nie. Dit moet elke Sondag in die erediens opnuut weerklink. Dit moet elke dag deur ons woorde en dade uitgeleef word.

Dit is van die allergrootste belang dat elke kategeet die doel van die kategese ken. Dit is ook van die allergrootste belang dat elke katkisant presies sal weet waarom hy katkiseer. Dit sal goed wees as aan die begin van elke jaar die eerste klas aan hierdie onderwerp spandeer word.

Die stof van die kategese

Die kerkwet bepaal dat die kategese tot doel het om die jeug van die kerk en hulle wat tot die kerk wil toetree te onderrig aangaande die leer van die kerk en die betekenis van hulle dooplidmaatskap van die kerk waarin hulle opgeneem is deur die doop, om hulle voor te berei vir die deelname aan die heilige sakramente en vir die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder.

Die Bybel

Met sy kategese wil die kerk die katkisant onderrig in die leer van die kerk. Wat is die leer van die kerk? Kernagtig saamgevat kan ons sê die leer van die kerk is: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin". (Hand 16:31). Met al sy werk wil die kerk langs die weg van die verkondiging mense lei tot die geloof in Jesus Christus en hulle in hierdie geloof bewaar. Die geloof in Jesus Christus is egter nie sondermeer 'n menslike moontlikheid nie. Die geloof is alleen moontlik deur die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees werk die geloof egter nie op enige willekeurige wyse nie. Die Heilige Gees bind Homself aan die Woord van God, die Bybel. Die Bybel is die instrument, die gereedskap in die hand van die Heilige Gees. "Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is uit die

Woord van God". (Rom 10:17). Deur middel van die Bybel, en in die besonder die verkondiging van die Bybel wil die Heilige Gees die katkisant bring tot die vaste oortuiging dat Jesus Christus sy enigste verlosser en saligmaker is. Die Geloofsleer vra die vraag: Wat is geloof? Hy antwoord: Geloof is kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord. Ons ken God nie sondermeer uit onsself nie. Ons ken God alleen omdat Hy Homself aan ons bekend gemaak het in Jesus Christus. Hierdie bekendmaking is vir ons opgeteken in die Bybel.

Met die kategese wil die kerk die katkisant lei van die doop na die belydenis van die geloof en die nagmaal. Al drie, naamlik doop, belydenis en nagmaal vind alleen plaas omdat die Bybel so sê. Al drie kan ook alleen reg plaasvind as die inhoud daarvan Bybels gefundeer is.

Tydens die kategese moet die kategeet vir die katkisant sê: Jy is gedoop – Jy het die sigbare teken ontvang dat God jou Vader is, dat Jesus Christus vir al jou sonde gesterf het, dat die Heilige Gees aan jou gegee is. Hierdie waarheid moet jy glo, jy moet dit bely en jou geloof daarin moet voortdurend versterk word. Die waarheid van die doop, die belydenis en die nagmaal is dit wat in die Bybel staan.

Met die kategese wil die kerk die katkisante voorberei vir die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder. Die kerk wil die katkisant se geloof so opbou dat sy geloof lewende geloof sal wees. Dit moet geloof wees wat oorvloedig is aan goeie werke. Goeie werke is alleen werke wat gedoen word uit geloof soos God wil hê jy moet dit doen. Die wil van God bepaal of 'n werk goed is of nie. Ons leer die wil van God net op een plek ken en dit is die Bybel.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat kategese net soos al die ander verkondigingsgestaltes net een vertrekpunt het en dit is die Bybel. Geen ander bron mag hierdie primêre bron vervang nie. Tydens ons kategese gebeur dit dikwels dat die handboeke, wat slegs 'n hulpmiddel is, die Bybel heeltemal vervang. Die Bybel as primêre bron word dikwels so verwaarloos dat baie kinders nie eers meer besef dat hulle tydens kategese besig is om aangaande God te leer soos die Bybel van Hom getuig nie.

Nie net enkele hoofpunte van die Bybel is die openbaring van God nie, maar die hele Bybel. "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging tot teregwysing in die geregtig-

heid". (2 Tim 3:16). Dit is die wil van God dat Sy heilsplan in sy volle omvang aan die gemeente verkondig moet word. (Hand 20:27). Tydens die kategese mag nie net enkele grepe of hoofpunte verkondig word nie, maar die hele Bybel. As die katkisant uiteindelik belydenis van geloof doen, moet die katkisant sover as menslik moontlik, die inhoud ken.

Deur die werking van die Heilige Gees is die Bybel die Woord van God. Hierdie Woord is egter deur mense geskryf wat gedryf is deur die Heilige Gees.

Hierdie mense het elkeen sy eie persoonlikheid gehad, het geleef in 'n bepaalde tyd en het met 'n bepaalde doel geskryf. Vir die regte verstaan van die Bybel is dit nodig dat die katkisant die bepaalde Bybelhoofstukke in hulle verband sal ken en ook die bepaalde agtergrond van elke Bybelboek.

Die Geloofsleer

Die primêre bron vir die kategese is die Bybel. Ons moet die Bybel verstaan ooreenkomstig sy eie aard en sy eie bedoeling. Die kerk moet die Bybel reg verkondig en die katkisant moet die Bybel reg verstaan. Die boodskap van die Bybel moet die katkisant nie vir homself hou nie, maar uitdra aan ander. Die katkisant is geroepe om die waarheid van die Bybel ook altyd te beskerm teen aanvallers wat die Bybel verdraai en mense weglok van die regte leer. Van die vroegste tyd af het die kerk besef dat daar 'n behoefte bestaan vir 'n kort samevatting van die Bybel met die oog op die regte verkondiging, die regte belydenis en die beskerming teen valse leraars. Dit het gelei tot die opstel van die kerk se belydenisskrifte. Aanvanklik het die kerk net drie kort belydenisse gehad naamlik: die Apostoliese geloofsbelydenis (12 artikels), die Nicense belydenis en die Athanasiaanse belydenis. Tydens die Kerkhervorming het die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls bygekom. Ons kerk het 'n bepaalde standpunt met betrekking tot die belydenisskrifte. Ons glo dat die belydenisskrifte se boodskap ooreenstem met dié van die Bybel. In dieselfde asem sê ons dat die belydenisskrifte nie absolute gesag het soos die Bybel nie. Dit beteken as die kerk een of ander tyd sou vind dat 'n bepaalde deel van die belydenis nie ooreenstem met die Bybel nie, dit dan verander kan word.

Gedurende die Kerkhervorming is die Heidelbergse Kategismus

naas die Bybel gebruik as katkisasieboek. Die Heidelbergse kategismus is later vervang met die Kort Begrip en later in ons kerk met die Geloofsleer.

Met die behandeling van die Geloofsleer moet onthou word dat die vrae en die antwoorde nie uit die lug gegryp is nie. Dit is vrae en antwoorde wat gegrond is op die Bybel. Dit moet daarom so behandel word dat die Bybel self aan die woord kom. Op grond hiervan is dit van die allergrootste belang dat besondere aandag aan die tekse gegee sal word, wat by die vrae en antwoorde staan. Aangesien ons Geloofsleer sterk steun op die kerk se belydenisskrifte is dit nodig dat al hierdie belydenisskrifte besondere aandag tydens die behandeling sal kry. Die behandeling mag nooit so wees dat dit vir die katkisant net 'n stuk droë leer is, soos dikwels gesê word nie. Die verkondiging van die kerk wil nie in die lug bly hang nie, dit wil die mens aanspreek in sy konkrete situasie. Dit bring mee dat die Geloofsleer so behandel moet word dat dit vir die katkisant ook betekenis het vir sy lewe hier en nou.

Die vraag word dikwels gevra: is dit nodig dat die katkisante die vrae en antwoorde en tekste uit hulle kop hoef te ken. In 'n samelewing waar ons voortdurend gekonfronteer word met sektariese aanvalle is dit van die allergrootste belang. Elkeen wat die vrae en antwoorde tydens katkisasie uit die kop geleer het, sal vir jou sê dat hy nog altyd 'n antwoord gehad het as die sektariërs hom op 'n dwaalweg wou bring. Om net die vrae, antwoorde en tekste uit die kop te ken is egter nie voldoende nie. Die katkisant moet begryp wat die betekenis van daardie besondere vraag en teks is.

Die sedeleer

In een asem sê die kerkwet dat die katkisante naas die geloofsleer ook onderrig moet word in die sedeleer. Die sedeleer is 'n integrale deel van die geloofsleer. Die sedeleer handel oor die gebooie en voorskrifte wat die gelowige uit dankbaarheid moet gehoorsaam. Geloof sonder werke is dooie geloof (Jak 2:14-26). Die kerk beskou geloof en goeie werke nie as twee aparte sake nie. Geloof en werke is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. As die geloof waaragtig is, vloei uit daardie geloof outomaties die goeie werke voort. Om hierdie eenheid tussen geloof en werke te beklemtoon, behandel die kerk geloofsleer en sedeleer saam. Die kategeet moet egter toesien dat hy die geloofsleer deurtrek na die sedeleer.

Die bepaalde lewe wat die gelowige behoort te leef op grond van sy geloof in Jesus Christus moet tot in die fynste besonderhede bespreek word. Die meedeling van 'n paar algemene waarhede in hierdie verband is nie genoeg nie.

Die Kerkboek

Die kerkwet maak melding van die feit dat die katkisante ook in die "Kerkboek" onderrig moet word. Die Kerkboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bestaan uit:

- Die Belydenisskrifte
- Die Liturgiese geskrifte wat in die besonder die gemeente se erediens beskryf.
- Die Psalm- en Gesangeboek.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis word wel behandel in ons huidige Geloofsleerboek maar nie die ander twee ekumeniese simbole, die geloofsbelydenis genoem na Athanasius en die geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel nie. Dit is seker nie nodig om hierdie twee belydennisse apart te behandel nie, maar om wel met die behandeling van die Apostoliese geloofsbelydenis die stof so deur te trek dat dit die ander twee ook sal dek. Die behandeling van die formuliere vra wel besondere aandag tydens die kategese. Dit bied besondere geleentheid om te handel oor die sake wat in die geloofsleer nie in die besonder aan die orde kom nie.

Aangesien die erediens die sentrale deel van elke gelowige se lewe behoort te wees, moet dit behandel word. Die behandeling van die kerkwet is absoluut noodsaaklik. Die katkisant moet na belydenis van geloof, sy geloof gaan uitleef in 'n bepaalde kerk en 'n bepaalde gemeente. Hoe kan hy dit doen as hy nie daardie bepaalde kerk se bepalings ken nie.

Die Kerkgeskiedenis

Die kerk bestaan en funksioneer in die tyd. Die kerk het 'n verlede en 'n toekoms. Die verlede van die kerk loop vanaf Adam en Eva in die paradys tot op die hede. Die toekoms van die kerk loop tot by die wederkoms van Christus. Die verlede is verby. Die toekoms moet nog geleef en beleef word. Die verlede het besondere hoogtepunte en

laagtepunte gehad. Die gebeure van die verlede het daartoe meegewerk dat die kerk in die hede juis op 'n bepaalde wyse funksioneer.

Hy wat wil weet waarom dit juis so is moet die geskiedenis ken. So kan byvoorbeeld niemand wat die geskiedenis nie ken nie, sê waarom daar vandag 'n Hervormde Kerk is nie. As iemand nie die geskiedenis ken nie, weet hy nie waarom daar vandag drie Afrikaanse kerke in Suid-Afrika is nie. Die geskiedenis leer ons nie alleen om die verlede en die hede beter te verstaan nie, maar ook om op verantwoordelike wyse in die hede te leef en te handel. As ons die geskiedenis van die kerk ken, kan ons die slegte van die verlede nalaat en alleen voortbou op die goeie en die sinvolle van die verlede. Met die behandeling van die kerkgeskiedenis behoort daar ook besondere aandag aan die sektariese strominge gegee te word.

Die Psalms en Gesange

Die Kerkwet eis ook dat die katkisante kennis sal hê van die Psalms en die Gesange en dat hulle ook sal oefen om dit te sing. Die kerklied het van die vroegste tyd af 'n integrale deel van elke gelowige se lewe uitgemaak. Die Godsvolk van die Ou Testament was 'n singende volk.

Die gemeente van die Nuwe Testament was ook nog nooit sonder sy sang nie. Die sang is 'n deel van die antwoord wat die gemeente gee op die Woord van God. God spreek tot die mens deur Sy Woord. Die mens antwoord op hierdie Woord ook met sy sang. Hierdie antwoord van die gemeente kan nie enige willekeurige antwoord wees nie. Hierdie antwoord van die gemeente moet ooreenstem met sy geloof wat gebasseer is op die Woord van God. Die kerk wil met sy bepaalde Psalms en Gesange uitdrukking gee aan sy geloof. Hiervan leer hy in die Bybel en die belydenisskrifte. Om spontaan te kan antwoord op die Woord van God is dit noodsaaklik dat ons tydens die kategese besondere aandag moet gee aan die Psalms en Gesange. In hierdie verband is dit nodig om nie alleen te leer om die Psalms en Gesange te sing nie, maar ook om te weet wat hulle inhoud is.

Aangesien die ouers net so swak sing soos die kinders is dit miskien goed as die gemeente as geheel aandag aan hierdie saak gee. Dit kan miskien goed wees as ouers en kinders Sondagoggende net na die erediens en net voor die kategese eers vir 'n paar minute saam sing.

Kategese en prediking

Daar bestaan 'n besondere verband tussen kategese en prediking. Wanneer ons hierdie saak behandel wil ons dit 'n bietjie breër doen deur die verband tussen kategese en erediens aan te dui.

Vroër jare het die werk van die kerk 'n bepaalde patroon gevolg as gevolg van bepaalde omstandighede. Ons kerk het bestaan uit 'n paar gemeentes wat ver van mekaar verwyder was. Vervoermiddels was baie karig. Die kerk het ook net 'n paar predikante gehad. Hierdie hele situasie het daartoe gelei dat daar in elke gemeente net gedurende nagmaalnaweek 'n paar eredienste gehou is. Die kinders is hoofsaaklik gekatkiseer deur die ouers en 'n ouderling wat die bepaalde omgewing se kinders op Sondae laat bymekaar kom het. Veertien dae voordat die kinders belydenis van geloof gedoen het, is hulle by die kerk deur die predikant gekatkiseer. Noukeurige navraag het aan die lig gebring dat die eredienste min in getal was maar dat die kinders al die eredienste moes bywoon.

Met die verloop van jare het die situasie verander. Gemeentes het vermeerder, die predikantetal het toegeneem en vervoermiddels het verbeter. Dit het moontlik geword dat daar gereeld elke Sondag in feitlik elke dorp 'n erediens gehou is. Die grootste gedeelte van die kerk se lidmate kon sonder enige moeite by die erediens kom. Indien die situasie van weleer nog sou voortduur moet die kerklike praktyk met betrekking tot die kerk se kinders soos volg wees:

Ouers en ouderlinge of lidmate katkiseer die kinders en die kinders kom dan elke Sondag in die kerk. Die praktyk het egter in 'n ander rigting ontwikkel.

Die kinders is wel nog gekatkiseer, maar in plaas van elke Sondag het hulle feitlik nooit in die kerk gekom nie. Baie lidmate en selfs ampsdraers het gedink dat die "Sondagskool" die erediens ten volle vervang. Die kerk se kinders het in die "Sondagskool" en nie in die kerk groot geword nie. Kategese was vir hulle presies dieselfde as skool, dit het net op Sondag plaasgevind. Die kind is gebind aan 'n Sondagskool en nie aan die kerk nie. Baie het belydenis van geloof ook die boerematriek genoem. Op 'n bepaalde tyd in sy lewe is die kind klaar met die skool op Sondag, hy het sy boerematriek verwerf. In die praktyk is dit so dat wanneer jy klaar is met die skool, breek jy alle bande met die skool. Op kerklike vlak het dit gebeur dat wanneer die kind belydenis van geloof gedoen het, het hy ook verdwyn uit die kerk. Die kerk het vir hom geword tot iets wat jy gebruik

wanneer jy wil trou, doop en begrawe moet word. Die kind is nie van kleinsaf gebind aan die kerk met sy kern, die erediens nie.

Op 'n bepaalde stadium het die kerk besef dat dit van die allergrootste belang is dat die eenheid tussen kategese en prediking gehandhaaf moet word, dat dit van die allergrootste belang is dat die kinders gereeld saam met hulle ouers die erediens moet bywoon.

Hierdie standpunt om ouers en kinders saam in die erediens te betrek rus op sterk Bybelse en reformatoriese gronde:

Beide in die Ou en Nuwe Testament is die huisgesin gesien as 'n eenheid.

Die verkondiging soos ons dit in die Bybel aantref is gerig tot die hele huisgesin.

Die predikant as primêre kategeet het tydens die reformasie (kerkhervorming) sy kategese hoofsaaklik tydens die erediens bedien. Veral die erediens in die middag is in die besonder aan hierdie saak gewy.

Kategese en Pastoraat (huisbesoek)

Pastoraat is die verkondiging van die evangelie in die vorm van 'n gesprek aan die enkeling of die huisgesin in die konkrete situasie waarin hy hom bevind. Aangesien die katkisant 'n onlosmaaklike deel van die huisgesin is, 'n individu in die volle sin van die woord, 'n lidmaat van die kerk kragtens sy doop, is hy ook sonder enige twyfel objek van die pastoraat. In die verlede het dit dikwels gebeur dat die kerk in sy pastorale bemoeienisse die kinders verbygegaan het. Geen besondere moeite is gedoen om die kinders van die gemeente ook by hierdie gesprek te betrek nie.

Die kerk se pastorale bemoeienisse met sy katkisante behoort op verskillende vlakke na vore te kom. Tydens die huisbesoek behoort die pastorale gesprek sodanig te wees dat hierdie vorm van verkondiging tegelyk ook 'n lerende element sal dra. Al prekende behoort kinders en ouers op hierdie wyse onderrig te word. Tydens die huisbesoek behoort die stadium aan te breek waartydens daar in die besonder gepraat word oor die kategese en die ouers en die kinders se verantwoordelikheid in hierdie verband. Tydens die kategese by die kerk behoort die pastorale element nooit te ontbreek nie. Dit sal baie goed wees as die kategeet self van tyd tot tyd met elkeen van die katkisante 'n pastorale gesprek kan voer.

Kategese en sending

Evangelisasie is die verkondiging van die Woord aan hulle wat nog nooit vantevore geglo het nie. Aangesien ons hier hoofsaaklik handel oor die kategese van gedoopte, dit wil sê reeds gelowige lidmate, sal ons volstaan met 'n enkele opmerking. Dit is van die allergrootste belang dat ons sal besef dat die kerk en elke gelowige net so 'n groot taak het ten opsigte van hulle wat nie glo nie as ten opsigte van hulle wat reeds glo. Dit bring noodwendig mee dat die kategese altyd sodanig moet wees dat die katkisant terdeë sal besef dat die kerk en hyself 'n besondere taak en roeping het ten opsigte van hulle wat nie glo nie.

Kategese en sakramente

Ons het reeds in hooftrekke oor hierdie saak gehandel. Die doop en die nagmaal is twee van die hoofsake wat die kategese noodsaaklik maak. Die kategese lei eintlik van die doop na die nagmaal. Deur die doop is die kind "gemerk" as besondere objek van die kerk se verkondiging en daarom is dit eintlik vanselfsprekend dat die gedoopte gekatkiseer moet word. Deur die doop is die besondere genade van die drie-enige God aan die dopeling sigbaar bevestig. Tydens die doop het dit hoorbaar maar in die besonder sigbaar weerklink: Jy as gedoopte is die eiendom van God die Vader, jy is duur gekoop met die bloed van Christus, die Heilige Gees is ook aan jou gegee. Hierdie waarheid hou vir die dopeling besondere troos en verantwoordelikheid in. Hierdie troos sal die dopeling eers raak, hierdie verantwoordelikheid hom eers aanspreek as hy dit ken, as hy daarin gekatkiseer is.

Die doop kan beskryf word as die sakrament van sigbare inlywing in die koninkryk van God. Die nagmaal aan die anderkant kan beskryf word as die sakrament van sigbare voortgaande versorging. Dit kan vergelyk word met 'n boom wat geplant word en verder versorg word. Die proses van plant word afgebeeld met die doop en die proses van verdere versorging met die nagmaal. Uit die instellingswoorde van die nagmaal is dit duidelik dat die nagmaal bewustelik ontvang moet word. Die liggaam van die Here moet onderskei word (1 Kor 11:29). Die deelnemer aan die nagmaal moet besef waarom dit gaan en hy moet glo dat Jesus Christus sy enigste verlosser en saligmaker is. Dit is alleen moontlik as die betrokkene hierdie waarheid

ken, as hy daarin gekatkiseer is. Hierdie besondere verband tussen kategese en sakramente moet voortdurend aan die katkisante voorgehou word.

Wie moet die kategese behartig

Kategese is nie 'n saak wat beperk is tot Sondae 'n halfuur na die erediens nie. Kategese is 'n saak wat oor die hele linie van 'n mens se bestaan gaan – dit begin by jou geboorte en dit eindig by jou dood. Die kern van die kategese is Sondag in die erediens en die tyd wat na die erediens gevul word. Vanaf Sondag loop dit oor elke uur van die week totdat dit die volgende Sondag weer by die amptelike kategese uitkom. Dit loop vanaf die amptelike bedienaar van die Woord tot by elke gelowige wat op 'n besondere wyse met die katkisante te doen kry.

Ons moet egter wanneer ons ons kinders katkiseer steeds onthou, ons kan alleen maar plant en natmaak, dit is God self wat laat groei. Ons Geloofsleerboekie leer ons mos dat God die Heilige Gees, die geloof in ons werk (vraag en antwoord 58). Eers nadat die Heilige Gees uitgestort is, het mense se oë, hulle harte, hulle lewens oopgegaan vir die waarheid van Jesus Christus (Hand 2). Jesus het vir Sy apostels gesê dat die dinge wat op Hom betrekking het, nie nou deur hulle "begryp" kan word nie. Hulle sal eers in die hele waarheid gelei word, nadat die Heilige Gees gekom het (Joh 16:12-15). "Gehoorsaamheid aan Christus is alleen moontlik deur die heiliging van die Gees" (1 Pet 1:2). Sonder die werking van die Heilige Gees is alle kategese tevergeefs. Die vrugte op die kategese word alleen gegee deur die Heilige Gees.

Hierdie feit dat die Heilige Gees die belangrikste Persoon by die kategese is, is van die allergrootste belang. Dit bring mee dat geen kategese bedien kan word sonder die leiding van die Heilige Gees nie. Alle kategese se begin, voortgang en einde sal in die Naam van God moet geskied. Die gebed om die verligting deur die Heilige Gees, sal 'n belangrike deel van die kategese moet wees. Elke kategeet sal voortdurend moet bid dat die Heilige Gees die bekwaamheid aan hom moet gee om te onderrig en aan die katkisant om te verstaan, meer nog, om te glo.

Die feit dat die Heilige Gees so belangrik is beteken nie dat alle verantwoordelikheid van die kategeet en die katkisant nou opgehef

is nie. God se genade en menslike verantwoordelikheid sluit mekaar nie uit nie.

Die leiding van die Heilige Gees beteken nie dat die kategeet nie meer hoef voor te berei vir Sondag se klas nie. Dit beteken nie dat die kategeet onvoorbereid kan gaan en redeneer dat die Heilige Gees tog die regte Woord in sy mond sal plaas nie. Dit beteken ook nie dat die katkisant niks meer hoef te leer nie. Eers as beide kategeet en katkisant hulle talente na die beste van hulle vermoë gebruik het, kan hulle leef in die hoop en die verwagting dat die Heilige Gees Sy seën sal gebied. Paulus sê in 1 Korintiërs 3 dat God laat groei het, maar tegelyk sê hy dat hy en Apollos geplant en natgemaak het.

Die Heilige Gees gee die geloof. Die Heilige Gees doen dit egter op Sy eie besondere wyse. Die Heilige Gees gebruik die Woord van God, die Bybel. Die Bybel is as te ware die gereedskap in die hand van die Heilige Gees. Woord en Gees mag nie van mekaar geskei word nie. Dit is 'n heilige erns by ons dat die Woord en die Woord alleen verkondig moet word tydens die erediens. Hierdie selfde erns behoort ook te bestaan ten opsigte van die kategese.

Gebeur dit nie dikwels dat die Woord vir iets anders verruil word tydens ons katkisasie-klasse nie? Is dit nie hier waar juis dikwels die mooi storietjies vertel word nie? Is dit nie hier waar persoonlike ervarings in oorvloed meegedeel word nie? Eers as die kategeet die Woord in die middelpunt geplaas het, kan hy of sy leef in die hoop en die verwagting dat die Heilige Gees die geloof sal gee en versterk.

Die besef dat die Heilige Gees self die vrugte bewerk, bewaar die kategeet van moedeloosheid. Hy besef as hy sy bes gedoen het en daar is geen vrugte nie, kan hy aan die saak niks aan of af doen nie. Hy moet alleen maar met groter ywer sy werk doen en bly wees dat God hom wil gebruik om dit te doen.

Die ouers se plig

Die Heilige Gees werk ook by die kategese. Die Heilige Gees werk egter op 'n besondere wyse. Hy maak van mense gebruik. Die besondere instrumente wat die Heilige Gees tydens die kategese wil gebruik is die ouers en die kerk.

Kinders is 'n gawe van God. God gee gawes aan mense sodat hulle hierdie gawes sal gebruik tot eer van Sy Naam. Reeds tydens ons huweliksbevestiging het ons gehoor "die menslike geslag moet deur die huwelik gebou word, ouers moet die kinders, wat hulle van die

Here ontvang, in die ware kennis en die vrese van God opvoed, tot Sy eer en tot hulle saligheid". Hiermee word nie bedoel dat ons met die opvoeding van ons kinders die saligheid vir onsself verdien nie, maar dat God ons as ouers wil gebruik om Jesus Christus aan ons kinders te verkondig. Deur Hom ontvang hulle die saligheid. Met ander woorde God gebruik ons as ouers as instrumente om die saligheid aan ons kinders te gee.

Die kinders wat aan twee ouers toevertrou is, is een of ander tyd deur hulle laat doop.

By daardie besondere geleentheid het die ouers gehoor dat hierdie kind van hulle aan die Here behoort, dat hy duurgekoop is met die bloed van Christus, dat die Heilige Gees ook op 'n besondere wyse aan hom gegee is en in hom woon en werk. Tydens die doop het die ouers ook 'n besondere belofte afgelê. "Beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind, in hierdie leer na u vermoë te onderrig in die Woord van God." Hierdie is nie 'n belofte wat voor mense afgelê is nie maar voor God. Beloftes wat ons teenoor die Here aflê mag nie verbreek word nie. Een of ander tyd sal ons voor die aangesig van God in hierdie verband verantwoording moet doen. Wanneer dit sal plaasvind weet ons nie en daarom moet ons as ouers elke dag ons doopbelofte nakom. Die doopbelofte geld beide vader en moeder. Die Here het die kind aan beide ouers toevertrou en beide het ook die doopbelofte afgelê. Die een ouer kan daarom nie sondermeer al die verantwoordelikheid op die ander een afskuif nie.

Met betrekking tot die woord in die doopvraag "of te laat onderrig", bestaan daar baie misverstand. Baie ouers dink dat hierdie "of" aan hom as ouer 'n keuse gee. Hy kan self sy kind in die Woord opvoed of as hy wil kan hy hierdie werk alles in die hande van iemand anders laat. Daar is mos baie ander wat dit kan doen. Die skool is daar en die kerk is daar. Ek besluit: die skool en die kerk kan my kind onderrig in die Woord, ek self sal niks doen nie. Die "of" in die doopvraag gee egter nie aan my 'n keuse nie. Die "of" is in die oorspronklike formulier ingevoeg vir ouers wat nie self kan lees nie en gevolglik nie self die Woord aan hulle kinders kan voorhou nie. Hierdie "of" kan ons daarom sê geld feitlik nie vir een van ons nie. Vir ons almal geld alleen: Op grond van jou doopbelofte is jy verplig om jou kind in die Woord te onderrig.

In die moderne tyd hoor ons dikwels dat ouers sê dat hulle nie tyd het om hulle kinders self uit die Woord te onderrig nie. Ons is te besig met ons daaglikse werk, met ons kultuur en met ons sosiale

verantwoordelikhede. Vir die moderne mens is die belangrikste ding op aarde dikwels dat hy ryk moet wees en dat hy belangrik moet wees. Baie mense dink as hulle vir hulle kinders alles wat hulle oog begeer, gegee het, dan is hulle goeie ouers. Die een ouer begeer dat sy kind die hoogste sport op politieke vlak moet bereik, die ander die hoogste sport op sosiale vlak, die ander die hoogste sport op akademiese vlak en 'n ander die hoogste sport of finansiële vlak. As ons al hierdie dinge saam vir ons kind gegee het, is dit nog steeds 'n betreurenswaardige erfporsie wat ons vir hulle nagelaat het. Die belangrikste het dan vergete gebly. Ons het ons kind nie geleer van Jesus Christus nie, ons het hom nie onderrig uit die Woord nie. 'n Ouer wat sê hy het nie tyd om sy kind uit die Woord van die Here te onderrig nie, is 'n ouer wat die naam ouer nie werd is nie, is iemand wat sy kind nie waarlik lief het nie. Ouers het gewoonlik baie tyd om hulle kinders te help met skoolwerk. Die moeder sal die hele middag saam met haar kinders deurbring rondom die skoolboeke. Met die grootste geduld word die skoolwerk ingeprent. Vanaand as pa by die huis kom, vra hy gewoonlik eerste hoe vér is die kinders met hulle huiswerk. Hy neem by die moeder oor en sien toe dat alles afgehandel is vir môre. Elke week spandeer ouers ure en ure om hulle kinders te help onderrig op akademiese vlak. Dit is goed en mooi. Maar hoeveel tyd spandeer ons aan ons kinders se geestelike opvoeding. Baie ouers spandeer nie eers meer 'n uur per week daaraan nie. Hulle is te besig met ander dinge. Die ouer wat sy kind waarlik liefhet, wat sy verantwoordelikheid voor God ken, sal altyd tyd vind om sy kind te onderrig uit die Woord van God.

Baie ouers sê hulle het self nie die nodige kennis om hulle kinders uit die Bybel te onderrig nie. As 'n ouer in hierdie verband skuldig is, lê die skuld by homself en nie by iemand anders nie. As 'n ouer self elke dag die Bybel lees en ondersoek, as 'n ouer elke Sondag die twee eredienste bywoon en gereeld alles wat in die kerk gebied word ten opsigte van die kategese lees en bestudeer, sal hy die Bybelse waarheid so ken, dat hy dit self aan sy kinders sal kan oordra.

Hoe moet ek as ouer my kind onderrig uit die Bybel? Op hierdie vraag het ons nie 'n klinkklare antwoord nie. Die belangrikste is nie die hoe nie, maar dat dit wel moet gebeur. Hoe dit behoort te gebeur sal ons in breë lyne probeer teken. Die ouer behoort elke oomblik van die dag besig te wees om sy kind te onderrig. Hiermee bedoel ons die ouer moet altyd so praat en so handel dat die kind uit elke woord en elke daad van die ouer kan hoor en sien wat die regte pad

is wat hy behoort te bewandel. Ons dade is dikwels belangriker as ons woorde.

Ek as ouer moet vir die kind daadwerklik die voorbeeld stel. Dit wat ek vir die kind met die mond leer moet ekself met die hand doen. Reeds in die Ou Testament het die beginsel gegeld dat die ouer voortdurend besig moet wees om sy kinders te onderrig. "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees, en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deut 6:7).

Die kerk se plig

Naas die ouers is dit die kerk se verantwoordelikheid om die kinders te katkiseer. Die dag wanneer 'n kind gedoop word, word hy in die kerk ingedoop. Tydens sy doop word die kind gemerk as iemand tot wie die kerk se verkondiging gerig is. Christus se opdrag is nie alleen dat die kerk sal doop nie, maar dat die kerk al dopende en al lerende mense tot dissipels van Hom sal maak. Gedurende die vroegste tye van die kerkgeskiedenis was dit die kerk wat die mense gekatkiseer het voordat hulle met hulle doop in die kerk opgeneem is. Later was dit die kerk wat die gedoopte kinders van die kerk gekatkiseer het totdat hulle belydenis van geloof gedoen het in die midde van die gemeente.

Die predikant se plig

Die kerk moet sy lidmate katkiseer. Kategese, soos ons reeds aangetoon het, is 'n vorm van verkondiging. As kategese 'n vorm van verkondiging is en dit aan die kerk opgedra is, spreek dit eintlik vanself dat die predikant die eerste een in die gemeente is wat daarvoor verantwoordelik is. Dikwels kla mense dat hulle predikant swak preek of nooit huisbesoek doen nie, maar selde kla hulle omdat hulle predikant kinders swak katkiseer of glad nie katkiseer nie.

Dit is dikwels in ons gemeentes so dat die predikant feitlik geen aandag aan die kategese gee nie. Baie kerkrade is tevrede as die predikant net teenwoordig is by die laaste veertien dae voor die kinders belydenis van geloof aflê. In baie min gemeentes gee die predikant voldoende aandag aan die finale jaar kategese en al die ander klasse. ('n Geleerde het by geleentheid gesê dat 'n predikant wat nie katkiseer nie, kan nie salig lewe en sterwe nie). Wie se skuld is dit? Son-

der om ons predikante heeltemal vry te spreek lyk dit asof die grootste skuld moet gaan na die algemene wyse waarop die kerk funksioneer die laaste aantal jare. Die klem word so swaar gelê op die huisbesoek dat die predikant net eenvoudig nie altyd by die kategese kan uitkom nie. Die kerk sal moet besin hoe die werk in die kerk gedoen kan word sodat die predikant aan al die kategeseklasse aandag kan gee.

Naas die ouers is die predikant die eerste persoon in die gemeente wat verantwoordelik is vir die kategese. Nie alleen die feit dat kategese verkondiging is maak dit noodsaaklik nie, maar ook die geskiedenis van die kategese en die praktyk. Die kerkhervormer Calvyn het feitlik alleen die kategese in sy gemeente behartig. Tydens die middagdiens het hy uit die Kategismus gepreek vir ouers en kinders. Na die diens het hyself die ondervraging waargeneem. Kategese en voortgesette kategese het gelyktydig plaasgevind. Die predikant se deelname aan die kategese is dus van die grootste belang.

Die lidmaat se plig

Die ideaal is seker dat die kategese waargeneem moet word deur die predikant en die ouderlinge. Die huidige praktyk is dat daar meer gewone lidmate is wat die katkisasie behartig as ouderlinge. Die kerk is opreg dankbaar dat daar nog altyd gemeentelede was wat bereid was om hierdie werk te doen. Ons vertrou ook dat daar steeds gemeentelede sal wees wat bereid is om hierdie werk te doen.

Enige persoon is nie sondermeer geskik om die kategese waar te neem nie. Die katkisasie is ook te belangrik dat die kerk dit sondermeer in die hande van enige persoon kan laat. Die kerkraad is die liggaam in die gemeente wat moet toesien dat alleen geskikte persone met hierdie werk besig moet wees. 'n Persoon se bereidheid en sy goeie gesindheid teenoor die kerk is nie voldoende kwalifikasies om hom aan te stel as kategeet nie. 'n Persoon met 'n gladde mond en 'n voortreklike wyse van voordrag is ook nie vanselfsprekend geskik om met hierdie heilige onderrig besig te wees nie. Die feit dat iemand 'n goeie skoolonderwyser is, beteken nie noodwendig dat hy 'n geskikte kategeet is nie. Die kategese is nie gewone skoolonderrig nie. Die kategese is verkondiging, dit is heilige onderrig, dit is unieke onderrig, dit is onderrig van sy eie soort.

Met betrekking tot sy kategese behoort die kerk 'n hoë standaard te

stel. Hierdie uitspraak is in stryd met wat gewoonlik in die kerk gesê en gedink word.

Op alle tereine van die lewe wil ons praat van standaard maar nie in die kerk nie. In die kerk is ons dikwels met enigiets tevrede. In die alledaagse gang van sake is net die beste goed genoeg maar in die kerk gee ons nie om wat ons gee of wat ons kry nie.

Wat is die eise waaraan 'n kategeet moet voldoen? Die kategeet moet 'n gelowige, getroue lidmaat van die kerk wees wat bekwaam is om ander te onderrig. Dat die kategeet 'n getroue gelowige lidmaat van die kerk moet wees, spreek eintlik vanself. Die woord wat hy oordra is 'n woord wat geglo en uitgeleef moet word. Hoe kan hy 'n woord spreek wat hyself nie glo nie? Hoe kan hy 'n woord verkondig wat hyself nie uitleef nie? Die kategeet moet die katkisant in die eerste plek bind aan God. Die kategeet moet die katkisant se lewe so met sy onderrig vorm dat die katkisant 'n mens sal wees wat onvoorwaardelik in die drie enige God glo, wat onvoorwaardelik elke dag alleen sal lewe van die genade van God in Jesus Christus. Hoe kan die kategeet dit doen as hy nie self hierdie waarheid glo nie? Die geloof in Jesus Christus bring noodwendig 'n bepaalde lewe voort. Die geloof sonder die werke is dood. Uit die geloof moet werke voortvloei wat ooreenstem met die eise aan God se Woord. As die kategeet se geloof sonder werke is, hoe sal hy vir die katkisant kan sê hoe hy moet handel.

Die kategese wil die kind aan God bind maar tegelyk ook aan die kerk. Calvyn het by geleentheid gesê dat hy wat God as sy Vader het, het die kerk as sy moeder. Dit is die wil van God dat hulle wat in Hom glo deel sal wees van Sy kerk en hulle geloof lewend in die ruimte van die kerk sal uitleef. Om oor God te praat beteken tegelyk om oor Sy kerk te praat. Hoe kan die kategeet dit nou doen as hy self koud en negatief teenoor die kerk staan? Hoe kan die kategeet vir die katkisant sê hy moet gereeld die eredienste besoek en hyself doen dit nie? Dit gebeur dikwels dat kategete persone is wat net die minimum eredienste bywoon.

Hulle kom kerk toe wanneer daar kategese is, maar nie meer as dit nie. Dit gebeur dikwels dat daar kategete is wat nooit in die aand die eredienste bywoon nie. Die kategeet sê vir die kinders: "Jy behoort tweekeer op 'n Sondag kerk toe te gaan," maar hyself gaan net eenkeer. Die kind sien dit en dink daaroor na. Hoe kan jy nou verwag dat daardie kind ag sal gee op dit wat jy sê? Dit lei noodwendig daar-

toe dat die kind alles wat jy gesê het oor die erediensbywoning verwerp.

Die saak gaan verder. Die kind glo naderhand niks meer wat jy gesê het nie. Nie alleen in die kerk nie, maar ook in jou alledaagse lewe moet jy 'n voorbeeld stel. Die kategeet wat Sondag die tien gebooie tot in die fynste besonderhede uitstippel maar self Maandag nie meer een van daardie gebooie uitleef nie, behoort nie voor 'n kategeseklas te staan nie.

Kategese word bedien met die oog op die geloof in die drie-enige-God. Geloof bestaan uit kennis en vertroue. Die kategeet moet kennis oordra aan die katkisant. Hierdie kennis is kennis van God soos Hy Homself aan ons geopenbaar het in Sy Woord. Dit is daarom absoluut noodsaaklik dat die kategeet die Woord sal ken. Hy moet 'n persoon wees wat voortdurend besig is om die Woord te ondersoek. Hy mag die Woord egter nie op sy eie willekeurige wyse verstaan nie. Hy moet dit verstaan soos die kerk dit deur die eeue heen verstaan en verkondig het. Dit bring noodwendig mee dat hy ook 'n deeglike studie moet maak van die kerk se belydenisskrifte. Dit is egter ook die kerk se taak om toe te sien dat sy kategete behoorlik toegerus word vir hulle dienswerk. Hierdie toerusting bied die kerk op verskillende wyses. Dit word gegee elke Sondag as die Woord tweekeer verkondig word en tydens besondere geleenthede wat geskep word om die kategete toe te rus. Hierdie geleenthede hoef nie geleenthede te wees waartydens allerlei metodes en tegnieke aan die kategete geleer word nie. Dit moet in die besonder geleenthede wees waartydens die Woord aan die kategete verklaar word – Bybelstudie.

Die kategeet moet eers self die stof bemeester voordat hy meester van ander kan wees. Hy moet eers self leer voordat hy ander kan leer. Hy moet eers self ken voordat hy kan verwag dat die katkisante sal ken. Eers nadat hy toegerus is en self die stof deeglik ken kan hy na die katkisasieklas gaan. Elkeen van ons het self in sy verlede miskien 'n katkisasiemeester gehad wat onvoorbereid voor die klas kom staan het. 'n Klas met so 'n kategeet kan net sowel sonder 'n kategeet klaarkom. Die kategeet behoort sonder 'n boek met slegs 'n paar aantekeninge voor sy klas te staan. Die kategeet moet self nie net die stof ken nie, hy moet ook die vermoë hê om dit aan ander oor te dra. Hy moet die vermoë hê om sy klas vir die hele periode te boei, die vermoë om met gesag die goeie orde in die klas te handhaaf.

Die kategeet moet getrou wees tot in die fynste besonderhede. Hy moet bereid wees om op te offer ter wille van die werk wat hy doen.

Naas die ouers en die predikant, is die kategese in die besonder die werk van die ouderling.

Met betrekking tot die besondere werk van die ouderling bestaan daar baie misverstand en baie onsekerheid. Veral met betrekking tot die kategese bestaan daar baie onduidelikheid wat uit die weg geruim moet word. Baie mense dink dat die ouderling en die predikant met betrekking tot die kategese dieselfde opdrag het. Hierdie misverstand het enersyds ontstaan omdat die Bybel sondermeer sê die ouderling moet bekwaam wees om ander te onderrig (1 Tim 3:2). Die Bybel maak nie altyd duidelik onderskeid tussen die lerende en die regerende ouderling nie. Op grond hiervan kan ons nie sondermeer sê dat hierdie teks betrekking het op die gewone ouderling nie. Andersyds het die misverstand miskien ontstaan op grond van die bepalings van die kerkwet. Bepaling 168,2 (a) bepaal: "Hulle is verantwoordelik vir die onderrig van die gemeente-kinders deur of self te onderrig of te laat onderrig. Hierdie onderrig vind op Sondae en gedurende die week plaas. Hulle hou ook opsig oor die onderrig wat ouers tuis aan hulle kinders gee." Dit is nodig om allereers vas te stel wat die primêre werk van die ouderling en van die predikant is en hoe eersgenoemde in die besonder met betrekking tot die kategese geld.

Die bevestigingsformulier vir bedienaars van die Woord vat die leer van die Bybel in verband met die werk van die predikant goed saam: "Eerstens moet hulle die Woord van die Here, soos dit in die Heilige Skrif geopenbaar is, grondig en opreg aan hulle gemeentes verkondig. Hulle moet dit in die openbaar en afsonderlik tot heil van die toehoorders doen deur hulle te onderrig, te vermaan, te vertroos en te bestraf volgens elkeen se behoefte". Die kern van sy werk is die verkondiging van die Bybel. Dit geskied as hy preek, as hy katkiseer, as hy huisbesoek doen en as hy evangeliseer. Hierdie verkondiging moet altyd geskied in ooreenstemming met die Bybel se bedoeling. Dit het alles tot gevolg dat die Bybel eers reg verkondig kan word as die verkondiger 'n bepaalde teologies-wetenskaplike toerusting ontvang het.

Die taak van die ouderling word goed beskryf in die bevestigingsformulier vir ouderlinge. "Die ouderlinge moet saam met die bedienaars van die Woord oor die gemeente wat aan hulle toevertrou is, opsig hou, om sorgvuldig toe te sien dat elkeen hom in belydenis en

wandel betaamlik gedra." Die kerkwet beskryf die kern van die werk van die ouderling as die opsig oor die gemeente. Hierdie opsig oefen die ouderling nie op enige willekeurige wyse uit nie. Hy regeer nie met eie gesag en met eie wysheid nie. Die ouderling oefen sy gesag uit op grond van en aan die hand van die Bybel. Die ouderling gaan 'n bepaalde lidmaat nie vermaan omdat hyself dink dat die lidmaat verkeerd leef nie, maar omdat die Bybel dit sê. Net soos die predikant gaan die ouderling alleen met die Bybel na die mense toe. Net soos die predikant mag hy alleen sê: So sê die Here. Die ouderling hanteer dus ook die Bybel.

Die vraag is egter nou: hoe moet die ouderling die Bybel hanteer? Miskien kan ons dit anders stel: wat is die verskil tussen die hantering van die Bybel deur die predikant en die ouderling. Die regte verklaring en toepassing van die Bybel vereis 'n sekere wetenskaplike skoling. Die ouderling beskik normaalweg nie oor hierdie skoling nie. Dit bring noodwendig mee dat die ouderling nie die bevoegdheid het om die Bybel tot in sy diepste dieptes te verklaar nie. Na deeglike navorsing van 'n bepaalde teks kon die predikant sê: so sê die Here. Deur die werking van die Heilige Gees het die predikant op grond van sy eie ondersoek tot hierdie bepaalde uitspraak gekom. Die ouderling moet ook vir die lidmaat gaan sê: so sê die Here. Hy sê dit egter nie omdat hy self die Bybel so uitgelê het nie, maar omdat die kerk dit vir hom uitgelê het. Hy sê na wat reeds gesê is. Die hantering van die Bybel deur die ouderling en die predikant kan ook beskryf word met algemeen en besonder. Die predikant gebruik die Bybel meer algemeen as die ouderling. Die predikant is geroepe om die hele Bybel aan die gemeente te verkondig. Die ouderling bring hoofsaaklik die bepaalde boodskap wat betrekking het op die bepaalde saak waaroor hy moet opsig hou. Dit is sy verantwoordelikheid om toe te sien dat die boodskap wat die predikant verkondig het by die mense tuis gekom het en dat dit in hulle lewens ingedring het. Die ouderling moet toesien dat elkeen in belydenis en wandel hom betaamlik gedra. Die bevestigingsformulier bedoel hier seker dat die ouderling moet toesien dat elke lidmaat leef en handel volgens die Bybel. Dit beteken dat die ouderling telkens na die lidmaat moet gaan en navraag moet doen oor sy lewe. As dit blyk dat die lidmaat die verkeerde pad bewandel, dan moet die ouderling die betrokkene vermaan vanuit die Bybel op die wyse wat ons reeds genoem het.

Naas hierdie besondere opsig moet die ouderling ook toesien dat

alles in die gemeente ordelik verloop. Alles moet in die gemeente verloop soos die Bybel bepaal en soos die kerk deur die eeue besluit het.

Met betrekking tot die kategese beteken dit alles: die ouderling moet toesien dat die kategese in die gemeente reg bedien word en dat die katkisante reg leer.

Die ouderling en sy toerusting

Om behoorlik opsig te kan hou oor die kategese van die gemeente is dit van die allergrootste belang dat die ouderling behoorlik toegerus moet wees. Opsig het ons reeds gesê, beteken dat die ouderling moet toesien dat elkeen wat aan hom toevertrou is, leef ooreenkomstig die Bybel. Om dit te kan doen, sê die bevestigingsformulier, is die ouderling verplig om die Woord van God ywerig te ondersoek. Hierdie ondersoek beteken nie net die leer van 'n paar versies uit die Bybel nie, maar 'n deeglike studie van die inhoud van die Bybel. Om enige willekeurige verstaan van die Bybel uit te sluit is dit nodig dat die ouderling ook 'n deeglike studie van die kerk se belydenisskrifte moet maak. Aangesien God in die eerste plek tot die mens wil spreek deur die verkondigde Woord (Rom 10:17) is dit die plig van die ouderling om sy lewe so in te rig dat hy sover moontlik die eredienste van die gemeente kan bywoon. Hierdie toerusting het betekenis vir die ouderling se opsigwerk maar ook vir sy taak by die kategese. Die ouderling wat bogenoemde pad bewandel, kan tydens elke besoek sinvol met die ouers en die kinders praat oor die stof wat op daardie stadium in die kategeseklasse behandel word.

Die ouderling behoort 'n goeie kennis van die kategese self te hê. Hy moet weet wat kategese is, wat die kerk met sy kategese beoog, wie moet katkiseer, wat die verband tussen die kategese en die ander verkondigingsgestaltes is en wat die bepaalde wyse is waarop die kerk wil hê die kategese moet verloop.

Dit bring mee dat die ouderling 'n deeglike studie moet maak van die prinsipiële besinning wat by hierdie hoofstuk ingesluit is, dat hy die bepalings van die kerkwet wat in verband met die kategese staan sal ken en sal weet van die besluite wat die kerk reeds in hierdie verband geneem het. Dit sal goed wees as daar van tyd tot tyd op ouderlingevergaderings 'n deeglike besining oor die kategese plaasvind. By hierdie geleenthede moet die ouderlinge toesien dat die kategese in hulle gemeentes op 'n ordelike wyse, ooreenkomstig die prinsi-

piële beginsels gereël is. Dit gebeur dikwels in die gemeente dat praktiese oorwegings die alles bepalende is. Die praktiese moet seker altyd in die oog gehou word, maar dit het nooit die eerste en laaste woord nie. As die prinsipiële beginsels goed in die oog gehou word, kan die praktiese in die meeste gevalle so aangepas word dat die kategese nog vlot kan verloop sonder dat daar afgewyk word van die breë prinsipiële beginsels.

Dit is van die allergrootste belang dat die ouderling die persoon oor wie hy moet toesig hou ken. Hy moet die mense ken wat die kategese behartig en die wat gekatkiseer moet word. Hy moet derhalwe die ouer, die predikant, die kategeet en die katkisant ken. Dit beteken nie hy moet 'n persoonlikheidsontrafeling van elkeen tot in die fynste besonderhede maak nie, maar dat hy elkeen in die eerste plek sal ken in die lig van die Bybel. Die Bybel ken die mens as sondaar met al sy gebreke en tekortkominge. Die Bybel ken die mens ook as sondaar wat begenadig is deur Jesus Christus. Naas hierdie kennis behoort die ouderling ook elkeen van die lidmate onder sy sorg as mense te ken. Hy moet weet van die ouer, die predikant, en die kategeet se kennis van die kategetiese stof, hulle gesindheid met betrekking tot hierdie werk en hulle vermoë om te onderrig. Hy moet weet van die katkisant se gesindheid, sy lewe en sy vermoë om die stof te leer. Hierdie kennis kan daartoe lei dat baie probleme in verband met die kategese uitgeskakel word.

Opsig oor die ouers

Die eerste mense wat verantwoordelik is vir die kategese is die ouers. Kragtens die doopbelofte is dit die verantwoordelikheid van beide ouers. Die noodsaaklikheid om die kinders te onderrig word in die Bybel baie duidelik aan die ouers opgedra.

Veral Deuternomium 6:6-10 en Psalm 78:3-4 is baie sprekend in hierdie verband. Die onderrig in die Woord geskied nie alleen met woorde nie maar ook met dade. Die daad wat die ouer verrig is dikwels belangriker as die woord wat hy spreek. Die ouderling se opsig in hierdie verband loop oor 'n wye linie.

Een van die basiese redes waarom baie ouers die kategese van hulle kinders verwaarloos is omdat hulle vergeet het van die doopbelofte wat hulle afgelê het en omdat hulle nie weet waarin hulle hulle kinders moet onderrig nie. Dit is van die allergrootste belang dat die ouderling moet toesien dat die ouers hierdie nodige kennis het. As

hy hulle nie self in hierdie verband ten volle kan inlig nie, kan hy hulle verwys na die nodige bronne.

Helder en duidelik moet hy hulle ook wys op die verantwoordelikheid wat hulle doopbelofte meebring. Om dit goed te kan doen is dit nodig dat die ouderling van tyd tot tyd teenwoordig moet wees met die doopkategese. 'n Goeie reëling bly altyd dat die ouderling van die wyk saam met die lidmate van sy wyk wat moet doop, na die doopkategese kom.

Om sy kind te onderrig in die Bybel moet die ouers self die Bybel en die kerk se belydenisskrifte ken. Dit vra van die ouers voortdurende Bybelstudie en getroue erediensbywoning. Die ouderling moet daarom toesien dat die ouers self gereeld die Bybel en die belydenisskrifte ondersoek, dat die ouers gereeld die eredienste bywoon en besondere geleenthede soos byvoorbeeld Bybelstudie-aande wat in die gemeente geskep word om ouers beter toe te rus, bywoon.

Die ouderling moet gereeld navraag doen en toesien dat die ouers self hulle kinders onderrig in die Woord en die ander voorgeskrewe kategetiese stof. Terwille van die goeie orde sal dit goed wees ouers met hulle onderrig aansluit by die kerk. Baie ouers se onderrig in die Woord bestaan hoofsaaklik daarin dat die ouers Saterdagaand of Sondagoggend vir die kinders vra of hulle hulle werk geleer het. Die ouderlinge behoort toe te sien dat hierdie werk in ons ouerhuise goed gedoen word. Hy moet toesien dat die ouers hulle kinders die hele week onderrig in die Woord. Elke dag moet die vader en die moeder daarmee besig wees – elke dag behoort die huisgesin rondom die Bybel saam te kom – die vader lees die voorgeskrewe Bybelgedeeltes, hy vra die vrae – hy verklaar waar moontlik.

Met woord en daad behoort beide ouers vir die kinders 'n goeie voorbeeld te stel. Die ouderling moet toesien dat die ouers so leef dat hulle met hulle lewe ook hulle kinders na die Here lei en nie weg van Hom nie.

Vandag se jeug is die kerk en die volk van môre en oormôre. Hoedanig hierdie kerk en volk van die toekoms gaan wees, gaan in 'n groot mate afhang van hoe die ouers van vandag hulle jongelinge katkiseer en hoedanig die ouers hulle kinders gaan katkiseer sal in 'n groot mate afhang van hoe die ouderling van vandag opsig hou oor die ouers.

Opsig oor die predikant

Kategese is net soos die prediking, die pastoraat en evangelisasie verkondiging. Dit bring noodwendig mee dat die predikant die eerste persoon in die gemeente naas die ouers is wat verantwoordelik is vir die kategese.

Die enigste manier hoe die predikant die hele gemeente se kinders kan katkiseer is deur Sondae oor die voorgeskrewe kategetiese stof te preek. Die kerk verwag dat die katkisante veral in die finale jaar in die besonder onderrig sal word in die betekenis van die Bybel en die belydenisskrifte. Bogenoemde bring mee dat die minste wat van die predikant verwag kan word is om Sondae oor die voorgeskrewe stof te preek en om die finale jaar klas vir ten minste een uur per week die kategese te behartig. Aangesien die ouderling moet opsig hou oor die werk van die predikant spreek dit eintlik vanself dat die ouderling moet toesien dat die predikant sal doen wat van hom verwag word.

Die woord wat die predikant verkondig moet inhoudelik reg wees en tegelyk moet dit sodanig wees dat die kinders dit "verstaan". Prediking en kategese wat deur die kinders nie verstaan word nie, is sinneloos. Dit is die werk van die ouderlinge om te sorg dat die predikant se verkondiging inhoudelik en formeel reg is. As die ouderling van oordeel is dat die predikant se prediking vir die kinders van die gemeente "onverstaanbaar" is, behoort hy met die predikant daaroor te praat. Terwille van die opsig en op grond van dit wat so pas genoem is, is dit nodig dat daar ook altyd 'n ouderling teenwoordig sal wees wanneer die predikant katkiseer.

Volgens die kerkwet is die predikant ook medeverantwoordelik vir die opsig. Die ouderling moet daarom toesien dat die predikant ook tydens sy huisbesoek aandag aan die kategese sal gee.

Die ouderling as kategeet

Naas die predikant en die ouers is dit die taak van die ouderling om die kategese te behartig. Waar die klem by die predikant se werk val op die bediening van die Woord, val die klem by die ouderling op die opsig. Dit lyk daarom sinvol dat die werk soos volg verdeel word: die predikant verklaar die kategetiese stof tydens die prediking en die ouderling neem die klasse verder waar na die erediens. Hy merk die registers, vra die vrae en verduidelik die stof verder waar dit

nodig is. Die ouderling sorg dat hy deeglik toegerus is vir hierdie werk en dat hy gereeld teenwoordig is. As hy nie teenwoordig kan wees nie, reël hy met iemand anders om sy klas waar te neem. As hy merk dat daar kinders is wat die werk nie ken nie, vermaan hy hulle ernstig. Die name van hierdie kinders en die wat nie gereeld die klasse bywoon nie, word deurgegee na die hoof van die kategese. Hy gee weer hierdie name deur na die betrokke wyk se kerkraadslede. Dit spreek vanself dat daar gewoonlik minder kategeseklasse is as ouderlinge. Almal het ook nie sondermeer die gawe ontvang om te onderrig nie. Die ouderling wat geen klas het nie, behoort egter nog belang te stel in die kategese van die kerk. Op grond hiervan besoek hy van tyd tot tyd die verskillende klasse en doen veral in die besonder navraag oor sy wyk se kinders.

Veral ten opsigte van die toelating tot belydenis van geloof behoort die ouderling 'n aktiewe rol te speel. Hy moet toesien dat alleen die katkisante toegelaat word wie se gesindheid en kennis reg is.

In die kerk is daar baie ouderlinge wat nie bereid is om die kategese te behartig nie. Dit bring mee dat baie gemeentes van gewone lidmate as hulpkragte gebruik moet maak. In hierdie geval moet die ouderlinge op die kerkraadsvergaderings toesien dat alleen die geskikste persone aangestel word.

Die ouderling onderrig die kinders van die gemeente nie net met hulle woorde nie maar ook met hulle dade. Elke ouderling moet daarom ook met sy lewe vir die kinders die regte voorbeeld stel.

Die ouderling en die kinders van sy wyk

Die ouderling hou opsig oor die hele huisgesin. Dikwels gebeur dit dat die ouderling hom alleen bemoei met die vader en die moeder van die huisgesin. Die ouderling behoort sy besoeke so in te rig dat die hele huisgesin teenwoordig is. Ten opsigte van elke aspek van die kind se geloofslewe behoort die ouderling toe te sien dat dit in orde is. Die ouderling behoort elke kwartaal 'n verslag te ontvang van die kinders van sy wyk se kennis en bywoning van die kategeseklasse. Aan die hand van hierdie verslag voer hy dan 'n grondige gesprek met die kinders en hulle ouers.

Kontrole vrae

1. Wat is kategese? Dink in die rigting van verkondiging en kontrolering.

   .....

2. Wat wil die kerk bereik met die kategese?

   .....

3. Watter stof is belangrik by die kategese? Watter plek het die Bybel, die geloofsleer en die sedeleer hier?

   .....

4. Het die ouers ook 'n plig by die kategese?

   .....

5. Wat is die ouderling se plig by die kategese?

   .....

6. Met die kategese wil die kerk die kinders onderrig aangaande hulle doop. Hoekom is dit so belangrik?

   .....

7. Moet die katkisant ook van die nagmaal leer? Hoekom?

   .....

8. Wat is "die Kerkboek" en hoekom moet die katkisante ook hierin onderrig word?

   .....

9. Aan watter eise moet 'n goeie kategeet beantwoord en wie stel die kategete in 'n gemeente aan?

   .....

Onderwerpe vir bespreking:

1. Hoe kan die stof wat vir die kategese voorgeskryf word sinvol aan die kinders oorgedra word?
2. Besin oor die bruikbaarheid van visuele hulpmiddels by die kategese.
3. Bedink maniere om die kerkraad en ouers te aktiveer om belang te stel en deel te neem aan die kategese.
4. Kom die kategese in ons gemeentes werklik tot sy reg.

Die ouderling en huisbesoek

Van die ouderling word verwag dat hy die lidmate van sy wyk minstens voor elke nagmaalsviering moet besoek.

Dit is nie nodig om te wag tot die spesifieke week voor die nagmaal nie. Die ouderling is nie slegs 'n "nagmaalsbode" wat vir die lidmate kort voor die nagmaal moet gaan sê wanneer die nagmaal gevier word nie. Die afkondiging van die aanstaande nagmaalsviering vind minstens 'n paar weke tevore tydens die eredienste plaas. Die taak wat die ouderling tydens huisbesoek moet verrig, kan selfs 'n maand of twee voor die nagmaalsviering afgehandel word, en dan is dit nie nodig om weer die week voor die nagmaal deur die wyk te gaan nie.

Huisbesoek is nie kuier nie. As ouderling word ons deur God gestuur om die ampswerk namens en vir die kerk te doen. Aangesien die meeste van ons se tyd beperk is, moet die tyd by elke huis/lidmaat reg gebruik word. Dit is daarom nie altyd nodig om ure of 'n hele aand by een huis/lidmaat te vertoef nie.

Dit is goed om die eerste paar minute af te staan aan die algemene welstand en ander sake, maar daar moet so gou as moontlik by die kerkwerk uitgekom word. Dit help niks as ons die hele aand oor koeitjies en kalfies gesit en gesels het en net voordat ons loop, asof ons dit amper vergeet het, 'n vriendelike uitnodiging rig na die op hande synde nagmaal nie.

Tydens huisbesoek moet ons ook nie slegs in die algemeen praat nie, maar moet ons wat die opsigtaak betref, by die spesifieke sake uitkom wat in die kerkwet genoem word. Sake wat nie in orde is nie, sal nie maar vanself onder ons aandag kom nie. Ons moet oor bepaalde sake spesifiek navraag doen of daaroor praat.

Sake waaraan aandag gegee moet word tydens huisbesoek:

Doop

Die ouderling moet toesien dat al die kinders van gelowige ouers, gedoop is; dat die ouers hulle doopbelofte nakom en dat ouers en kinders saam die eredienste bywoon. Hy moet aan ouers wat van voorneme is om hulle kinders te laat doop 'n doopbrief gee wat hy

moet onderteken. Sy handtekening dien vir die kerkraad as bewys dat die betrokke ouerpaar wat van voorneme is om hulle kindjie te laat doop erns maak met die geloof, dat hulle kerklik meeleef en dat daar geen beswaar is waarom die kindjie nie gedoop mag word nie. Bywoning van die doopkategese is vir alle doopouers verpligtend. Aangesien die doopouers se attestate in die gemeente moet wees voordat hulle kan doop moet die ouderling vroegtydig vasstel of dit wel die geval is. Bewys van lidmaatskap moet self deur lidmate wat na ons kerk wil oorkom, by hulle kerke aangevra word.

Kategese

Daar moet spesifiek nagegaan word of al die kinders in die wyk gereeld die eredienste en kategese bywoon. Dit kan die ouderling alleen doen as hy self nadat hy by elke huis navraag gedoen het, gereeld die eredienste en kategese bywoon om toe te sien of die kinders van sy wyk wel daar is. Terselfdertyd kan die ouderling dan hoor en kontroleer of die kategese reg beoefen word.

Erediens en Nagmaal

Die ouderling moet spesifiek navraag doen of die eredienste en nagmaal gereeld bygewoon word indien hy nie daarvan oortuig is nie. Indien dit nie die geval is nie moet pertinent gevra word wat die redes of probleme is waarom bogenoemde sake nagelaat word. In sulke gevalle moet daar aan die hand van die Skrif vermaan en leiding gegee word oor die noodsaaklikheid en betekenis van hierdie sake in die lewe van elke gelowige.

Huisgodsdiens

Daar is genoeg getuienis in die Skrif dat die godsdienstige opvoeding van die kinders ook aan die christelike huisgesien toevertrou is. (Vergelyk Deut 6:6 en 7 asook die vrae by die Doopformulier). In hierdie verband bly die huisgodsdiens belangrik omdat die ouer en kind by daardie geleentheid saam rondom die Woord van God byeen is, terwyl die vader as hoof van die huisgesin daarin voorgaan. Die ouderling moet ook tydens huisbesoek vra en vasstel of hierdie baie belangrike saak nog in elke huisgesin sy plek het. In die geval van

enkelinge wat hulle tydelik of permanent buite die verband van 'n huisgesin bevind, moet die belangrikheid van die gereelde lees en ondersoek van die Bybel beklemtoon word.

Offergawe

Die offergawe kan deur die ouderling baie maklik gekontroleer word deur net die offergawekaart te vra wat deur die ouderling self geteken moet word. As 'n spesifieke lidmaat se offergawe nie in orde is nie of as daar maande is waarin daar nie offergawe gegee is nie moet navraag gedoen word wat die rede is. Die ouderling moet terselfdertyd nagaan of die diaken die offergawekaarte by elke huis gereeld invul.

Jeugvereniging

Die bestaan en doelstellings van die jeugvereniging moet onder die aandag van lidmate gebring word terwyl diegene wat nie ingeskakel is nie aangemoedig moet word om aan te sluit en die vergaderings by te woon.

Kerklike publikasies

In die eerste plek moet die ouderling toesien dat alle kerklike publikasies deur elke lidmaat gereeld ontvang word. Daarna moet nagegaan word of die publikasies gelees word. Dit kan die ouderling alleen doen as hy eers self hierdie stukke gelees het. Dan alleen kan hy met die lidmate 'n sinvolle gesprek voer oor aktuele sake wat in hierdie publikasies voorkom.

Opsig oor die diaken

Dit is ook die ouderling se taak om opsig te hou oor die leer, lewe en werk van sy diaken. Wanneer die diaken nie gereeld die eredienste en die nagmaal bywoon nie, moet die ouderling met hom/haar daaroor praat. As die diaken nie ten minste of op die laaste, die eerste week van die maand by die ouderling opgedaag het om te kollekteer nie, moet die ouderling na hom/haar gaan soek en navraag doen wat die probleem is. Dit is miskien sinvol dat die diaken laaste by die ouderling sal kollekteer sodat probleme wat die diaken moontlik ty-

dens huisbesoek ondervind het, bespreek kan word. Dit is dan die taak van die ouderling om die diaken by te staan in die geval van probleme deur met die diaken saam na die huis of lidmaat te gaan waar die probleme ondervind is. Verder moet die ouderling ook die diaken behulpsaam wees met die insameling van die offergawes as die diaken miskien om een of ander rede dit nie kan doen nie. Die ouderling en diaken moet te alle tye saamwerk en nie los van mekaar nie. Dit is soms goed dat die ouderling saam met die diaken deur die wyk gaan, maar dit is nie altyd nodig nie, omdat die diakens maandeliks deur die wyk moet gaan en voor 'n sekere datum die offergawes moet afdra. Die ouderling se taak aan die anderkant neem meer tyd in beslag en dit is nie 'n vereiste dat die ouderling elke maand deur die wyk moet gaan nie.

Ouderlingverslag

Dit is goed dat aan elke ouderling geleentheid gegee sal word om gereeld aan die kerkraad verslag te doen oor sy wyk, soos deur die kerkraad gereël. Dit is natuurlik vanselfsprekend dat 'n ouderling nie verslag sal kan doen as hy nie die lidmate in sy wyk gereeld besoek nie.

Voorlees van die Wet en Belydenis

Die Wet en Belydenis word in die eredienste deur die ouderlinge, soos gereël, voorgelees. In die konsistorie gaan een van die ouderlinge voor in gebed. Indien dit om een of ander rede onmoontlik is om hieraan mee te doen, moet u met die skriba daaroor praat.

Skrifgedeeltes wat in verskillende omstandighede gebruik kan word

In ons besoeke aan die verskillende huisgesinne en lidmate in die wyke het ons met wyduiteenlopende omstandighede en gesindhede te doen. In al hierdie omstandighede sal u die swaard van die Gees, nl. die Woord van God, moet hanteer. Voordat ons uit die Bybel vir u enkele skrifgedeeltes as leidrade gee, eers 'n paar opmerkings:

Die Bybel sê dat 'n dienskneg van die Here "bekwaam moet wees om te onderrig" en dat hy die "weerspanniges in sagmoedigheid moet teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die ken-

nis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die skrik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen" (2 Tim 2:23-26). Dus: die vermaning moet nie uit eie wysheid geskied nie. Ons opsig en toesig geskied met Gods Woord. Hierdie Woord en hy alleen, sny lewe en leer reg. Dit is die enigste maatstaf van leer en lewe in die kerk.

By die gebruik van die Woord van God as swaard van die Gees, moet ons egter versigtig wees. Niemand het die reg om 'n bepaalde gedeelte van die Bybel alleen as van toepassing op 'n ander se leer en lewe te sien nie. Daarom moet die ampsdraer altyd vir die lidmaat wat hy miskien moet vermaan, sê: kom ons luister na wat God self in sy Woord vir jou en my oor hierdie saak sê! Ek en jy staan albei saam en langs mekaar onder hierdie Woord. Christus regeer immers Sy kerk deur Sy Gees en Woord.

Nadat ons saam uit die Woord van God gehoor het wat God oor 'n bepaalde saak stel, kan ons ook saam bid en sal die ampsdraer heelwaarskynlik moet voorgaan. Hy sal dit egter só moet doen dat hy homself saam met die lidmaat voor die troon van God se genade stel en bid dat God van hom en hierdie lidmaat nie net hoorders nie, maar ook daders van Sy Woord sal maak.

Dit is verder ook nodig dat ons die een wat "swak is in die geloof" (Rom 14:1) in aanmerking sal neem. 1 Korintiërs 8 moet altyd deur ons in gedagte gehou word. Moenie met jou vryheid, of met jou kennis die geloof van ander skok nie. Wees egter ook op jou hoede dat die ander een sy "swakheid in die geloof" nie sal gebruik as aanleiding vir die sonde nie!

Dit wil alles onderstreep wat ons in Matteus 10:16 lees: "Wees dan versigtig soos slange en opreg soos duiwe."

Skrifgedeeltes wat in bepaalde omstandighede as leidrade kan dien

By die wat die Bybel, die erediens, die gebede en die sakramente verwaarloos

Handelinge 2:42 leer ons dat die gemeente van die Here, en daarom elke lidmaat: "hulle heelhartig toegelê het op die leer van die apostels en die onderlinge mededeelsaamheid, die gemeenskaplike maaltye en die gebede."

DIE BYBEL

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim 3:16-17). Sien ook (1 Pet 1:19-21; Rom 15:4). Die gelowige moet die "Skrif elke dag ondersoek" (Hand 17:11) en onthou dat selfs hy wat "'n deeglike kennis van die Skrif" het (Hand 18:24-28) nog baie meer daarvan kan leer tot heil van ander. Deur die getuienis (prediking) van die apostels en profete het ons gemeenskap met die Vader en sy Seun, Jesus Christus (1 Joh 1:1-3) want hierdie Skrifte getuig van Christus (Joh 5:39). Jesus se "wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God en sodat julle deur te glo, in Hom die lewe kan hê" (Joh 20:31).

Christus gee aan sy apostels en dus ook aan die kerk die opdrag: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels. Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28:19 en 20). Daarom sê Paulus vir Timoteus dat hy "as voorbeeld van gesonde woord moet hou dié wat hy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is" (2 Tim 1:13) en "bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Jesus Christus" (1 Tim 3:14-15).

Die Bybel leer ons alles wat nodig is om salig te word. Daarom mag niks by die Bybel bygevoeg of weggelaat word nie (Op 22:18-19) en, sê Paulus sal iemand, selfs ook 'n engel uit die hemel, wat 'n ander evangelie aan ons verkondig as die wat die apostels aan ons verkondig het, 'n vervloeking wees (Gal 1:8-9). Ons mag "nie dink bo wat geskrywe is nie" (1 Kor 4-6). Sien ook o.a. Josua 1:7 en Deuteronomium 4:1, 2, 13. Ons moet dit inskerp by ons kinders (Deut 6:1-9). "Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God" (Rom 10:17).

DIE EREDIENS

Hebreërs 10:25 vermaan: "En laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien naderkom." Die verskoning dat iemand nie kerk toe gaan uit gewoonte nie, word weerlê deur Lukas 4:16 wat sê dat Jesus "soos sy gewoonte was ... op die sabbatdag" na die sinagoge gegaan het. Lees ook in hierdie

verband Psalm 84:1, 11 en 12; Psalm 92:14, 15 en 1 Samuel 1:27 en 28. "Want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle" (Matt 18:20).

DIE NAGMAAL

(Matt 26:26-30, Mark 14:22-26, Luk 22:14-20, Hand 2:42, 1 Kor 11:23-29.)

DIE GEBED

- Ons word beveel om te volhard in die gebed: (Luk 18:1-8, Hand 2:42, Rom 12:12, Kol 4:2, 1 Tess 5:17, 1 Pet 4:7).
- Waarom die gebed vir die gelowiges nodig is: (Matt 7:7, Luk 11:9 en 13).
- Wat tot die gebed behoort; wat vir God welgevallig is en deur Hom verhoor word: (2 Kron 20:12, Ps 27:7,8, 34, 18, 145:18, Jes 66:2, Dan 9:18, Matt 7:8, Joh 4:22-24, 14:13, 16:23, Rom 8:26, 10, 14, Jak 1:6, 1 Joh 5:14, Op 19:10).
- Waarvoor ons God moet bid: (Matt 6:33, Jak 1:5, 17).
- Die gebed van die Here: (Matt 6:9-13 en Luk 11:2-4).

By die onverskilliges

Jesaja 55:6 en 7: "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want hy vergeef menigvuldiglik." Lees ook Lukas 12:13-21 en Daniël 4 en 5 wat handel oor die dwaasheid van die roem in jou self; Lukas 15 praat van die sondaar – opsoekende liefde van God; Matteus 25:1-13 oor geleenthede wat verbygaan; Lukas 16:19-31 oor dit wat vir ewig onherroeplik is; Psalm 1 en Psalm 53 oor die spotter en die dwaas. Kyk ook na Jesaja 57:20 en 21, Romeine 6:23 (loon van die sonde is die dood); Jesaja 53:6-8, Galasiërs 3:10, Efesiërs 2:1-5.

Die gesprek met die wat afvallig geword het

Lukas 15:18" "Ek sal dadelik na my pa teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen u gesondig!" Ook tekste uit die profete soos Jeremia 3:12 en 13, Hosea 4:1-3, 14:2 en 3; Haggai 1:5-11; 2 Kronieke 33:12 en 13, 2 Kronieke 26, Hebreërs 2:1-4, 2 Timoteus 4:10, 1 Johannes 2:15-17.

Die gesprek met hulle wie se geloof onder allerlei aanvegtinge staan:

"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te wees" (Joh 1:12). "Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol" (Jes 1:18). "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Hand 16:31). "Ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo" (Rom 1:17). Sien ook (Rom 5:1, 8:31-39, 10:9, Joh 3:14-17, 3:36, 5:24, 6:36 en 37, Joh 14:6, Luk 18:10-14, 19:10, Matt 1:21, 1 Tim 1:15, Ef 1:7, 2:18-19, Fil 1:6, 1 Joh 2:1-2, Op 3:20, 22:17, Jes 44:22, 45:22 en Ps 130).

Die gesprek met hulle wat 'n ergerlike lewe lei:

1 Korintiërs 6:19-20 "Weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julle self behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. Sien ook 1 Korintiërs 3:16 en 17, 6:10 (eintlik 1-10). "Laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie" (Ef 4:26), maar ook vers 28 (diefstal), vers 29 (vuil woorde) en 31 (bitterheid). Wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het" (Ef 4:32). Sien ook Romeine 12:19-21, 1 Korintiërs 13, Romeine 13:8-14, 1 Petrus 2:19-25, Matteus 5:23-24, 5:44-48, 6:12-15, 18:15-17, Spreuke 15:1, 17:14, 25:21-22, Kolossense 3:8-17.

Die gesprek met hulle wat siek is, sterwend is, in droefheid verkeer, beproef word:

"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is" (Rom 8:28). "Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid: later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is" (Heb 12:11). Vergelyk ook: Psalm 23, 40:6, 116:6, 116:12, 139:1 en 7, 32:5, 51:6, 143:2, 6:2-6 en 10, 20:3 en 4, 107:17-32, 31:15 en 16, 39:5-7, 90:12, 102:24, 22:2-6, 78:4, 6 en 7.

So ook Handelinge 20:32, Hebreërs 11:21, 2 Petrus 1:13 en 14. Lees

ook Jeremia 29:11, Klaagliedere 3:22, 2 Korintiërs 5:10, Romeine 1:17, 3:23 en 24, 8:18, Johannes 14:1-6, 15:1-5, 3:16, 1 Johannes 2:1, Lukas 11:5-13, 18:7 en 7, Matteus 8:16 en 17, 27:29-50, Markus 2:4,5, 10, 11, 2 Korintiërs 5:10, 4:17 en 18, 12:9, 5:1-8, Jakobus 5:14, 15 en 16, Eksodus 15:26, Hebreërs 4:14-16, 12:6 en 7, Miga 7:18 en 19, Genesis 49:18, Filippense 1:21, Job 5:17 en 18 en nog baie meer.

By die gesprek oor ons offergawes:

Die offergawes val onder die werke van die geloof – Jakobus 2:14. Omdat ek "deur die kosbare bloed van Christus, losgekoop is uit "my" ydele lewenswandel" (1 Pet 1:18 en 19), daarom behoort ek met alles wat ek het aan Hom. Daarom moet ek ook 'n gedeelte van my inkomste uit dankbaarheid teruggee aan God vir alles wat ek van Hom ontvang om Sy werk in die wêreld voort te sit (vergelyk Ps 116:17).

Bowendien is alles wat ek het 'n gawe van God. "Wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?" (1 Kor 4:7). Lees ook Haggai 2:8, 1 Kronieke 29:12-18, Deuteronomeum 8:17 en 18. Oor my besittings is ek slegs 'n rentmeester (Matt 24:14-30, Luk 16:1-2, 17-10). Maar God eis ook van ons ons offergawes (sien Eks 22:29, 23:15, 34:26, Lev 27:30, 1 Kron 16:29, Ps 66:13-16, 107:22, Mal 3:10, Luk 16:9-11, 1 Kor 16:1 en 2, 2 Kor 8 en 9). Veral ook 2 Korintiërs 8:1-5, 9, 11 en 24 en 9:2, 5, 8, 10, 11 en 12. Die God wat dit van ons eis, is die God wat ook sy kosbaarste aan ons nie teruggehou het nie (Joh 3:16, 2 Kor 9:15, Op 5:11 en 13). En, op hierdie daad van ons offerbereidheid wil God sy seën gebied, Eksodus 32:29, Spreuke 3:9 en 10, 11:24, Maleagie 3:10, 2 Korintiërs 9:6. Die Bybel sê ook hoe ek my offergawe moet gee: Dankbaar met vreugde (Eks 25:2, 35:5, Deut 26, Esra 2:68, 2 Kor 9:7, Op 4:9-11) volgens 'n vaste plan en nie net wanneer dit ons behaag nie (Eks 14:20, Lev 27:30, Neh 13:12, Mal 3:10), proporsioneel (Deut 16:17, Esra 2:69, 1 Kor 16:2), eerlik (Mal 1:8, 3:8, Hand 5:1-10), met gebed en toewyding aan God (1 Kron 29:10-19). En by dit alles moet ons onthou dat ons by ons dood niks kan meeneem nie (Ps 49:17 en 18, Pred 5:12, Jes 10:3, Luk 12:19-21, 1 Tim 6:7-11). Volgens die Bybel moet almal, klein en groot, ryk en arm gee. Niemand het nie iets wat hy nie van God ontvang het nie; ook die armste mens het nog oneindig veel om dankbaar voor God te wees. Sien byvoorbeeld Eksodus 35:4 en 5, Eksodus 36:6, 1 Konings 17:12-16, Lukas 21:1-4, Johannes 6:9.

Vir baie mense is dit ook 'n vraag: waarom moet ek gee vir die doen en uitbreiding van die werk van die Here? Vir die instandhouding van die erediens en kerk? Sien onder andere Eksodus 25:1-8, 2 Konings 12:9-12, Esra 2:68 en 69, Nehemia 10:32 en 33, 1 Korintiërs 9:6-14 en Filippense 4:18 – die twee laaste tekste het verband op die traktement van predikante). Verder word dit in die Bybel gestel dat ons vir die armes en hulphoewendes moet gee. (Sien Deut 15:7, Lev 19:10, Ps 41:2, Spr 19:17, Matt 25:35-46, Luk 10:25-37, Hand 11:29, Gal 6:10, Jak 2:14-16).

Al hierdie tekste het ons slegs gegee om vir u te dien as riglyne by die uitvoering van u ampswerk as ouderling. Dit is nie ons bedoeling om alle moontlike omstandighede en situasies op te som nie. Daar is nog baie meer. Dit is ook nie ons bedoeling met die lyste van tekste wat ons tog gegee het om volledig te wees nie. Daar kan nog baie bygevoeg word. U sal dus self voortdurend met die Bybel besig moet wees, worstelend soek na die Woord wat u moet spreek. Gereelde omgang met die Bybel bring ook groter "vaardigheid" mee.

Kontrole vrae

1. Huisbesoek is nie kuier nie. Wat is dit dan?

   .....

2. Die ouderling moet tydens huisbesoek aandag gee aan: doop, kategese, erediens, nagmaal, huisgodsdiens, offergawes jeug en kerklike publikasies. Hoe moet hy dit doen?

   .....

3. Wat moet die verhouding van die ouderling en diaken teenoor mekaar wees?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die huisbesoek van die ouderling, wat dit beteken en inhou.
2. Op welke wyse kan ouderlinge mekaar opskerp en help om hulle taak goed en reg te vervul.

Die ouderling en die opsig en die tug

Die eie karakter van die opsig en die tug

Wanneer oor *opsig* en *tug* gepraat word, praat ons oor die hele saak van die kerklike dissipline, die handhawing van die goeie orde in die gemeente, die noodsaaklikheid om die leer en die lewenswandel van almal in die gemeente in die spoor van Gods Woord en die belydenis te hou. In die gemeente kan die lidmaat of ampsdraer nie maar leer en leef soos elkeen dit goed dink nie.

Daar is 'n duidelik omlynde *leer* of samevatting van die sentrale inhoud van Gods Woord, dit is die belydenisskrifte. Daar is 'n grondpatroon vir die lewenswandel of manier van lewe wat nie sondermeer oortree kan word nie en dit is die kerklike orde soos dit in die kerkwet en bepalings na vore kom. So kan 'n lidmaat of 'n ampsdraer in die gemeente byvoorbeeld nié die leer van die kinderdoop openlik verwerp of teenspreek en dan verwag dat die ouderling of die kerkraad dit moet verdra nie. Net so kan 'n lidmaat of 'n ampsdraer in die gemeente nie maar leef soos hy goed dink en nooit die eredienste bywoon nie en dink dat die ouderling en die kerkraad niks daarvan mag sê nie. In die gemeente is daar sowel wat die leer as die lewenswandel betref 'n duidelike *orde* wat gehandhaaf moet word, 'n bepaalde *dissipline*, 'n sekere gehoorsaamheid aan Gods Woord.

Hierdie orde, dissipline en gehoorsaamheid word uit Gods Woord afgelees. Dit is dus nie iets mensliks of willekeurig nie. Die orde van die gemeente is die orde van die koninkryk van God, die gehoorsaamheid is die gehoorsaamheid aan die evangelie, die dissipline is die dissipline wat voortvloei uit die geloof in Jesus Christus, die Hoof en Heer van die kerk. Daarom is dit ook so dat die orde, dissipline, en gehoorsaamheid ten nouste verbind is met die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus. Deur die verkondiging ontstaan die gemeente, deur die verkondiging word die gemeente gebou in die geloof, deur die verkondiging word almal geroep tot 'n lewe van geloof in en gehoorsaamheid aan Jesus Christus.

In die gemeente is dit dan veral die ouderling, die dienskneg van Jesus Christus wat spesifiek daartoe geroep word, wat moet toesien dat die belydenis van die waarheid en die ordeninge van Christus gehandhaaf word.

Wat is die opsig?

Wanneer die vraag na die betekenis van die opsig en die tug gevra word, word terselfdertyd duidelik waarom die amp van die regerende ouderling so 'n belangrike amp in die gemeente is. In die *formulier vir die bevestiging van ouderlinge* word die eerste deel van die amp van ouderlinge so omskrywe: "So is dan ten *eerste* die amp van die ouderling om, saam met die dienaars van die Woord, opsig te hou oor die gemeente wat aan hulle toevertrou is,

- om naarstig toe te sien of elkeen in belydenis en wandel hom behoorlik gedra,
- om die wat hulle onstigtelik gedra, te vermaan,
- om soveel moontlik te verhoed dat die sakramente ontheilig word, verder
- om teen die onboetvaardiges volgens die christelike tug te handel, en
- om die boetvaardiges weer in die skoot van die kerk te ontvang."

Die maatstaf en die reël waarvolgens dit alles gedoen moet word, is vanselfsprekend die Woord van God.

So word die opdrag van die ouderling in die formulier opgesom. Dit alles word nou in die kerkwet ten opsigte van die *opsig* en ten opsigte van die *tug* uitgespel. In die kerkwet en bepalings kry ons dus hierdie opdrag in die vorm van bepaalde *kerkordelike reëls*. Die opdrag in die formulier en die reëls wat in die kerkwet en bepalings neergelê word, vind hulle oorsprong in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 30, 31 en 32. Veral artikel 30 is belangrik want daar sê ons dat ons glo en bely:

"Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.

Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te preek en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm.

Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei word, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word en, dat ook die armes en bedroefdes volgens hulle nood gehelp en getroos kan word."

Die opsig- en tugopdrag van die ouderling is dus 'n onderdeel van

die geestelike regering wat die ouderling, in opdrag van Jesus Christus, die Heer van die kerk, moet uitvoer. Daarom moet daar 'n duidelik begrip van sowel die opsig as die tug wees want beide is opdragte wat sorgvuldig beskryf is en wat ook duidelike grense het.

Die opsig en tug moet gehandhaaf word sodat die gemeente *ordelik*, dit wil sê, volgens die eis en reël van Gods Woord in die kerk en in die wêreld kan lewe, sodat die gemeente 'n goeie getuie van Jesus Christus kan wees. Opsig en tug het dus te make met die goeie orde van die gemeente. Hierdie orde en dissipline is nie net 'n uiterlike dissipline nie maar veral 'n innerlike dissipline. 'n Mens kan dié innerlike dissipline ook omskryf as 'n blymoedige en dankbare gehoorsaamheid aan die Woord van God of, soos die belydenis dit stel, 'n gewilligheid om aan die juk van Christus onderworpe te wees.

Omdat die gelowige egter nooit meer as 'n gelowige sondaar is nie bestaan die moontlikheid altyd dat die gelowige hom tog sal verset en nié gehoorsaam sal wees aan die Woord van God nie. Dan is dit die taak van die ouderling om die ongehoorsame tot gehoorsaamheid en ordelikheid terug te lei deur die ongehoorsame op geestelike wyse in toom te hou en indien nodig, te straf. Daardie *op geestelike wyse in toom hou en straf* is wat die kerkwet die opsig en die tug noem.

Die opsig volgens die Kerkwet en Bepalings

Die opsig word, om dit algemeen te stel, uitgevoer deur die opvoedende, vermandende en teregwysende *gesprek* wat die ouderling voer met die doop- en belydende lidmate van die gemeente.

Om dit te kan doen is dit nodig dat die ouderlinge gereeld in hulle wyke en minstens voor elke nagmaalsviering die gemeentelede by hulle huise en minstens een maal per kwartaal alle katkisasieklasse in hulle wyke, sal besoek.

Die huisbesoek is dié geleentheid by uitstek waar die ouderling die opsig uitoefen deur 'n gesprek te voer met al die huisgesinne en lidmate in sy wyk. Wat presies met hierdie *gesprek* bedoel word, word deur die kerkwet soos volg gestel:

1. "Die kerkraad hou opsig oor dooplidmate en ongedooptes deur toe te sien dat hulle tuis kategese ontvang, dat hulle greeld deur kategete onderrig word, gereeld Bybel lees en bid, eredienste getrou bywoon en 'n Christelike lewe lei.

2. Die kerkraad hou opsig oor belydende lidmate deur toe te sien dat hulle:
   (a) Christelik lewe en 'n suiwere leer aanhang,
   (b) huisgodsdiens hou en gereel bid,
   (c) eredienste getrou bywoon, hulle kinders laat doop en gereeld nagmaal gebruik,
   (d) genoesame offergawes gee sodat behoeftiges versorg, die gemeente en kerk in stand gehou en die evangelie verkondig kan word,
   (e) hulle kinders in ooreenstemming met die doopbelofte opvoed,
   (f) die priesterskap van die gelowiges uitlewe en
   (g) die wet en bepalings en besluite van die vergaderings nakom en uitvoer."

Deur die gesprek hou die ouderling opsig oor die lidmate in sy wyk én in die gemeente. Die gesprek wat die ouderling met huisbesoek voer gaan dus minstens oor al die sake wat hierbo aangestip word. Omdat hierdie gesprek met die huisgesin en die enkele lidmaat vanuit die Heilige Skrif gevoer word, is dit ook een van die maniere waarop die ouderling die gemeente deur die Woord regeer. Terselfdertyd, deur oor hierdie sake te praat en die huisgesinne en die lidmate aan te spoor om hierdie lewensreëls na te kom in hulle gewone daaglikse lewe is die ouderling besig om die orde en die dissipline in die gemeente te handhaaf en te bevorder.

Uit die aard van die saak sal die ouderling taktvol, met inagneming van die aard van elke huisgesin en lidmaat, hierdie gesprek voer.

Die ouderling is beslis nié 'n soort kerklike inspekteur of 'n polisieman nie maar 'n gelowige wat in opdrag van Jesus Christus self sy medegelowiges met die Woord van God regeer, vertroos, bestraf en vermaan en versterk, soos wat dit nodig is. Daarom kan dit gebeur dat die ouderling nie met élke huisbesoek oor al die bogenoemde sake hoef te praat nie maar sy goeie oordeel kan gebruik. Die ouderling sal slegs vermaan waar vermaning nodig is, sal aanmoedig en lof toeswaai waar dit verdien is. Bowe-al sal die ouderling, ook in hierdie deel van sy arbeid, steeds moet onthou dat die evangelie van Jesus Christus 'n goeie boodskap is wat by die gelowige blye dankbaarheid oproep, 'n dankbarheid wat uitgeleef word volgens die lewensreëls van die volk van God.

Omdat die gelowiges nog altyd sondaars bly, is dit so dat daar lidmate is en sal wees wat hulle nié aan die opsig van die ouderling sal of wil onderwerp nie. So kan dit gebeur dat daar huisgesinne of lidmate is wat na herhaalde vermanings en teregwysings van die ouderling nie wil hoor nie en in hulle verkeerdheid volhard. Sou dit gebeur dan is daar verskillende moontlikhede om dié probleem te probeer oplos.

In die eerste plek sal die ouderling sekerlik so 'n saak met die predikant bespreek en ook sy hulp inroep om die ongehoorsame lidmaat of huisgesin te vermaan en te oorreed om hulle van hulle verkeerdheid te bekeer.

In die tweede plek kan 'n ouderling, nadat die hulp van die predikant ook nie goeie vrugte afgewerp het nie, so 'n probleem ter sprake bring by 'n kerkraadsvergadering waar die kerkraad kan besluit om die ouderling óf goeie raad te gee óf so 'n lidmaat of huisgesin vir 'n gesprek op te roep.

In die derde plek kan die ouderling, 'n beswaar of beklaging teen 'n lidmaat of 'n huisgesin by die kerkraad indien sodat daar 'n gesprek tussen die kerkraad en die ongehoorsames kan plaasvind.

Die grondliggende gedagte hier is dat die ongehoorsame lidmaat of huisgesin deur hulle ongehoorsaamheid aan die Skrif die goeie orde en dissipline van die gemeente versteur. As daar, byvoorbeeld, lidmate in die gemeente is wat nié gereeld die eredienste besoek nie en die ouderling, predikant en kerkraad laat dit maar toe dan sal die orde en die dissipline in die gemeente wat dit betref, geleidelik uitrafel. Dan is dit mos vir die gemeente duidelik dat dit nie saak maak as hulle nie kerktoe gaan nie.

So sal die gemeente in sy geheel geleidelik op hierdie punt in sy gehoorsaamheid en dankbaarheid verslap omdat die ampsdraers hulle nie op hulle tekortkomings wys of hulle reg lei nie. Daarom kan die ouderling en kerkraad so-iets nie toelaat nie en as hulle dit wel toelaat, is hulle nie getroue diensknegte van Jesus Christus nie.

Die vergadering van die ampte en die opsig

Soos dit duidelik uit die kerkwet blyk, is die opsig nie net 'n taak van die ouderling nie maar ook 'n taak vir verskillende vergaderings van die ampte wat die opsig moet uitoefen. Soos hierbo aangetoon kan 'n kerkraadsvergadering een of meer ongehoorsame lidmate oproep om met die kerkraad 'n gesprek te voer oor hulle houding, gedrag of op-

vattings. Wanneer dit gebeur word die opsig gevoer deur middel van 'n gesprek en nié deur 'n verhoor nie. Net soos die gesprek wat die ouderling met huisbesoek of met ander geleenthede met 'n onderhoorsame lidmaat voer, so sal, in die breë gesien, die gesprek op 'n kerkraadsvergadering óók verloop.

Die prosedure hier is nié so ingewikkeld nie. Die betrokke lidmaat word na die kerkraadsvergadering *uitgenooi* of *versoek* om dit by te woon. Dit gaan hier om 'n gesprek en nie om 'n verhoor nie! Juis omdat die opsig by wyse van 'n gesprek gehou word, gee die kerkwet nie presiese voorskrifte oor *hoe* 'n lidmaat versoek moet word om 'n gesprek metk die kerkraad onder die opsigte kom voer nie. Normaalweg sal so 'n uitnodiging seker *skriftelik* wees en sal dit die uitgenodigde genoeg tyd moet gee om sy reëlings so te tref dat hy die kerkraadsvergadering kan bywoon. Uit die aard van die saak sal die uitnodiging ook moet vermeld *waaroor* die kerkraad met die betrokke lidmaat wil praat.

Indien 'n lidmaat wat so uitgenooi word om die kerkraad te ontmoet sonder gegronde redes weier om te kom, kan sy optrede as *verset teen die kerkraad* beskou word. Dit kan dan die grond vir 'n formele klag word. Dit lyk volkome verkeerd, veral gesien in die lig van die opsig as 'n geheel, indien 'n kerkraad 'n lidmaat wat weier om onder die opsig 'n gesprek met die kerkraad te voer, sondermeer straf deur hom te verbied om die sakramente te gebruik. In 'n tugsaak is dit wel moontlik, maar bogenoemde gesprek was nog nie 'n tugsaak nie.

Die hele doel van die gesprek wat die kerkraad met die ongehoorsame lidmaat onder die opsig wil voer, is presies dieselfde as dié van die gesprek van die ouderling met die lidmaat, dit wil sê, "om die verkeerdheid uit die weg te ruim." Onder die opsig wil die kerkraad nie skuld vasstel of straf nie maar die kerkraad wil, deur middel van die persoonlike gesprek, 'n bevredigende oplossing probeer vind. Die grense van die gesprek onder die opsig word bereik as die ongehoorsame lidmaat bestraf word. Maar daardie bestraffing kan nog nie enige van die lidmaat se regte of voorregte ontneem nie.

Dit is ook duidelik dat die gesprek van 'n kerkraadsvergadering met 'n ongehoorsame lidmaat nie net een keer hoef plaas te vind nie maar dat daar opvolgende gesprekke kan wees. Die bedoeling van die opsig is immers om 'n bepaalde verkeerdheid of probleem uit die weg te ruim. Die kerkraad, die vergadering van die ouderlinge of oudstes van die gemeente, wil met sy wysheid, geloofservaring en

kennis van die Heilige Skrif 'n bepaalde lidmaat wat die pad byster geraak het, weer op die spoor van gehoorsaamheid aan die Skrif bring. Daarom tree die vergadering van die ampte ook nie soos 'n foutvinderige liggaam op nie maar soos 'n vergadering van diensknegte van Jesus Christus wat 'n mede-gelowige deur raad, waarskuwing, teregwysing of bestraffing *wil reghelp* sodat die lidmaat weer ordelik en gehoorsaam aan die Woord van God sal lewe. Dit is 'n fout as 'n kerkraad die opsig wil gebruik om 'n lidmaat "reg te sien" of om hom te verneder of so te behandel dat hy die gemeente sal verlaat. Dan maak die kerkraad misbruik van sy geestelike gesag en sy magsposisie en dit kan onder geen omstandighede in die kerk van Jesus Christus geduld word nie.

Oor die algemeen kan die stelreël hier neergelê word dat die bedoeling van die opsig is om tughandelinge te voorkom. Dit geld natuurlik óók die opsig wat deur die Ringsvergadering en die Algemene Kerkvergadering gehou word.

Die opsig wat oorgaan in tug

Die bedoeling van die opsig is om tughandelinge te voorkom. Dit kan egter gebeur dat die ongehoorsame lidmaat hom teen die opsig van die ouderling en van die kerkraad verset. Dan dwing die ongehoorsame lidmaat as 't ware die kerkraad om uiteindelik, na ontvangs van 'n formele klag, tughandelinge te oorweeg. Dit kom dus daarop neer dat tughandelinge alléén ingestel word *nadat* daar reeds 'n lang pad met die ongehoorsame lidmaat onder die opsig geloop is. Dit is net in die geval van *die ergerlike sondes* dat 'n kerkraad 'n formele klag kan behandel sonder dat daar eers onder die opsig gehandel is.

Opmerkings oor die tug

Daar is 'n baie duidelike onderskeid wat tussen die opsig en die tug gemaak moet word. Ook in die bepalings van die kerkwet word dit duidelik want bepaling 99-107 staan onder die opskrif *Die Kerklike Opsig* en bepaling 108-132 staan onder die opskrif *Die Kerklike Tug*. 'n Ouderling en 'n kerkraad moet altyd toesien dat dié bepalings nie deurmekaar gebruik word nie. So kan, byvoorbeeld, bepaling 120 wat op die tug betrekking het, *nooit* gebruik word wanneer 'n ouderling of 'n kerkraad nog met die opsig besig is nie.

As mens vra na die betekenis van die woordjie *tug* dan blyk dit dat die woord 'n wye betekenis het. Aan die een kant beteken dit *opvoed* en *onderhou* en aan die ander kant *die teengaan of teregwysing van die verkeerde of afwykende*. So kom die betekenis dan na vore dat mens moet sê tug beteken om leiding te gee om iemand by die goeie te hou en van die verkeerde weg te hou. As mens nou *tug* en *dissipline* saamvat dan gaan dit hier om: opvoeding, handhawing van die orde, bestraffing van die sonde.

Die tug, net soos die opsig, het 'n geestelike karakter want ook hier is en bly die Woord van God die maatstaf van alle optrede. Die sonde moet volgens die Woord beoordeel word en uit die Woord bestraf word. Dit wil nou nie sê dat die Bybel soos 'n wetboek hanteer moet word nie. In die lig van die Skrif moet die erns van die sonde gesien word en moet so opgetree word dat die sondaar hom van sy sonde sal bekeer en weer, soos 'n gehoorsame lidmaat, in die gemeente sal lewe. Dit gaan dus ook in die tug, om die behoud van die gelowige sondaar ook wanneer met vermaning en straf opgetree word. Daarby moet ons stel dat die tug nie in die eerste plek wil *straf* nie maar tot bekering, tot die terugkeer na die gehoorsaamheid aan die Woord van God wil aanspoor. Die tug en die hele handhawing van die dissipline en orde is dus nie een of ander mag of gesag wat die ouderling of 'n vergadering van die ampte hanteer los van die evangelie of los van die prediking van die vergewing van die sondes nie. Juis hierdie verband tussen die opsig en tug aan die een kant en die prediking van die evangelie aan die ander kant bepaal die gees en die gesindheid waarin en waarmee die kerklike opsig en tug hanteer word. Dit gaan hier om die evangelie en nie die uit-oefening van mag of dwang nie. Hoewel die tug met die nodige strengheid uitgeoefen moet word, vanweë die erns van die sonde, moet dit altyd strengheid wees wat getemper word deur barmhartigheid en vriendelikheid. *Die tug is nie net 'n bestraffing nie maar ook 'n geneesmiddel* want dit wil die lidmaat behou en nie verwilder nie. Daarom word altyd beklemtoon dat die doel van tug is om tot berou en bekering te lei en nie tot verbittering en wanhoop nie. Die verdere doelwitte van die tug word in die kerkwet soos volg aangedui:

1. "Die tug wil tot berou aanspoor, die eendrag en eenheid bevorder en bewaar, en almal gehoorsaam aan God hou. Dit word bereik deur:

(a) die suiwere leer en lewenswandel in elke opsig te handhaaf;
(b) die Sakramente deur niemand te laat ontheilig nie;
(c) die dissipline, goeie orde en vrede deur almal te laat bewaar;
(d) die wet en bepalings, verordeninge en besluite van die Algemene Kerkvergadering en ander vergaderings deur alle lidmate, ampsdraers, vergaderings en organe van bystand te laat nakom."

Die tughandeling

Die tughandeling is altyd 'n saak vir 'n vergadering van die ampte en dit kan nooit deur 'n enkele ouderling of 'n kommissie van 'n vergadering hanteer word nie.

Die beginpunt van alle tughandelinge is altyd 'n wettige klag. As daar nie 'n wettige klag bestaan nie, kan daar géén tughandelinge wees nie.

Die vereistes vir 'n wettige klag word in die kerkwet uitvoerig omskrywe en voordat 'n vergadering van die ampte met 'n tughandeling begin, moet die vergadering homself oortuig dat die klag in alle opsigte met die voorskrifte van die kerkwet ooreenkom.

Hier moet daarop gewys word dat 'n tughandeling 'n formele aangeleentheid is waar stiptelik volgens die voorskrifte van die wet en bepalings gehandel moet word. Dit is juis so noodsaaklik omdat met 'n tughandeling die kerkraad (of die ander vergaderings van die ampte) as 'n soort hof byeenkom om 'n saak aan te hoor, skuld vas te stel en dan 'n bevinding te maak. Dit is hier die taak van die kerkraad (en dus van elke ouderling) om sorgvuldig toe te sien dat die klaer en die aangeklaagde genoeg tyd en geleentheid kry om hulleself vir die saak voor te berei, hulle saak voor die kerkraad te stel en mekaar uit te vra en dat almal wat betrokke is 'n billike kans kry om hulle bydrae tot die hele ondersoek te maak sodat die kerkraad uiteindelik, met al die getuienis tot sy beskikking 'n billike en regverdige oordeel oor die hele saak kan vel.

Anders as by die opsig wat 'n *gesprek* is, is die tughandeling 'n soort *verhoor*. Die stellings en standpunte wat die klaer en die aangeklaagde maak, moet dus deur getuienis gestaaf word. Die kerkraad moet dus vasstel wat die waarheid is, die ware feite en alleen op grond van dit wat getoets en bevestig is, vasstel wat sy beoordeling van dié feite is. Alleen so kan 'n kerkraad dan skuld of onskuld vasstel.

Sou 'n kerkraad in hierdie proses, vir watter rede ookal, nie volgens die wet en die bepalings handel nie, is sy handelinge en bevinding onvanpas. Dan het so 'n kerkraad buite sy bevoegdhede gehandel en is sy handelinge en bevinding *nietig* of totaal *ongeldig*.

Juis omdat dit nodig is dat by tughandelinge *stiptelik* volgens die letter en gees van die wet en bepaling gehandel *moet* word, is daar uitvoerige bepalings opgestel sodat elke vergadering van die ampte wat met tughandelinge te doen kry, presies kan weet hoe hy moet handel. Daarby stel bepaling 111 dat 'n kerklike vergadering wat tughandelinge moet onderneem, die reg het om 'n adviseur aan te wys om die vergadering met raad en advies te bedien sodat alles ordelik en billik sal verloop.

Dit bly egter noodsaaklik dat elke ouderling homself behoorlik op hoogte moet stel van al die voorskrifte wat hier geld. Dit is deel van die opdrag van die ouderling dat hy, indien nodig, saam met sy mede-ouderlinge die tug sal uitoefen. 'n Klein bietjie toewyding is genoeg om elke ouderling in staat te stel om bepaling 109-128 deur te lees en te ken sodat hy op 'n verantwoordelike wyse as lid van 'n vergadering wat die tug moet uitoefen, kan optree. Dit is net nie goed genoeg as 'n ouderling maar alles aan die voorsitter van die vergadering oorlaat en alleen op sy leiding staatmaak nie.

Die klag en wat daarmee saamhang

Soos reeds gestel, kan tughandelinge alleen 'n aanvang neem *nadat* 'n wettige klag ingedien is. Elke lidmaat of ampsdraer en selfs 'n vergadering van die ampte mag 'n klag indien. As die skriftelike klag voldoen aan die vereistes wat die kerkwet stel, dan kan die vergadering die klag behandel. Die *vereistes vir 'n klag* word in bepaling 117 genoem sodat die kerkraad kan oordeel of die klag inderdaad 'n saak van erns is. Terselfdertyd moet die klag so wees dat die aangeklaagde daaruit presies kan aflei waarvan hy aangekla word. Sou dit blyk dat 'n skriftelike klag nie aan die vereistes van die kerkwet voldoen nie, kan die kerkraad dit as 'n *beklaging* beskou en die saak dan onder die opsig hanteer.

Normaalweg sal dit so wees dat 'n kerkraad eers met tughandelinge sal begin nadat daar reeds onder die opsig met die aangeklaagde gehandel is. Aangesien daar egter *aanstootlike sondes* bestaan wat van so 'n aard is dat dit dadelike optrede vereis, kan die kerk-

raad, met verbygaan van die opsig, 'n klag aanvaar wanneer dit oor 'n aanstootlike sonde gaan.

Die behandeling van die klag en die afhandeling van die saak

Die behandeling van die klag word sorgvuldig deur die kerkwet beskryf. Hoewel by die behandeling die ouderling 'n lid van die vergadering is wat 'n tugsaak behandel, moet hy as *verantwoordelike lid* hom presies op die hoogte stel van die prosedure wat gevolg moet word en by die beoordeling van die feite en die vasstelling van die bevinding moet die ouderling sy bydrae lewer.

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat hoewel die kerkraad by die behandeling van 'n tugsaak as 'n soort van hof konstitueer, dit hier nooit gaan om die uitoefening van eie gesag nie. Hier word die gesaghebbende Woord van God hanteer waarna *almal* wat by die tugsaak betrokke is, moet luister. Hoewel daardie Woord 'n oordeel oor die sondaar en die sonde inhou, is dit ook verkondiging van genade. Daarom moet in 'n tugsaak nooit vergeet word dat die bekering van die sondaar die doel van die tug is en nié net om die sondaar te straf nie. Daar moet op gelet word dat die tughandeling nooit losgemaak mag word van die Woord nie.

By die behandeling van 'n klag is daar 'n paar sake waarop die ouderling in die besonder moet let. *In die eerste plek* moet die ouderling toesien dat niemand onverhoord veroordeel word nie (vergelyk Deut 1:17 en Joh 7:51). Met ander woorde 'n aangeklaagde mag nie veroordeel word voordat hy nie 'n kans gehad het om so volledig as wat hy kan, op die aanklag te antwoord nie.

In die tweede plek moet onthou word dat niemand 'n regter in sy eie saak kan wees nie. Dié reël wil waarborg dat 'n aangeklaagde nie benadeel sal word nie. Indien 'n ouderling dus 'n klag lê, kan hy nie óók sitting neem as lid van die kerkraad wat dié klag moet beoordeel nie. As op hierdie punt twyfel bestaan, moet daar eers gesaghebbende inligting ingewin word.

In die derde plek moet die ouderling ook bydra dat tydens die ondersoek na die klag so onbevooroordeeld as moontlik deur die kerkraad opgetree sal word. Dit wil sê dat klaers en aangeklaagde oor dieselfde kam geskeer moet word.

Ten slotte moet elke ouderling te alle tye sy volle aandag aan die saak gee en 'n eie oordeel probeer vorm en hom nie sondermeer net laat lei deur die voorsitter van die vergadering of 'n ander lid van die

kerkraad nie. Ook by 'n tugsaak is die ouderling 'n verantwoordelike dienskneg van Jesus Christus wat sowel die eer van God, die orde van die gemeente en die geestelike welsyn van die aangeklaagde lidmaat in die oog moet hou.

Soms word die beswaar veral deur die ouderlinge geopper dat hy wat self nie sondeloos is nie nie die reg het om as regter oor 'n medegelowige te sit nie. Dan moet die ouderling onthou dat in enige tugsaak dit nié gaan om wat die ouderling self daaroor mag dink of voel nie. Die groot vraag is immers: wat sê die Woord van God oor hierdie saak? Die hele kerklike ondersoek na 'n klag is net dit en niks meer nie. Gods Woord is as 't ware die "regter" in die saak en nié die ouderling of die kerkraad nie. Dit blyk ook dáaruit dat as die kerkraad, nadat al die getuienis aangehoor is, 'n bevinding moet maak wat nié op eie insig gegrond moet wees nie maar dat dit vasgestel moet word op grond van:

- die voorskrifte van die Woord van God
- die belydenisskrifte,
- die wet en bepalings,
- die besluite van die kerk,
- die voortdurende gebruik van die kerk,
- die presedente wat bestaan.

Dit beteken dat die ouderling op hoogte van al hierdie sake moet wees. As dit na 'n ietwat onmoontlike opdrag klink dan moet daar tog weer gelet word op die aanwysing in die formulier vir die bevestiging waar baie duidelik aan die ouderling gesê word:

"om dit te kan doen (dit wil sê sy ampswerk) is die ouderlinge *verplig* om die Woord van God ywerig te ondersoek en hulle gedurig te oefen in die oordenking van die verborgenhede van die geloof."

Nadat 'n tugsaak grondig deur die kerkraad ondersoek is, moet die vergadering tot 'n beslissing kom. Indien bevind word, op grond van die ware feite wat voor die kerkraad gelê is, dat die klag gestaaf is, moet tugmiddels toegepas word. Dié tugmiddels is óf 'n vermaning of bestraffing van die skuldige óf daar kan besluit word om die skuldige te verbied om die sakramente te gebruik totdat hy hom van sy sonde bekeer en berou getoon het. Dit is nogal belangrik om daarop te let dat die "ligste" vorm van tug die *vermaning, teregwysing of bestraffing* is. Terselfdertyd is die *bestraffing* die verste wat onder die

opsig gegaan kan word. So word dit duidelik dat die opsig in die tug kan oorgaan. Terselfdertyd dui dit ook aan waar die grens van die opsig lê en waar die tug begin.

Wat ampsdraers betref, kan hulle ook 'n tyd lank geskors word of uit die amp afgesit word. Omdat tughandelinge ten opsigte van die ampsdraers alleen deur meerdere vergaderings hanteer word, sal nie alle ouderlinge by derglike sake betrek word nie. Daarom word daarop nie verder ingegaan nie behalwe om te stel dat dieselfde basiese beginsels wat by 'n kerkraadvergadering geld daar ook geldig is.

Bearbeiding van 'n lidmaat wat onder sensuur is

Die lidmaat wat onder sensuur is of wat die gebruik van die sakramente ontsê is, het baie duidelik die toegespitste sorg van sy ouderling nodig. Terwyl die doel van die tug is dat die sondaar hom moet bekeer sal die ouderling sy bearbeiding so moet inrig dat die lidmaat inderdaad berou sal toon en sy leer en lewenswandel so sal verbeter dat dit in die kerklike patroon pas.

Indien so 'n lidmaat positief reageer, sal die ouderling dit nie alleen onder die aandag van die kerkraad bring nie maar sal hy ook die lidmaat kan bystaan wanneer die lidmaat by die kerkraad aansoek doen om weer die sakramente te mag gebruik. Dit wil lyk of so 'n versoek skriftelik moet wees. Die kerkraad sal nie net die skriftelike versoek kan behandel nie. Die betrokke lidmaat sal op 'n kerkraadsvergadering teenwoordig moet wees waar die kerkraad in 'n gesprek met die lidmaat homself moet oortuig dat die lidmaat inderdaad berou het en hom van sy sonde bekeer het.

Indien die lidmaat wat die gebruik van die sakramente ontsê is, nié positief reageer nie dan "word hy uit die gemeenskap van die gelowiges uitgesluit met gebruikmaking van die formulier van die ban." Uit die aard van die saak kan dit alleen vasgestel word as die wyksouderling met sy bearbeiding van die lidmaat voortgegaan het.

Die uitsluiting van 'n lidmaat met die formulier van die ban kan alleen op 'n kerkraadsvergadering gedoen word nadat die wyksouderling oor die volhardende verset van die lidmaat geraporteer het en nadat die kerkraad weer 'n gesprek met die lidmaat gevoer het.

Die afsnyding met die ban

Ten opsigte van die afsnyding met die ban moet daarteen gewaak word om nie die betekenis daarvan te gering te skat nie as sou dit net

die oordeel van mense wees waaraan nie te veel waarde geheg moet word nie. As die kerkraad die ban uitspreek, is hy besig met die geestelike regspraak waartoe die kerkraad ook in Matteus 18:15 'n opdrag van Christus ontvang het. Gelei deur die Woord en Gees van God mag die kerkraad wat hier 'n uitspraak gemaak het, nie geminag word nie want in laaste instansie is dit Christus self wat deur die ampte spreek en handel.

Aan die ander kant moet die betekenis van die ban ook nie oordryf word nie asof die sondaar hiermee finaal tot die ewige dood en verdoemenis veroordeel is nie. Die kerkraad het beslis nie die opdrag om tussen uitverkorenes en verworpenes te onderskei nie en met die toepassing van die ban is die kerkraad ook nie besig om so 'n onderskeid te maak nie. Die ban kan nooit gelykgestel word met die veroordeling tot die ewige verdoemenis nie.

Die betrokke formulier is nogal sober in sy woordgebruik as gestel word: "Daarom verklaar ons ... dat XYZ ... hierby uitgesluit word buite die gemeenskap van die Heer en vreemd is aan die gemeenskap van Christus, van die heilige sakramente en van alle geestelike seëninge en weldade van God ... so lank as hy hardnekkig en onboetvaardig in sy sondes bly."

Dit is hieruit duidelik dat die krag van God nie beperk word nie en dat daar ook geen inbinding van Gods barmhartigheid geleer word nie. Hoewel die kerkraad met die gebruikmaking van die ban 'n harde oordeel uitspreek, is dit tog nie die laaste woord nie. In die gebed van die formulier word gevra: "... laat dan tog 'n goeie ywer in ons ontvlam, sodat ons met goeie christelike vermaninge en voorbeelde kan trag om hierdie afgesnyde persoon ... weer op die regte pad te bring."

Dit bly egter staan dat diegene wat ooreenkomstig die Woord van God met die formulier van die ban afgesny is, buite die kerk en buite Christus staan. Tog is dit nie die laaste woord oor die sondaar nie maar slegs 'n voorlaaste woord. Selfs in die afsnyding deur die ban word nog die evangelie van God se liefde tot die sondaar gehoor.

Omdat die afsnyding met die ban nie net uitsluiting van die sakramente maar ook van die kerklike gemeenskap is, mag die lidmate van die gemeente geen vertroulike omgang met die afgesnedene hê nie. So wil die kerk die besmettende werking van die sonde beperk en die skyn vermy dat die sonde in die gemeente geduld word. Terselfdertyd egter moet, volgens die woord van 2 Tessalonisense 3:15 die afgesnedene nié as 'n vyand behandel word nie, maar as 'n

broeder. Met ander woorde ook die afgesnedene staan nie volkome buite die belangstelling van die gemeente nie want die gemeente wil juis hê dat die sondaar hom sal bekeer en terugkeer na die gemeenskap van die gemeente.

Ten slotte moet daarop gewys word dat die afsnyding met die ban nooit anders kan geskied as tydens 'n godsdiensoefening van die gemeente waar die formulier van die ban gelees *moet* word nie.

Slotopmerkings

Dit was die kerkvader Johannes Calvyn wat in 'n preek oor 1 Timoteus 1:19-20 gestel het dat die tug en die afsnyding deur die ban nie ingestel is volgens die idee en smaak van die mense nie maar dat dit gebeur op gesag van die Seun van God teen wie ons ons nie mag verset nie. Daarom is die handhawing van die orde en dissipline en die toepassing van die tug altyd 'n teken van 'n goed-geordende gemeente.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit nog sterker en sien die tug as die derde merkteken van die ware kerk. Die belang en betekenis van die kerklike tug, die handhawing van die orde en dissipline ten opsigte van die leer en lewenswandel van die lidmate van die gemeente lê daarin dat die opsig en die tug 'n vaste onderdeel van die opvoedende taak van die kerk is. Soos Calvyn dit stel, behoort die opsig en tug tot die moederlike taak van die kerk. Daardie moederlike taak van die kerk bestaan daarin dat die kerk, deur die ampte en hulle dienswerk, ons ontvang en voed, dat die kerk ons bewaar, lei en versorg en dat die kerk daardie taak volvoer so lank as wat ons nog in die menslike vlees is. Die opvoedende, versorgende, bewarende taak van die kerk en sy ampte eindig eers as ons hierdie aardse lewe aflê.

Kontrole vrae

1. Wat is opsig en wat is tug?

   .....

2. Wanneer gaan opsig oor in tug?

   .....

3. Wat is die bedoeling van die opsig en die tug?

   .....

4. Watter liggaam in 'n gemeente hanteer die tug en hoe word dit gedoen?

   .....

5. Hoekom is die kerkwet so belangrik wanneer 'n lidmaat getug word?

   .....

6. Hoe word die opsigtaak tydens huisbesoek uitgevoer?

   .....

7. Hoekom moet 'n lidmaat wat onder sensuur is nog bearbei word?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die karakter van die opsig en tug.
2. Die hantering van 'n beklaging en van 'n klag.
3. Bespreek die artikels van die kerkwet wat oor opsig en tug handel.
4. Die bearbeiding van lidmate wat onder sensuur is.
5. Kom die kerklike tug in die gemeente tot sy reg?

Die ouderling en die predikant

Om die verhouding tussen ouderling en predikant te bepaal sal dit eers nodig wees om kortliks na te gaan wat hulle onderskeie take in die algemeen is. Dan eers kan die besondere verhouding tussen hierdie twee persone wat op die voorpos van die gemeente gestel is, nagegaan word. Daar is 'n mate van ooreenstemming tussen die roeping van ouderling en predikant. Hulle take en pligte dek tot op groot hoogte dieselfde veld, maar verskil tog ook weer van mekaar. Albei is wagter oor die kudde van die Here. Albei is opsieners van die gemeente. Albei moet waak oor die lewe van die gemeente en toesig hou dat geen wolwe indring in die gemeente en geen vreemde leer verkondig word nie. Albei is immers ouderlinge met hierdie verskil dat die lereaar die lerende taak in die gemeente het. "Hy arbei in woord en leer: 1 Timoteus 5:17, terwyl die ouderling daar is as 'n "hulp en bystand" in wat die leraar alleen nie kan doen nie. Die leraar is dus die bedienaar van die goddelike Woord en hierin is die ouderling vir hom tot hulp, in tye wanneer die leraars weens krankheid om een of ander rede sy ampswerk as prediker nie kan verrig nie.

Maar wat sê die Heilige Skrif hieroor?

Die Ou Testament leer ons dat God by die priesters in die diens van die tabernakel Leviete aangestel het "as helpers in wat die priesters alleen nie kon doen nie." Die taak van die Leviete in die tabernakel was om dienswerk te verrig en "te sorg vir alles wat behoort by die tent van samekoms" Numeri 3:7-8, 25, 26, 31, 36, 37; 4:4, 23-33; 18:4, 5, 7, 23. Later met die bou van die tempel in Jerusalem is die werk van die Leviete daarheen verskuif. Volgens 1 Kronieke 15:2 het koning Dawid bepaal dat niemand die ark van die Here mag dra nie behalwe die Leviete en ten tye van koning Hiskia is die Leviete opgestel met simbale, met harpe en siters om die gesang van die volk te begelei tot eer van die Here (2 Kon 29:25-30).

In die Nuwe Testament sien ons dat die apostels ouderlinge laat kies het in elke gemeente deur opsteking van hande (Hand 14:23). Maar met die gesag van hulle apostoliese amp het hulle selfs van stad tot stad ouderlinge laat aanstel soos bv. Titus in opdrag van Paulus (Tit 1:5) gedoen het. Die ouderlinge is daar gestel as hulp vir die bedienaars van die Woord. Dit blyk ook uit die afskeids-

woord van Paulus aan die ouderlinge van Efese. Met sy meerdere gesag dra hy aan hulle op "die hele kudde waaroor die Heilige Gees hulle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van die Here te versorg." (Hand 20:28).

Die regeeramp van die ouderling en die predikant is 'n koninklike amp. Koninklik moet hulle saam die gemeente regeer en toesig oor die gemeente van die Here bou. Wat hierdie toesighoudende taak betref is daar wisselwerking. Die predikant is ook van nature 'n sondige mens. Daarom, omdat hy ook feilbaar is, moet toesig oor hom ook gehou word, toesig oor sy leer en toesig oor sy lewe. Daar was immers in Israel ook valse profete – Jeremia 14:14; 23, 25; Miga 3:11, asook valse apostels 2 Konings 11:13; 2 Petrus 2:1; Openbaringe 2:2 – en juis daarom moet daar opsieners wees wat toesig hou oor die leer en die lewenswandel van die bedienaars van die Woord.

Die predikant moet weer toesig hou ook oor sy ouderlinge vanweë hulle feilbaarheid. Hierdie toesighoudende taak is dus wederkerig, En dit is 'n delikate saak soos 'n vertrouensaak altyd behoort te wees. Die ouderling wat hierdie taak ten opsigte van sy predikant moet verrig, sowel as die leraar wat dit ten opsigte van sy ouderling moet verrig, moet biddend daaroor besin. Hy moet lig en leiding daaroor soek by die Opperherder van die kudde. Maar hy mag nie vir hierdie moeilike taak terugdeins nie. Sy taak, die welsyn van die gemeente, sowel as van hom wat vermaan of bestraf moet word, is hoogheilig. Hy het genade en wysheid daartoe nodig. Dat dit, hoe moeilik ookal, tog gedoen moet word lees ons in Galate 2 waar Paulus Petrus moes bestraf omdat Petrus as mens tog ook sy swakhede gehad het.

Jesus se opdrag is om wanneer iemand teen jou gesondig het, hom "te bestraf tussen jou en hom alleen" en eers as hy nie wil luister nie, ook nie as jy dit in die teenwoordigheid van twee of drie getuies gedoen het nie, dan eers moet jy dit na die gemeente bring.

Die bevestigingsformulier van die ouderlinge verklaar die woord "gemeente" in hierdie verband as siende "op diegene, wat die gemeente deur wie hulle gekies is, regeer." As in die geval van twee persone soveel omsigtigheid aan die dag behoort gelê te word hoeveel te meer is dit nodig as dit twee ampsdraers geld wat ter wille van hulle ampte "in groot waarde gehou moet word." Die ouderling wat sy leraar moet gaan vermaan, of omgekeerd die leraar sy ouderling, sal as gevolg van die teerheid van die aangeleentheid groot versigtigheid aan die dag moet lê. Hy sal noulettend moet oppas vir los praatjies wat daar gewoonlik in so 'n saak in omloop is. Hy sal goed reke-

ning moet hou met die mooi Engelse spreekwoord: "You have two ears, hear both sides of the story." Hy sal geen oordeel mag vel en geen vermaning mag uitspreek op grond van wat iemand anders gesê het nie. Hy sal "naarstiglik" moet toesien dat sy indrukke en sy oordeel oor die aangeleentheid nie te veel steun op wat die mense te sê het nie. Dit is verder belangrik om te onthou dat in elke vermaning die liefde die botoon moet voer, want alleen die liefde oorwin alle dinge, en alleen uit die liefde kan op die regte wyse 'n woord van vermaning gespreek word.

In hierdie verband is daar nog 'n opmerking wat nie vergeet mag word nie, en dit is: Moenie uit die hoogte praat nie. Moenie die gevoel laat posvat, dat uself soveel beter is en nooit tot so iets leliks kan verval nie. In so 'n geval is u soos die Fariseër wat die Here bedank het, dat hy nie soos die tollenaar is nie en toe sy eie deugde opgenoem het. Maar die Woord sê die tollenaar het meer geregverdig na huis gegaan as die eiegeregtige Fariseër (Luk 19:9-14).

Die vermaner se woorde moet gedra wees deur liefde en ootmoed. Hy moet in plaas van die veroordelaar wat uit die hoogte praat, die medebroeder en mede-sondaar wees wat langs die een wat vermaan en bestraf moet word, gaan staan.

Hy moet nie met klippe gooi nie, maar wys op Hom, die Vriend van tollenaars en sondaars, wat nie uit diehoogte die vrou wat in ontug geval het, veroordeel het nie, maar haar tog vermaan het met die woord: "Gaan heen en sondig nie meer nie" (Joh 8:3-11).

Onthou dus: Hou opsig oor die leer en lewe van jou predikant. Moenie van hom skinder nie of skinderstories van hom glo nie. Wees lojaal en betroubaar, wees 'n goeie voorganger vir die gemeente.

Kontrole vrae

1. Hoekom moet die ouderling oor die predikant toesig hou?

   .....

2. Die ouderling moet ook tot hulp van die predikant optree. Hoe kan hy dit doen?

   .....

3. Wat moet die ouderling se houding oor skinderpraatjies wees?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

Die ouderling en die predikant.
Hulle taak in die gemeente en hulle verhouding tot mekaar.

Bybelstudie

Bybelstudie kan baie dinge beteken. As ons daaronder verstaan dat 'n mens die Bybel bestudeer en ook dat 'n mens die Bybel behoort te bestudeer, dan is dit vir 'n Christen eintlik vanselfsprekend. Die Bybel is die Woord van God soos dit in elkeen se hande gegee word. Dit is die manier waarop ons God se handelinge met die mens leer ken. Bo alles is dit vir ons die evangelie, die blye boodskap van ons verlossing uit die sonde en die dood, dit wil sê die Here Jesus Christus. Die Bybel is dus die heel belangrikste boek wat bestaan; dit is vir ons lewensbelangrik omdat dit met ons ewige lewe te doen het en omdat dit die riglyn is van hoe ons behoort te lewe. "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God" (1 Kor 10:31). Hoe ons God moet verheerlik, leer ons deur die Bybel.

Hierdie sentrale betekenis van die Bybel het die Bybel verreweg die mees gelese en invloedrykste boek van die Westerse wêreld en selfs ver buite die Westerse wêreld gemaak. Wat ons eie mense betref, was die Bybel tot aan die begin van die twintigste eeu nog byna die enigste leesstof van ons voorgeslagte. Daar was baie mense – en daar is nog steeds – wat doelgerig die hele Bybel van voor tot agter gelees en herlees het en gesprekke uit die Bybel was kenmerkend van ons ou mense. So groot was die Bybel se invloed deur die geslagte heen dat ons daaglikse taal deurspek is met Bybelse woorde en uitdrukkings.

Georganiseerde Bybelstudie ken ons kerk in die vorm van die Bybelstudie wat in die kategeseklasse gedoen word. Dit bestaan net so lank as wat kategese bestaan. Vandat die jeugverenigings ontstaan het, is Bybelstudie ook 'n wesenlike deel van hulle aktiwiteite.

'n Vorm van Bybelstudie wat nog nooit in ons kerk inslag gevind het nie, is Bybelstudiekringe. Met die kringe bedoel ons betreklike klein groepies mense wat vir die doel van Bybelstudie gereeld vergader. Ongeveer veertig jaar gelede het daar in die gemeente Pretoria en ook aan die Rand, enkele sulke kringe bestaan. Die mense wat hierdie kringe bygewoon het, was hoofsaaklik Hollanders en oud-Hollanders. Onder die Afrikaners van die Hervormde kerk het die kringe nog nooit inslag gevind nie. Trouens, vir baie jare het die

woord Bybelstudie vir ons 'n metodistiese bysmaak gehad, sodat ons daarvan weggeskram het.

Dit is nog 'n voorbeeld van hoe 'n woord met betekenisse en assosiasies gelaai kan word: die kerk self het van die begin af Bybelstudie as hoogste en eerste vereiste van die kategese en jeugsamekomste gestel.

Gedurende die afgelope paar jaar het die gedagte van Bybelstudie meer in ons kerk opgekom en dit vind nou blykbaar baie wyer aanklank. Vir 'n lang tyd – en trouens nou nog – was daar 'n mate van onsekerheid oor hoe die Bybelstudie gedoen moet word. Moet dit groepsamekomste of gemeentelike samekomste wees? Wie moet die leiding neem in die samekomste – predikant, kerkraadslede, gemeentelede? Wie moet daaraan deelneem – jongmense, volwassenes, kerkraadslede, almal? As voorbeeld kan ons noem dat die gedagte al dikwels geopper is dat die aanddiens, wat dikwels so swak bygewoon word, verander moet word in 'n samekoms vir Bybelstudie.

As ons nou ons aandag by die Bybelstudie self bepaal, moet ons by die volgende sake stilstaan:

Die doel van Bybelstudie-samekomste:

Dit is om die Bybel te leer ken. Dit is egter moontlik om die Bybel te ken sonder om 'n gelowige mens te wees. So was Ludwig Feuerbach byvoorbeeld teen die middel van die vorige eeu die bekendste ateïs wat die wêreld nog geken het en tegelykertyd 'n bekwame teoloog en buitengewone kenner van die Bybel. Die doel van Bybelstudie is nie net om feitekennis op te doen nie, maar om deur hierdie kennis ons geloof te voed en ons Christelike lewenswandel op te bou.

Hierdie soort Bybelstudie is noodsaaklik om twee redes:

Eerstens – soos ons reeds gesien het – gaan dit in die Bybelstudie om die Woord van God, waardeur ons Jesus Christus as ons enigste Verlosser en Saligmaker leer ken. Daarby is die Bybel ons meetsnoer en ons rigsnoer in ons lewe van dankbaarheid, dit wil sê, in ons Christelike lewenswandel.

Tweedens stel die tyd waarin ons lewe buitengewoon hoë eise aan die Christen. In die openbare lewe van ons land speel die Christene nog steeds die hoofrol. Ons kan dit sien in die bestaan en handhawing van wette oor die Sondag, oor publikasies, films, openbare sedelikheid en so meer. Ons owerheid het ook 'n oop oor vir ons kerk en werk in baie opsigte ten nouste met die kerke saam. Desondanks

is daar reeds baie mense wat openlik en onbeskaamd 'n onchristelike lewe lei. Daar is ook (al is dit meesal bedek en indirek) talle aanvalle op die kerk, kerkmense en die Christelike lewensopvatting en lewenswandel. Hierdie dinge kom ook nie net van die kant van vreemdes nie, maar ook van die kant van mense wat voorgee dat hulle Afrikaners is. Vroeër jare was daar ook sulke aanvalle maar die hedendaagse aanvalle is baie meer gesofistikeerd en daarom ook baie gevaarliker.

Dieselfde geld ook die sektes. Jare gelede was die aanvalle van die kant van die sektes hoofsaaklik dom, grof en onverfynd. Hulle het om die rede ook net op 'n baie klein deeltjie van ons kerk se mense enige invloed uitgeoefen. Die situasie het egter baie verander. Die ekonomiese voorspoed wat ons beleef het en die verhoogde onderwys- en lewenspeil het ook groot verandering gebring in die manier waarop die sektes werk.

Verder leef ons in 'n tyd waarin die kommunisme naas die Christendom die magtigste beweging in die wêreld is. Die kommunisme is nie net uitgesproke ateïsties nie, maar beskou die Christelike geloof as sy grootste vyand. Al word die kommunisme in ons land deur die wet verbied en onderdruk, moet ons nie dink dat ons land vry van kommunistiese besmetting is nie.

Samevattend: ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daar is net een manier waarop ons teen die liste van die duiwel staande kan bly en dit is deur die wapenrusting van God aan te trek. Ons het net een wapen om mee te veg en dit is die swaard van die Gees, dit wil sê, die Woord van God (Ef 6:10-18). Om die Woord van God met 'n gelowige hart te leer ken, is dus vir ons lewensnoodsaaklik.

Verskillende soorte Bybelstudie:

Ons moet ook onderskei tussen *verskillende soorte Bybelstudie*: Ons het reeds daarop gewys dat Bybelstudie die hoofsaak van die kategese en jeugvergaderings is. Hierdie Bybelstudie is van die grootste belang en ons moet dit bevorder net so ver as wat ons kan. Desondanks is hierdie Bybelstudie 'n bepaalde soort Bybelstudie, omdat dit op kinders en jongmense toegespits is, metodes gebruik wat by hulle pas en aandag aan hulle probleme gee. Hoewel die volwasse lidmate hierdie soort Bybelstudie ondersteun en ook die leiding

daarin neem, is dit nie vir volwassenes bedoel nie en volwassenes voel hulle ook nie hierin tuis nie. Ons kerktaal maak dan ook definitiewe onderskeidinge: kategese is kategese en as ons praat van Bybelstudie, bedoel ons iets anders. Ons bedoel daarmee Bybelstudie vir die volwasse lidmate van die gemeente. Natuurlik sal niemand 'n jongmens of kind weier wat dit wil bywoon nie, maar hierdie Bybelstudie is bedoel vir volwassenes. Die probleme wat behandel word en die manier waarop 'n mens dit doen, is alles toegespits op die volwassenes.

Woordverkondiging leer ons ook die Bybel ken. Woordverkondiging is egter iets anders as Bybelstudie. Woordverkondiging vind plaas tydens die erediens, maar ook tydens huisbesoek. Die wese van woordverkondiging lê daarin dat die Woord as die boodskap van die lewe en as maatstaf van ons lewe verkondig word. Uit wat ons hierbo gesê het, is dit duidelik dat woordverkondiging ook tydens die Bybelstudie-samekoms plaasvind. Ons kan selfs sê dat die Bybelstudie ook 'n vorm van woordverkondiging is, maar dit is tog in heeltemal 'n ander vorm as in die erediens, net soos die woordverkondiging met huisbesoek 'n ander vorm het as in die erediens.

Tydens huisgodsdiens bestudeer ons ook die Bybel. Dit is een van die heel belangrikste maniere waarop ons die Bybel leer ken en waarop ons ons kinders met die Bybel bekend maak. Tog lyk dit of huisgodsdiens iets anders as Bybelstudie is. Al leer ons die Bybel so ken, is die belangrikste doel van die huisgodsdiens nie kennis van die Bybel nie, maar die vereniging van die huisgesin onder die gesag van die Bybel, sodat die lewenswyse van die huisgesin deur die Bybel gestuur word.

Met Bybelstudie bedoel ons dan die samekoms van hoofsaaklik die volwasse lidmate van die kerk met die doel om die Bybel te leer ken. Kennis is daarom die eerste en hoogste doel, maar die koue onpersoonlike kennis nie. Dit is nie net die koue kennis van die verstand nie, maar die kennis wat ook met die gelowige hart praat en waarop die hart antwoord.

Nou is dit ook die soort Bybelstudie wat elke gelowige op sy eie moet doen. In hierdie stuk praat ons van die Bybelstudie wat plaasvind in 'n samekoms van gemeentelede, sodat die Bybelstudie 'n vorm van gemeentelike aktiwiteit is. Met die uitsondering van hierdie aspek van gemeentelike samekoms, is alles wat hier gesê word oor Bybelstudie ook geldig vir die persoonlike Bybelstudie.

Bybelstudie mag nie enige ander gemeentelike aktiwiteit vervang nie

Die bedoeling van Bybelstudie is nie om die gemeentelike lewe armer te maak nie, maar ryker en dieper. In besonder mag die aanderediens nie met Bybelstudie vervang word nie, omdat die Algemene Kerkvergadering besluit het dat die aand-erediens moet voortgaan. Die Bybelstudie-samekoms moet dus 'n vergadering op sy eie wees wat gereël word op tye wat vir die gemeente die gerieflikste is.

Wat die *Bybelstudie-samekoms self* betref, moet ons die volgende aspekte na vore bring:

Dit is 'n gemeentelike aktiwiteit en daarom staan dit onder die opsig van die kerkraad van die gemeente. Die kerkraad is verantwoordelik vir die goeie gang van sake in die gemeente en daarom ook vir die Bybelstudie. Dit is baie goed as gemeentelede die inisiatief neem om Bybelstudie aan die gang te sit en te organiseer, maar dit moet met medewete en goedkeuring van die kerkraad geskied. Dit is ook nodig dat daar jaarliks, wanneer al die verslae voor die kerkraad dien, ook gerapporteer sal word aangaande die Bybelstudie. Al is dit ook 'n heeltemal informele en mondelinge verslag, is dit tog nodig omdat die kerkraad daarvan kennis moet neem en die geleentheid om dit te bespreek moet kry.

Omdat dit 'n gemeentelike aktiwiteit is, moet die hele gemeente daarheen uitgenooi word. Dit kan gedoen word by wyse van afkondigings van die kansel af en tydens huisbesoek.

Die samekoms moet plaasvind in die vorm van 'n gesamentlike vergadering van al die belangstellendes in die kerkgebou of watter geskikte lokaal daar ook al mag wees. Na die beste van ons wete het ons kerk geen besluit geneem waarin die private samekomste van klein groepies afgekeur word nie. Ons dink ook nie dat ons kerk so 'n besluit moet neem nie, omdat dit nie nodig is nie. Nogtans lyk dit nodig om te waarsku teen sulke samekomste. Die kerkraad kan oor sulke geleenthede nie behoorlik opsig hou nie en dit is met sulke geleenthede waar die onheil van sektarisme kan uitbroei of versprei.

'n Praktiese beswaar teen wat hier gesê is, is dat die vergaderings te groot mag word. Dit is 'n teoretiese moontlikheid wat tot dusver in die praktyk nie gerealiseer is nie. Dit moet ons ideaal wees om die hele gemeente te betrek. As ons Bybelstudie egter nie ontaard in sessies van geestelike verlustiging waar ons gaan geniet van ons eie sondigheid en goedheid nie; as ons Bybelstudie werklike ernstige

studie van die Bybel is, moet ons verwag dat daar nie groot getalle mense gaan opdaag nie, omdat die meeste mense blykbaar net nie kans sien vir geestelike inspanning nie. As die vergaderings te groot word, kan dit in verskillende dele verdeel word en elke deel kan op verskillende tye in die kerkgebou gehou word. Die ervaring het ook geleer dat die oorweldigende aantal belangstellendes vroue is en vrouevergaderings kan ook soggens gereël word.

Aan die ander kant moet ons beklemtoon dat die vergaderings nie te groot moet word nie. 'n Studievergadering vlot beter en lewer beter resultate as dit net so groot is dat elke deelnemer die gevoel het dat hy ten volle aan die vergadering deelneem. Dit is moeilik om 'n getal vas te stel, maar dit lyk asof ongeveer dertig 'n goed hanteerbare vergadering is.

Organisasie kan nie vermy word nie. Daar moet mense wees wat tye van samekoms reël, vir die afkondigings sorg en so meer. Daarvoor is dit miskien nodig om 'n klein komiteetjies te kies. Een van die komitee kan ook as voorsitter optree. Die komitee kan ook in samewerking met die predikant 'n tema kies of 'n program vir die jaar reël. Dit is egter noodsaaklik om sover as moontlik die indruk te vermy dat dit nog 'n organisasie of vereniging is waarby 'n mens moet aansluit en wat allerlei verpligtinge meebring. Ons mense is moeg vir organisasies en verenigings. Te alle tye moet dit 'n oop vergadering wees waar mense net vir een doel bymekaar kom, naamlik om die Bybel te leer ken. Wat 'n mens heeltemal moet vermy, is dat hierdie groep mense weer moet begin funksies hou om geld in te samel. Ons kan betaal vir die tee of koffie wat ons by die vergadering drink, maar nie meer as dit nie.

Soos ons reeds gesê het, is die hoofdoel van die vergadering Bybelstudie, dit wil sê om meer van die Bybel te leer ken. Die vergadering bestaan egter uit gelowige gemeentelede en daarom word die vergadering geopen en afgesluit met Skriflesing, gebed en sang. Die vraag: wat beteken hierdie kennis vir my – vir die gemeente – vir die kerk? moet in die behandeling en bespreking pertinent na vore kom, maar die hoofdoel bly steeds: kennis van die Skrif.

Die stof wat op die vergadering behandel word, is die inhoud van die Skrif. Die Bybel is egter groot en baie ingewikkeld. 'n Mens kan nie sommer maar net lostrek en begin leer nie. In die Bybelstudie gaan dit ook nie daarom om net 'n klomp feite uit jou kop te leer nie. Ons gaan in die Bybelstudie nie byvoorbeeld die lys Rigters of die kinders van Jakob se name leer nie. Ons beweeg nou op 'n baie hoër

vlak. Laat ons 'n voorbeeld neem: Ons wil die geskiedenis van Jesus nagaan en ons wil weet wat die Bybel vir ons hiervan vertel. Die eerste vraag is: watter dele van die Bybel vertel ons van die geskiedenis van Jesus? Almal weet dat die vier evangelies ons die geskiedenis vertel. Maar is daar nie ook ander plekke in die Bybel nie?

Verder: sodra ons met die evangelies begin, vind ons dat hulle van mekaar verskil. Hoe moet ons die verskille begryp? Derdens al vier evangelies vertel ons dat Jesus opgestaan het uit die dood. Wat beteken die opstanding? Wat sê die evangelies, Handelinge, die briewe en so meer?

As ons 'n sukses van Bybelstudie wil maak, moet ons die saak reg aanpak en om dit te kan doen, is die volgende sake van die grootste belang:

Bepaal die studieveld vooraf

Daar is 'n groot aantal en 'n groot verskeidenheid van studievelde. 'n Mens kan byvoorbeeld 'n Bybelboek neem (byvoorbeeld Openbaring) en 'n intensiewe studie daarvan maak – wie is die skrywer, wat is die historiese agtergrond, die inhoud van die boek, die betekenis van die simbole en so meer. 'n Mens kan ook 'n bepaalde geskiedenis neem soos die geskiedenis van Dawid of Jesus of Petrus, en die hele Bybel nagaan om te sien wat die hele Bybel oor die persoon sê. 'n Mens kan 'n tema neem – die opstanding of wederkoms van Jesus, die laaste oordeel, die huwelik, gebed ens. – en kyk wat die Bybel daaroor sê. 'n Mens kan een of meer vergaderings aan 'n bepaalde studieveld wy.

Die onderwerp moet deur iemand ingelei word

Die inleier moet werklik 'n intensiewe studie van die onderwerp maak. Hy moet egter nie te lank praat nie; die vergadering moenie te laat aanhou nie en daar moet nog genoeg tyd gelaat word vir ander lede van die vergadering om 'n bydrae te lewer of om vrae te vra.

Die inleier moet ook baie duidelik en eenvoudig praat. Hy moenie maak asof sy gehoor onnosel is nie, maar hy moet onthou dat hy met mense praat wat nie op hierdie gebied studeer het nie.

Die inleier moenie vrae ontduik nie. As hy 'n vraag nie kan antwoord nie, moet hy so sê. Niemand is volleerd in die Skrif nie en as ons iets nie weet nie, is dit net 'n aansporing tot verdere studie.

Uiteraard is die predikant van die gemeente die aangewese persoon om as inleier op te tree. In baie gemeentes sal hy seker ook die enigste beskikbare persoon wees. 'n Mens moet egter nie net aan die predikant dink nie. Baie gemeentes is so geleë dat hulle dosente van die verskillende universiteite kan bekom. In baie gemeentes is daar onderwysers wat Bybelkunde op universiteit geneem het. Ons moet egter geleentheid gee aan elkeen wat bereid is om hard te werk en hom in die studieveld in te grawe. As die predikant nie self as inleier optree nie, is dit egter nodig dat die inleier die saak met die predikant bespreek.

Nie net die inleier moet studeer nie. Die ondervinding toon dat die oorgrote meerderheid mense wat die vergadering bywoon, net kom sit en luister. As sulke samekomste werklik vrugbaar wil wees, is dit nodig dat almal bietjie moeite doen. Minstens die bepaalde gedeeltes van die Bybel moet baie noukeurig gelees word en soveel van beskikbare leesstof as moontlik moet nagegaan word.

Hulpmiddels is baie belangrik. 'n Kaart van Palestina of van die Middellandse Seegebied kan baie help. Daar is die Bybel met verklarende aantekeninge wat 'n skat van kennis bevat. Daar is Bybels beskikbaar wat uitgebreide teksverwysings bevat. *Die Hervormer* en die *Almanak* bevat dagstukkies en artikels wat nuttig kan wees. Daar is minstens een Bybelse Ensiklopedie in Afrikaans, asook 'n Konkordansie. Daar is verskillende boeke beskikbaar. En uiteindelik is daar die dorpsbiblioteek en die dominee se boekery. As daar 'n gemeenteblad is, kan dit ook goed gebruik word.

Verder het die kerk Kital daargestel om vir u in hierdie verband tot hulp te wees. Studiegidse vir Bybelstudie word hier beplan en u kan self deur middel van korrespondensie van u laat hoor. Skakel in die verband gerus met dr. J.H. Koekemoer.

Die ouderling en Bybelstudie

Nou het ons al baie gepraat oor Bybelstudie en nog niks oor die ouderling gesê nie. In hierdie verband kan ons egter baie kort by die ouderling stilstaan.

Die ouderling het 'n regeringstaak in die gemeente. Hy moet sy wykslidmate bystaan en oor hulle opsig hou. Hy moet waak oor die leer en die lewe van die predikant. Die gemeente en die kerk gebruik die ouderling op talle gebiede en vir 'n groot verskeidenheid take.

Waarmee die ouderling ook al besig is, hy is *as ouderling* daarmee

besig. Dit beteken dat hy 'n bepaalde posisie beklee, mense verwag van hom sekere dinge en sien na hom op. Dit vereis van die ouderling dat hy 'n gelowige mens moet wees en dat hy soos 'n gelowige moet lewe, maar ook dat hy 'n sekere mate van kennis moet besit.

Dit alles vereis van die ouderling persoonlike Bybelstudie, want 'n mens kan jou geloof net bou deur gebed en deur die kennis van Gods Woord. Die opsig oor die gemeente en die predikant, die kategese waarmee die ouderling moet help, baie sake van die gemeente en die kerk waarmee die ouderling op die kerkraadsvergadering te doen kry, die huisgodsdiens waar hy sy eie gesin moet voorgaan, die talle geleenthede (byvoorbeeld siekte) waar van die ouderling verwag word om met Skriflesing en gebed voor te gaan – al hierdie dinge eis van die ouderling 'n kennis van die Bybel. Hierdie kennis kry die ouderling in die eerste plek uit sy persoonlike Bybelstudie en verder uit die Woordverkondiging in die kerk. As daar egter ander geleenthede is waar hy sy kennis kan verryk en verdiep, sal hy dom wees as hy nie daarvan gebruik maak nie. As daar dan Bybelstudie-samekomste in die gemeente gehou word, is dit die plig van die ouderling om daaraan deel te neem en wel om twee redes: eerstens om sy kennis te verbreed en te verdiep; en tweedens om sy plig as ouderling na te kom deur ook die opsig oor hierdie deel van die gemeentelike aktiwiteite uit te oefen.

As Bybelstudie reg gedoen word, kan dit een van die heel belangrikste en vrugbaarste aktiwiteite van die gemeente wees.

Kontrole vrae

1. Wat sou u sê moet die doel van 'n Bybelstudiebyeenkoms wees?

   .....

2. Bybelstudiebyeenkomste kan belangrik wees. Dink aan die twee redes wat in hierdie hoofstuk bespreek is.

   .....

3. Daar bestaan verskillende soorte Bybelstudie. Watter het ons bespreek?

   .....

4. Mag Bybelstudie die erediens vervang? As u nee antwoord, hoekom nie?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die beplanning van doelgerigte Bybelstudiebyeenkomste in die gemeente.
2. Die aankoop en verspreiding van die literatuur wat die kerk beskikbaar stel vir die gemeente.

Kerkraadskategese

Doel

Daar word nêrens in die kerkwet of amptelike besluite van die kerk melding gemaak van kerkraadskategese nie. Tog is dit 'n verskynsel wat veral die afgelope aantal jare al hoe meer na vore getree het om in 'n groot behoefte te voorsien.

Die probleem was naamlik dat talle lidmate wat tot ampsdraers van die kerk verkies is, nie geweet het wat die werk van 'n ouderling of diaken behels nie. Om dié probleem op te los is die gebruik van kerkraadskategese deur gemeentes ingevoer. Ons sou dus op grond hiervan kon sê:

Die doel van kerkraadskategese is om lidmate wat tot die amp van ouderling of diaken verkies is, toe te rus vir die dienswerk wat hulle na hulle bevestiging in die kerk sal moet verrig.

Metode

Daar bestaan tot dusver nie eenstemmigheid oor die saak van kerkraadskategese nie. In sommige gemeentes word dit nog nie gedoen nie. In ander gemeentes wissel dit van informele gesprekke tussen predikant en verkose lidmaat, tot formele vergaderings waartydens die verkose lidmate deur die predikant toegespreek en onderrig word.

Wat die persoonlike gesprek betref is daar voor- en nadele. Daar kan aan die een kant geredeneer word dat daar met 'n persoonlike gesprek baie meer bereik kan word as in 'n vergadering. Die lidmaat is meer op sy gemak en sal dus meer vrymoedigheid hê om sy vrae te stel en sy probleme te bespreek.

Dat dit so mag wees, word nie betwis nie, en as dit vir 'n predikant moontlik sou wees om gekose kerkraadslede persoonlik te besoek, in te lig en aan te moedig om die amp te beklee, sou dit sekerlik die kerk tot voordeel strek.

Tog is dit nie altyd moontlik nie. Dit gebeur dikwels in groot gemeentes dat groot getalle kerkraadslede op een slag gekies (of herkies) word. En in sulke gemeentes gaan dit dan gewoonlik alreeds so druk met die gewone huisbesoek, vergaderings, kategese en pro-

bleemgevalle dat dit vir 'n predikant net nie moontlik is om nog ekstra besoeke by 'n groot getal gekose kerkraadslede af te lê nie.

Dit blyk dus alreeds uit praktiese oorwegings, dat kerkraadskategese meer tot sy reg behoort te kom as dit op 'n gereëlde basis in goed georganiseerde byeenkomste sou plaasvind. As daar verder van die regte metode gebruik gemaak word, sal so 'n kerkraadskategese ongetwyfeld vir sowel die gekose kerkraadslede as die gemeente van baie groot waarde wees.

Dit bring ons meteens by die vraag na die metode.

Vooraf moet dit sterk beklemtoon word dat die metode wat hier aanbeveel word, nie aangebied word as die enigste of beste van alle metodes nie. Dit kan na gelang van omstandighede sekerlik aangepas of verander word.

Dit word egter gegee met die hoop dat dit vir die gemeentes waar daar tot dusver weinig of niks aan die saak gedoen is nie, sekere riglyne kan gee.

Teen één ding moet gewaak word. Dit is dat so 'n byeenkoms nie moet ontaard in 'n toespraak of alleenspraak van die predikant, waarby die lidmaat bloot net 'n stille toehoorder bly wat aan die einde miskien 'n vraag sal stel nie.

Dat daar oor die herkoms, die aard en die omvang van die amp toegelig moet word is noodsaaklik. Maar as dit net daarby bly: die predikant wat praat, en die voornemende kerkraadslid wat luister, dan word so 'n geleentheid nie ten volle benut nie.

Daar sal dus ook aandag gegee moet word aan die praktiese sy van die saak, waarby die lidmaat aktief betrek word.

Die regte plek en tyd hiervoor is nadat daar volledig oor alle prinsipiële sake rakende die ampte gepraat, en genoegsame geleentheid vir die stel van vrae of probleme gegee is.

Die eerste wyse van praktiese deelname kan bestaan uit groepsbesprekings waartydens sekere probleme of besondere situasies met mekaar bespreek en uitgepluis word. Dit kan óf by dieselfde byeenkoms óf by 'n latere geleentheid plaasvind, afhangende van die betrokkenes se omstandighede.

Daarna kan daar aan elkeen afsonderlik geleentheid gegee word om een of ander saak te bespreek of te beoordeel.

Op hierdie wyse word daar nie net aan die betrokkenes die geleentheid gegee om aktief deel te neem nie. Dit is tegelyk ook 'n manier om te kontroleer of dit wat voorgehou is, ingeneem en verwerk is.

Om saam te vat: die metode wat hier voorgestel word, kom neer op die volgende:

(a) Gereëlde georganiseerde byeenkomste;
(b) Volledige toeligting en volle geleentheid vir vrae;
(c) Praktiese deelname deur die voornemende kerkaadslede.

Hierdie metode mag by verskeie gemeentes sekere aanpassings of wysigings verg. In meeste gevalle behoort dit egter daartoe by te dra om die oorspronklike doel met kerkraadskategese ten volle te bereik naamlik die toerusting van voornemende, gekose kerkraadslede vir hul dienswerk in die gemeente.

Studiemateriaal

Omdat hierdie hoofstuk bedoel is om deel uit te maak van 'n voorligtingstuk vir die ouderling, word daar slegs op enkele publikasies en artikels gewys wat vir die (voornemende) ouderling van belang sal wees met die oog op sy dienswerk.

Hulle is soos volg:
"Brandwagte van God" – Prof. dr. P.S. Dreyer,
"Woord en Diens" – Prof. dr. B.J. Engelbrecht,
Die Diakensamp – Prof. dr. B.J. Engelbrecht,
Artikels in die Hervormer,
Die amp in die Kerk – Prof. dr. A.D. Pont,
Die studiegidse van Kital.

Kontrole vrae

1. Wat is die doel van kerkraadskategese?
   .....
2. Watter metodes kan aangewend word om kerkraadskategese nie in 'n alleenspraak te laat ontaard nie?
   .....
3. Oorweeg die belangrikheid van kerkraadskategese.
   .....

Onderwerp vir bespreking

Die sinvolheid van kerkraadskategese en die metode waarop dit in ons gemeente die beste tot sy reg kan kom.

Ouderlingvergaderings

Doel

Daar bestaan 'n bepaling dat ouderlingvergaderings bo en behalwe die volle kerkraadsvergaderings in gemeentes gehou moet word. Praktiese ondervinding het geleer dat baie ouderlinge hieroor in die duister is. Die vraag word gevra of dit nodig is, aangesien die ouderlinge alreeds gereeld tydens kerkraadsvergaderings bymekaarkom. En as dit dan nou wel nodig blyk te wees, wat moet daar in so 'n vergadering gedoen word wat nie op 'n gewone kerkraadsvergadering sou kon plaasvind nie?

Die antwoorde op hierdie vrae vind ons as ons kyk na die doel van 'n afsonderlike ouderlingvergadering:

Die hoofdoel van 'n ouderlingvergadering is voortgesette kategese aan ouderlinge sodat hulle deur middel van grondige, prinsipiële besinning en praktiese beplanning ten opsigte van alle sake wat op hulle ampsterrein moet aandag geniet, steeds beter toegerus kan word vir hul dienswerk in die kerk.

Studiemateriaal

Omdat daar onder die bespreking van die doel van die ouderlingvergadering gepraat is van alle sake wat op die ouderling se ampsterrein lê, bring dit mee dat die studiemateriaal met die oog op die ouderlingsvergadering bykans onbeperk is.

Wat onmiddellik beskikbaar is, is die bepalings in die kerkwet, die formulier vir die bevestiging van die ouderling (en diakens) en die publikasies en artikels wat alreeds in die vorige afdeling onder die geskrif "Kerkraadskategese" genoem is.

Verder sou hierdie publikasie van Kital self uitstekende riglyne kan verskaf, as die stof wat onder verskeie hoofde behandel word tydens ouderlingsvergaderings wyer bespreek en prakties geïmplimenteer word.

Ten slotte sou 'n mens kon aanbeveel dat daar veral gekonsentreer moet word op sake van onmiddellike en aktuele belang. Hiervan sal elke ouderling homself baie goed op hoogte moet hou van die inhoud van die Hervormer, en van die nuus wat daagliks aan lidmate

van die kerk gebied word deur koerante, tydskrifte, boeke, die radio en die televisie.

Slot

Wat in die vorige hoofstuk gesê is oor die metode van kerkraadskategese geld ook hier. Dit sou dus ten opsigte van die ouderlingsvergaderings ook goed kon wees as daar voorsiening gemaak sou word vir praktiese deelname van elke ouderling.

Nie alleen sal dit belangstelling en deelname verhoog nie. Dit sal ook meebring dat gekontroleer kan word of die vergadering aan sy doel beantwoord het of nie.

Kontrole vrae

1. Wat is die betekenis van 'n ouderlingsvergadering?

   .....

2. 'n Ouderlingsvergadering is 'n studievergadering. Wat dink u van so 'n stelling?

   .....

3. Waaraan kan 'n ouderlingsvergadering alles aandag gee?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Hoe kan 'n ouderlingsvergadering in 'n sinvolle studievergadering omskep word?
2. Die werk van die ouderling. Bespreek diek hantering en aplisering van probleme.

Offergawes

Die amptelike gebruik van die woord

Vir baie jare is daar in die meeste gemeentes van die kerk gepraat van kerklike bydraes en daarmee was bedoel die gelde en goedere wat gereeld ingesamel is tot stywing van die gemeentelike fondse en ter vereffening van die rekeninge en uitgawes wat deur die kerkraad aangegaan word.

Mettertyd is meer gehoor van liefdesgawes, maar dan meer in die sin om versorgingsmiddele in die diens van barmhartigheid te verkry. Hierdie mooi naam is ook gebruik vir die gawes wat op de nagmaalstafel geplaas is. Deesdae gebeur dit selde dat predikante mekaar oor en weer by geleentheid van 'n nagmaalsviering help en gevolglik is dit moeilik om te bepaal of die benaming liefdegawes nog gebruik word.

Op kerklike vergaderings het stemme deurentyd opgegaan vir die gebruik van die woord offergawes in die plek van die woord kerklike bydraes. Dit is ook die woord wat in die kerkwet gebruik word en dit het betrekking op al die vorme van insameling wat die stoflike welwese van die kerk, die gemeentes, die amptelike vergaderinge, organe van bystand, liggame en belange van die kerk raak.

Daar word in die kerkwet selfs melding gemaak van "die bediening van die offergawes van die gemeente aan die armes." Van te vore is dit meer spesifiek liefdegawes genoem, moontlik 'n verwysing na naasteliefde.

Deesdae word die woord "offergawe" baie algemeen gebruik en is dit besig om die naam "bydraes" te vervang. Die groeiende ingang van die woord in die kerktaal word met instemming en goedkeuring aanvaar en bevorder. Dit is die woord wat die regte begrip inhou en die eintlike gesindheid van die gewer kan weergee. Hierdie wending word natuurlik baie sterk bevorder omdat in die Bybel die gebruik van die woord "offergawe" deurgaans voorkom.

Offergawes-afleiding

As mens handel oor offergawe, dan moet eers aandag gegee word aan die woord offer wat die betekenis het "om aan te bied, om te

gee." Dit het betrekking op wat aan die godheid om 'n bepaalde rede of motief in 'n belangrike godsdienstige handeling aangebied word.

'n Ontleding van die gebeurlikhede om die offerhandelinge in die grys verlede toon aan dat dit plaasgevind het óf as 'n middel om met die godheid in gemeenskap te tree, óf om 'n geskenk, 'n gawe te bring en aan te bied. Die motivering vir so 'n offerdaad word bepaal deur 'n groot verskeidenheid van faktore en redes.

Daar word onderskei tussen bloedige offers, waar 'n maaltyd ter sprake is of van die eet van gewyde offervleis om so die gemeenskap met die godheid te bepaal; en verder die soort offers waar die godheid as die eienaar van die land erken word en aan hom 'n geskenk aangebied word om sodoende 'n bepaalde gesindheid teenoor hom te betuig. Hierdie stellinge kan nog verder uitgebrei word en daar is ook ondersoekers wat ander standpunte oor offerandes inneem. So 'n studie sal egter baie omvangryk wees en heeltemal buite die grense van hierdie boek gaan.

In 1 Samuel 15 word vermeld hoe Saul die opdrag om die hele Amalek uit te roei, verontagsaam het, maar van die beeste saamgebring het op voorwendsel om dit te offer. Nou word dit duidelik aan hom gestel dat "om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme." Die Here sien die hart en dus die gesindheid eerste aan en eis dat dit voor God reg moet wees, en dat geen "skynheilige offergawes" gebring word nie (Jes 1:13). In Hebreërs 11:4 word die offer van Abel beter as die van Kain beskou.

Oor die offerdiens word daar in Levitikus 'n belangrike hoofgedagte ingewerk, naamlik dat dit 'n "bediening van versoening" vir Israel is. Dit volg duidelik uit Levitikus 17:11 – "want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit vir julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen." Daar is dan 'n noue verband tussen lewe en bloed, en daarom speel die bloed so 'n belangrike rol in die offerdiens. Tydens die offer word bloed vergiet, maar in die eintlike sin is dit 'n lewe wat uitgestort word. Die Here het hier met Moses gepraat en Hy stel die moontlikheid van versoening, en op Gods bevel word die bloed as draer van die lewe by uitstek die middel daartoe. So word dan alles op die altaar van die Here gelê. Die grondslag van die offer is dus dat iets gebring en in die teenwoordigheid van die Here gestel word.

Tiendes

Reeds vroeg in die geskiedenis word die gebruik van tiendes te gee, aangetref. Dit was al 'n deel van die onderhandelinge tussen Abraham en Melgisedek. Daarna beloof Jakob tiendes van alles wat hy gaan verkry aan God, nadat hy die droomgesig te Bet-el gehad het.

Eers later het die verordening gekom om 'n tiende van die inkomste aan die Here te gee en ook dat dit na die sentrale heiligdom gebring moes word. Die tiendes het onder andere al die beste van die olie, die mos en die koring ingesluit (Num 18:17) en in Deuteronomium word vermeld dat 'n tiende van die oes of die akker en die eersgeborenes van die beeste en kleinvee ook gegee moet word (14:22,23). Elke derdejaar moes die tiendes vir die armes afgesonder word. In Numeri word duidelik bepaal dat die tiendes aan die leviete as 'n erfdeel gegee moet word. Die leviete moet van die inkomste wat hulle so verkry weer 'n tiende aan die priesters oormaak.

In Maleagi word 'n duidelike verband gelê tussen die gee van tiendes en die seëninge wat God sal uitstort oor sy getroue volk. Ook noem die profeet dit so dat as iemand sy tiendes nie gee nie, dan beroof hy God. (3:8-10).

Die tiendes wat gegee is moet ook gesien word as deel van die offerdiens in Israel, as offergawes wat na die heiligdom gebring moes word, selfs deur die armstes van die volk. Dit is nie gehaal nie, maar word gebring en wie dit so bring kom met 'n offer wat aangebied word. Wat ook gebring word is nie die gebreklike of die verwerplike of die oorskiet nie. Daar was nie 'n gedagte om af te skeep nie, maar wat na die heiligdom gebring word is 'n gawe aan God, 'n offer en onbevlek.

Met die aanbreek van die nuwe bedeling word daar wel verwys na die ou gebruik om tiendes te gee, maar dit bestaan in die Christelike gemeente nie meer voort as 'n opdrag nie. Die offerbereidheid wat in 2 Korintiërs 8:3 en 4 aan ons geleer word, behoort egter vir ons 'n voorbeeld te wees.

Vrywillige offergawes

Dit was ook nog 'n deel van die offers wat Israel kon gee en werklik gebring het. So word vermeld in Eksodus 35:39: "Elke man en vrou wie se hart hulle aangedryf het om iets by te dra vir al die werk wat die Here deur die diens van Moses beveel het om te verrig – as vry-

willige offergawe aan die Here het die kinders van Israel dit gebring." En as mens 'n idee wil vorm van wat vermag is, dan vind mens 'n lys van die offergawes in Eksodus 25 waar dit alles genoem word, naamlik goud, silwer, koper, geweefde stof, edelsteene, olie, speserye, linne. Al hierdie dinge was benodig om 'n heiligdom op te rig, naamlik die tabernakel in die woestyn.

Later toe Dawid besig was om alles in gereedheid te bring sodat die tempel gebou kon word, het hy self drieduisend talente goud en seweduisend talente gelouterde silwer gegee. Hy doen verder 'n beroep op die volk om ook vrywillig hulle offergawes te gee en so het dit plaasgevind.

Offerandes, tiendes, vrywillige offers was alles die bronne van inkomste vir die voortgang van die tempeldienste in Israel. Die volk het hulle offers gebring na die altare en na die heiligdom – dus hulle het dit kom gee, kom aanbied. In die eerste christelike gemeente van Jerusalem was dit netso oorvloedig.

Daar is gegee omdat die liefde tot God die lewe gevul het. Dankbaarheid teenoor God vir die versoening en verlossing was 'n sterk kenmerk van die gelowige se houding. In hierdie verband skryf die apostel Paulus aan die gemeente van Korinte om die voorbeeld van Galate te volg. Op elke eerste dag van die week moet elkeen opsy sit en opspaar na die mate van sy voorspoed. Die insameling het plaasgevind vir die heiliges. Hierdie voorbeeld tipeer die gesindheid en gewilligheid wat in die eerste gemeentes bestaan het.

Dit is opmerklik dat in die Afrikaanse Bybel daar veelvuldig gebruik gemaak word van die woord offergawe. Offer is om aan te bied, om te gee. Wat so aangebied word, is 'n geskenk, 'n gawe aan die kerk en aan die Here van die kerk.

Die kerkraad en offergawes

Die kerkwet bepaal dat die gemeentevergadering insonderheid die taak het om oor die geestelike en stoflike belange van die gemeente te handel; en verder om die kerkraad te magtig om vaste eiendom te verkry of te vervreem; en verder om alle verdere bindende onderhandelinge te magtig wat betrekking het op die welwese van die gemeente. Die kerkwet stel nie net die bestaan van 'n gemeentefonds nie, maar plaas dit onder die beheer van die kerkraad. Die fonds bestaan uit offergawes van die gemeentelede, vrywillige bydraes, skenkings en erflatings. Die kerkraad moet toesig hou dat die offergawes

van die gemeentelede gereeld ingesamel en uitbetaal word. Die welsyn van die gemeente is onder die verantwoordelikheid van die kerkraad.

Die ouderling se eie gawes

Die ouderling moet 'n duidelike voorbeeld stel en veral wat selfbeheersing betref moet dit duidelik aan die lig kom, en moet dit die vrug wees van rustige vertrouende geloof.

In die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens spreek die vermaning baie duidelik dat almal in hulle dienste getrou moet wees en goeie voorgangers vir die hele gemeente. Die gemeente word vermaan om die ouderlinge wat goed regeer met dubbele eer te bejeen.

Die ouderling en diaken wat die arbeid in die gemeente met meer of minder toewyding en self-oorgawe verrig mag nie redeneer dat hulle offergawes in die vorm van arbeid gegee word nie. Die stoflike besittings waaroor hulle beskik is ook daar omdat God hulle geseën het, maar daarmee eindig dit tog nie. Daarnaas is daar seëninge oor die geestelike lewe, oor die liggaamlike lewe, die geloofslewe, en die is baie meer as wat mens kan opnoem. Dus 'n ouderling wat sy offergawe in die vorm van arbeid meet, is besig om belangrike pligte te versuim. Hy moet dankbaar wees vir die roeping waarin hy as ouderling staan, dankbaar vir God se liefde oor hom in so baie opsigte.

In 1 Timoteus 3 word van die opsiener gesê dat hy geen geldgierige moet wees nie; – dit is iemand wat sy hande maklik toehou ook wat die stoflike belange van die gemeente betref.

Die ouderling mag homself dus nie onthef van die voorreg om sy geldelike bydrae, sy offergawe te gee nie. Dit moet gereeld en getrou gedoen word. Op hierdie wyse kan daar ook 'n voorbeeld aan die hele gemeente gestel word.

Gewone offergawes

Dit is die gewone bydraes wat lidmate van die kerk gereeld aan die diakens gee om die verskillende belange van 'n gemeente of die kerk te bevorder. Daaronder tel die traktement van die predikant, die instandhouding van geboue en terreine en al die uitgawes wat elke dag ontstaan, baie keer selfs onverwags. Daar is ook die verpligtinge in

wyer kerklike verband. Die kerklike administrasie moet in stand gehou word en noodsaaklike ondernemings moet gefinansier word. Hier kan ons een saak noem naamlik die opleiding van predikante wat as herders en leraars in die verskillende gemeentes moet optree. Hierdie instelling en ander wat belangrik is soos byvoorbeeld die weeshuis, oue tehuise, die diens van barmhartigheid, evangelisasie, en baie meer mag nie tot stilstand kom nie, beslis nie omdat die bron van inkomste opdroog nie.

Laat ons 'n voorbeeld uit ons eie omgewing neem. Ons woon in 'n dorp en wil graag skoon strate en gesonde omgewingstoestande sien; ons wil elektriese krag hê en watertoevoer na ons wonings. Gestel die hele dorp se mense weier net om die nodige heffings aan die plaaslike bestuur oor te betaal. Binnekort sit die dorpsbestuur sonder geld en is nie in staat om die noodsaaklike dienste te lewer nie. Alles kom tot 'n stilstand. Huise is sonder lig en water.

As daar nou 'n gemeente is waarin almal weier om 'n enkele sent aan die gemeentefondse te gee, dan bereik mens die stadium baie gou dat die deure van die kerkgebou maar gesluit kan word. Die teleurgestelde leier sal maar sy toevlug na elders neem. Die onwillige gewers kan sê; uit die fontein sal ons tog nie drink nie. Dit is egter die houding van 'n kortsigtige en moedswillige mens wat basies 'n gierigaard is, of 'n wêreldling wat sy eie besittings op verkeerde dinge uitgee. So 'n mens vergeet dat hy alles wat hy het van God ontvang. By hom is daar geen dankbaarheid te sien nie.

Bogenoemde uiterstes het ons gelukkig nog nie bereik nie maar as 'n taamlike persentasie gesinne in 'n gemeente onwillig is, dan verswak dit die finansiële draagkrag van die gemeente en dit lei tot 'n sukkel bestaan. Daarteenoor is dit 'n feit dat gewillige en oop hande die draagkrag van 'n gemeente versterk.

Die diaken kollekteer gereeld, maar die bearbeiding van elke wykslidmaat is die taak van die ouderling. Hy moet dan nie praat van bydraes nie, maar van offergawes – dit moet gereeld gegee word en dit moet ook mildelik geskied. Daar moet onthou word dat God alles mildelik aan ons skenk. Daarom vra Hy ook op die wyse dat ons ons dankbaarheid sal toon.

Die ouderling moet die aandag daarop vestig dat die gemeente nie 'n geldsoekende bedryf beoefen nie. Die gemeente laat maar net insamel wat gekry kan word by dankbare gelowiges; by hulle wie se harte oop is en wat dus nie hande kan toehou nie. Hulle wil ook die offerandes bring namate Gods seënende hand voorspoed verseker

het. Al word net twee sente in die skatkis gegooi dan word dit gedoen met opregtheid van hart en oorgawe van die hele besitting. Dit is 'n hele rykdom, 'n volkome offergawe uit 'n hart wat glo dat die hemelse Vader weet wat sy kind môre nodig het; en dat Hy wat vir die ganse heelal sorg sy hand nie vir sy kind toehou nie.

Die ouderling het die taak om sy wykslidmaat te leer dat daar 'n verband bestaan tussen sy offergawe en sy dankbaarheid. Mens moet God ook op die wyse dank vir sy liefde, die soenverdienste deur Christus Jesus, sy genadige sorg en troue leiding in die lewe, vir gesondheid en krag om die dagtaak elke keer te verrig; vir so baie oorwinnings teen die groot versoeker.

Barmhartigheidsdiens

Die amptelike sorg op die gebied van die diens van barmhartigheid is aan die diakens opgedra. Hierdie diens word eerstens aan die kinders en lidmate van die gemeente verrig. Die regte weduwees en wese moet versorg word en daar moet omgesien word na almal maar veral aan die huisgenote van die geloof. Daar moet dus broederliefde binne die gemeenskap van die gelowiges beoefen word, maar die naasteliefde moet ook sy regmatige aandag kry. As die diakonale sorg in sy volle omvang plaasvind dan is die taak van die diaken net so omvattend as die van die getroue ouderling wat ook 'n groot aantal dienste moet verrig.

Dit is egter wenslik dat die ouderling insig verkry oor die aard en omvang van die diaken se taak, asook van die verskeidenheid vraagstukke waaraan aandag gegee moet word.

Waar 'n ouderling huisbesoek doen en 'n probleemgesin raakloop, of 'n probleem in 'n gesin ontdek, moet hy op grond van insig wat hy oor die sake opgedoen het, in staat wees om dadelik leiding te gee. Dit word beweer dat die diaken wat die helpende hand bied eintlik die hande van die kerk genoem word, maar dan moet daar bygevoeg word dat die ouderling die oë van die diakonie moet wees. So kan daar deur hierdie hande en oë die besondere roeping binne die gemeente na behore behartig word.

Daar moet ook daaraan gedink word dat om bystand by moeilikhede aan 'n gesin te verleen, eintlik 'n taak is wat 'n ouderling en diaken saam moet behartig. Daar is gesinne waar die geestelike en stoflike nood baie nou aan mekaar verbonde is. 'n Pastorale gesprek alleen is dan nie al die hulpverlening nie; terwyl stoflike hulp alleen

ook onvoldoende is. Die opdrag aan die diaken om met gepaste trooswoorde uit die Woord van God aan die armes en ellendiges hulp te verleen is reg, maar daar is meer nodig. In baie gevalle moet die woord van die ouderling en die predikant bykom.

Daar is verder ook behoeftes en hulpgeleenthede wat nie geldelike versorging vra nie, maar net die helpende hand, byvoorbeeld wanneer siekes, en andere gehelp kan word om inkopies te doen of iewers heen vervoer te word. Hier kan gemeentelede aktief betrek word en so ook diakonaal besig raak. Om sulke mense te vind, aan te moedig en die geleenthede te help reël, kan die taak van die ouderling of selfs sy vrou wees. Verder kan ook reëlings getref word om mense in nood gereeld na die erediens te vervoer.

Bybelverspreiding

Dit lê op weg van die ouderling om by huisbesoek vas te stel of die lidmate 'n Bybel besit, of hulle gereeld die Bybel lees en met Bybelstudie besig is.

Maar dit lê ook op sy weg om aan sy wyk se mense te verduidelik hoe moeilik dit vir die Bybelgenootskap is om die nodige fondse te verkry om in al die groeiende behoeftes aan Bybels te voorsien, ook in ander tale. Hy moet dit benadruk hoe broodnodig die offergawes vir hulle beplanning is. Daar is onder die heidene nog duisendtalle wat geen Bybels het nie. Waar die sendingwerk aangaan, styg die behoefte aan Bybels by die dag. Die ouderling moet nie net verduidelik nie, maar ook oortuigingswerk doen en deur die nodige aanmoediging probeer om 'n gunstige reaksie te verseker.

Kerkbou

In die eerste eeue na die begin van die Christendom het die aanhangers van die Christelike geloof vir woordverkondiging en gebed in gewone huise saamgekom. Dit blyk al uit Handelinge 1:13 dat die twaalf na die hemelvaart van Christus, vanaf die Olyfberg na 'n bovertrek gegaan het. Na alle waarskynlikheid is dit ook hier waar hulle die volgende tien dae elke dag saamgekom het en eendragtig in gebed volhard het.

Dit word vermeld dat na die uitstorting van die Heilige Gees daar van hulle was wat weer na die tempel gegaan het, maar nou moontlik net om die evangelie van verlossing ook daar soos elders te gaan be-

kend stel. Maar daarna het hulle van huis tot huis brood gebreek (Hand 2:46). Petrus het groepe in huise toegespreek, byvoorbeeld in huis van Cornelius (Joppe), in die huis van Maria, die moeder van Johannes – Markus (Hand 12:12).

Paulus het in Salamis in die sinagoge die woord verkondig; daarna in Antiochië (Hand 13:14) en Ikonium (Hand 14:1) en ook langs die rivier waar 'n bidplek ingerig was (Fil); en Tessalonika (Hand 17:1), Athene (Hand 17:17), Korinte (Hand 18:1), Efese (Hand 19:8) waar hy na probleme die samesprekings in 'n skool voortgesit het. Mens kry die indruk dat Paulus wat ook 'n Romeins burger was met groter vrymoedigheid na die sinagoges gegaan het, waar hy verseker was van 'n samekoms veral van godsdienstiges en daar begin het om die Woord te verkondig. Daarna het hy in privaat gesprekke en samekomste die boodskap verder verduidelik.

Die lang gevoelde behoefte aan kerkgeboue het egter nie net sluimerend gebly nie. Die kerk het begin om kerkgeboue op te rig om te dien as openbare en sentrale plekke van samekoms. Die boustyl van kerkgeboue deur die eeue is die onderwerp van uitgebreide studies, wat reeds bestaan. Daar is ook kerkgeboue wat reuse bedrae geld gekos het.

In ons eie land is daar ook boustyle wat eie is aan sekere tydvakke of getuienis lewer van eiesoortige smaak van die argitekte wat die planne ontwerp het.

Ook in ons gemeentes was daar 'n ontwikkelingsgang wat betref die struktuur en grootte van kerkgeboue.

In elke gemeente word die oprigting van 'n sierlike kerkgebou met geesdrif beplan, onderneem en uitgevoer. Tot hiertoe is daar met groot gewilligheid en offervaardigheid gesorg dat die delging van die boukoste voorspoedig verloop het.

Dit is tog goed om terug te kyk na die geleentheid toe die tempel van Jerusalem ingewy is en die woorde van koning Salomo te lees. Dit was 'n geweldige geleentheid. Salomo het as dankoffer aan die Here twee-en-twintig duisend beeste en honderd-en-twintigduisend stuks kleinvee geslag. Die middel van die voorhof moet geheilig word om die brandoffer en die spysoffer en die vetstukke van die dankoffers daar te berei omdat die koperaltaar voor die aangesig van die Here te klein was om al die offerandes te bevat. Daar is groot fees gehou'

Salomo bid en vra God dat sy oë nag en dag oop mag wees oor die tempel, oor die plek waarvan God gesê het: My Naam sal daar wees.

Daardie tempel en elke kerkgebou dra ook 'n boodskap want dit vertel van eenheid en eendrag, van geloofsvertroue en geloofsdade wat in 'n bepaalde kerklike gemeenskap bestaan en verrig word. Dit is die plek waar God se naam geprys word, waar sy Woord verkondig word, die plek van gebed, waar so baie mense groot lewensoomblikke beleef. Daarom moet daar ook gesorg wat dat fonse gevind kan word om kerkgeboue op te rig en te betaal sodat die Woord van God daar kan weerklink.

Kontrole vrae

1. Wat is offergawes? Dink ook aan die hoeveelheid wat gegee moet word en die gesindheid waarmee dit gegee word.

   .....

2. Hoe moet die ouderling se eie gawes wees?

   .....

3. Wat is die taak van die ouderling by die diens van barmhartigheid?

   .....

4. Die ouderling en Bybelverspreiding. Het hy 'n taak in die verband?

   .....

5. Is 'n kerkgebou noodsaaklik vir 'n gemeente?

   .....

Onderwerp vir bespreking

Die ouderling se taak en verantwoordelikheid ten opsigte van die offergawes van die gemeente.

Besondere opdragte

Die amp van die ouderling is die regeeramp. As ons na die kerk se wette en bepalings en die bevestigingsformulier vir ouderlinge kyk, sien ons dat dit hoofsaaklik die opsig oor die leer en die lewe van die predikant en die gementelede insluit, sodat daar orde in die gemeente kan heers, die Sakramente nie ontheilig word nie en die Woord reg verkondig word. Dit beteken allermins dat die ouderling 'n soort vyand van die gemeente en die predikant is. Die ouderling is juis die vriend van die gemeentelede omdat hy oor hulle saligheid waak en hy is die hulp en die medewerker van die predikant.

Al hierdie dinge word elders in hierdie boek bespreek en ons gaan nie daarop in nie. Daar is egter in hierdie verband die probleem van besondere opdragte aan die ouderling waaraan ons aandag moet gee, want behalwe die opdragte wat eie aan sy amp is en wat die bepalings van die kerkwet aan hom opdra, kan die ouderling vir byna enige werk in die gemeente en in die kerk aangewys word.

As ons nou die werk van die ouderling as hoofsaaklik 'n regeertaak en 'n hulptaak sien, kan ons ook die besondere opdragte vanuit hierdie twee hoeke bekyk.

Die regeertaak van die ouderling

'n Ander afdeling van hierdie boek praat oor die eintlike regeertaak van die ouderling, naamlik sy werk as ouderling van die gemeente. Dit is sy eerste en belangrikste roeping. Daaroor praat ons nie hier nie.

Omdat die ouderling, ouderling in 'n bepaalde gemeente is, kan hy egter ook tot 'n wyer regeertaak geroep word. Dit gebeur wanneer die ouderling as die gemeente se afgevaardigde na die Ringsvergadering of die Algemene Kerkvergadering gekies word. As lid van die Ringsvergadering of Algemene Kerkvergadering kan hy weer deur hierdie vergaderings gekies word as lid van die Ringskommissie of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, wat ons in die wandel die Algemene Kommissie noem. Vir al hierdie vergaderings word hy deur die betrokke liggaam (kerkraad, Ringsvergadering, Al-

gemene Kerkvergadering) verkies. Die wettigheid van die verkiesing van die ouderling en die gesag wat hy beklee, berus uiteindelik alles op die feit dat hy deur die gemeente as ouderling gekies is. As hy nie deur die gemeente as ouderling van die plaaslike gemeente gekies is nie, kan hy nie lid van die Ringsvergadering of die Algemene Kerkvergadering wees nie en as sy verkiesing deur sy gemeente om welke rede ook al onwettig is, is sy lidmaatskap van die ander vergaderings ook onwettig.

Wat die taak van die Ringsvergadering en Algemene Kerkvergadering en hulle kommissies is, word in die bepalings van die kerkwet omskrywe. Broeders wat op hierdie liggame verkies word, moet die bepalings raadpleeg. Ons gaan nie hier daarop in nie. Ons wil liewer oor die verantwoordelikheid van die ouderling praat.

Wesenlik verskil die ouderling se verantwoordelikheid op die meerdere liggame nie van sy verantwoordelikheid op die kerkraad nie. Die bepalings van die kerkwet sê wat die arbeidsveld en die taak van die ouderling is. Bepalings 167 en 168 sê in besonder wat sy taak in die gemeente is en daar is nie bepalings wat sê wat die ouderling se taak op die meerdere vergaderings is nie, behalwe bepalings wat negatiewe implikasies het. So is daar bepaling 12 wat sê dat die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering 'n predikant moet wees, wat impliseer dat dit nie die taak van die ouderling kan wees nie. Bepalings 167 en 168 gee ons egter genoegsame aanduiding wat die taak van die ouderling op die meerdere vergaderings is. Ons gaan nie volledig op alles in nie, maar gee net die volgende riglyne:

Bepaling 167 sê wat die arbeidsveld en bepaling 168 wat die taak van die ouderling is. Die bedoeling van die bepalings is: dit is die arbeidsveld en die taak van die ouderling binne sy eie gemeente, waar hy lidmaat is en as ouderling gekies is. As lid van die meerdere vergaderings word die ouderling in die posisie gestel dat hy moet meehelp dat die dinge wat in die bepalings genoem word, op 'n baie wyer gebied as die plaaslike gemeente uitgevoer word. Die ouderling verteenwoordig sy gemeente op die meerdere vergaderings en waar nodig, moet hy sy gemeente se belange behartig. Dit is egter nie sy hooftaak nie. Sy hooftaak is om te help toesien dat in 'n groep gemeentes (in die geval van die Ringsvergadering) of in die hele kerk (in die geval van die Algemene Kerkvergadering) die kerkwet ten uitvoer gebring word en as dit nodig is, nuwe wette en bepalings gemaak word vir die welsyn van die kerk en vir die beter verkondiging van die evangelie.

Laat ons 'n voorbeeld noem:

Bepaling 167(1)(a) sê: *Ouderlinge sal toesien dat gemeentelede die erediense getrou bywoon, gereeld nagmaal gebruik en hulle kinders laat doop.* In sy eie gemeente voer die ouderling hierdie opdrag uit onder andere deur by sy wykslede huisbesoek te doen en hulle aan te moedig om die erediens by te woon. As lid van die Ringsvergadering of Ringskommissie is dit klaarblyklik nie die bedoeling dat die ouderling in al die gemeentes van die ring moet gaan huisbesoek doen nie. Dit is egter wel die ouderling se taak om uit die verslae wat van die verskillende gemeentes voor die vergadering dien, te kyk of die werk in die gemeentes gedoen is, watter probleme daar in die uitvoering van hierdie opdrag is en as daar sulke probleme is, wat daar gedoen kan word om die probleme op te los.

Van die Ringe of gaan nou weer meer verslae aan die Algemene Kerkvergadering. Die verslae is vir die Algemene Kerkvergadering beskikbaar, maar gewoonlik kom daar nie voor die Algemene Kerkvergadering 'n rapport wat aandui of elke ouderling in elke gemeente van die kerk huisbesoek gedoen het nie. Die Ringsvergadering moet hierna kyk. Maar as daar nou in verskillende dele van die kerk probleme opduik sodat die ouderlinge nie hulle huisbesoek kan doen nie of nie behoorlik kan doen nie of nie wil doen nie of verkeerd doen, dan is dit iets wat onder bepaling 11(a) val. Die Algemene Kerkvergadering moet dan die probleem bespreek, leiding gee en as dit nodig is die bepalings verander of nuwe bepalings by die bestaande byvoeg, sodat hierdie probleem wat die lewe van die kerk raak, opgelos kan word. Dit het alles te doen met die werk van die ouderling en die ouderling wat afgevaardigde na die Algemene Kerkvergadering is, dra saam met al die ander afgevaardigdes die verantwoordelikheid vir wat gedoen word.

Hierdie werk op die Ringsvergadering en die Algemene Kerkvergadering is deel van die regeertaak van die ouderling. Nou vind baie kerkrade dit moeilik om afgevaardigdes te kry. In die stedelike gemeentes vind die Ringsvergaderinge in die aande plaas en daarom het 'n mens gewoonlik nie probleme om afgevaardigdes te kry nie. Die Algemene Kerkvergadering sit egter twee weke lank en die sittings duur van die oggend tot die aand. Dit beteken dat die kerkraadslid wat daarheen gaan, verlof by sy werk moet kry en dit beteken gewoonlik dat hy sy jaarlikse verlof moet inboet. Mens doen dit nie graag nie en 'n mens kan dit verstaan. Desondanks moet ons kerkraadslede, veral ons ouderlinge, baie ernstig oor die saak na-

dink. In die eerste plek is daar 'n baie belangrike beginsel op die spel: ons almal vertrou ons predikante en ons weet dat die predikante nie net bekwaam is nie, maar ook net die beste vir die kerk sal doen. Nogtans is ons kerk nie 'n domineeskerk nie en mag dit ook nie wees nie.

In die tweede plek is die Algemene Kerkvergadering 'n onvergeetlike ervaring en 'n voorreg vir elkeen wat in die kerk belangstel. Op hierdie vergadering leer 'n mens die omvang van die kerk en al sy aktiwiteite ken. Baie keer is dit net eenmaal in 'n mens se lewe wat jy die geleentheid het om as afgevaardigde die Algemene Kerkvergadering by te woon. Hiervoor kan 'n mens maar 'n bietjie opoffering doen.

Hier wil ek 'n praktiese wenk aan die hand doen: ons stedelinge reël ons verlof gewoonlik 'n jaar vooruit. As jy met vakansie wil gaan, moet jy minstens 'n jaar vooruit plek bespreek. As die kerkraad sy afgevaardigde na die Algemene Kerkvergadering ook lank vooruit kies gee dit die man die geleentheid om sy verlofsake betyds te reël.

Die hulptaak van die ouderling

Bepaling 167(2) sê dat die ouderling saam met die herders en leraars die opdrag het om te sorg vir die opsig oor die gemeente, die arbeid onder die wat van die evangelie vervreemd is, die herderlike sorg, die kategese en die geestelike vorming van die jeug. As 'n mens kyk na alles wat in bepalings 167 en 168 staan, kan 'n mens sê dat die ouderling te doene het met al die werk wat in die gemeente gedoen moet word. Dit is die normale taak van die ouderling en word elders in hierdie boek bespreek. Ons gaan dit daarom nie hier bespreek nie.

Dit is egter in baie gemeentes gebruiklik om ouderlinge vir besondere take te kies. So kry ons dan jeugouderlinge, wat feitlik in elke gemeente aangetref word. Soms word 'n hospitaal-ouderling gekies, wat beteken dat hy die besondere opdrag het om siekes in die hospitaal te gaan besoek. Sommige gemeentes kies 'n ouderling om in die gemeente besondere aandag aan die sending of aan die arbeid onder buitekerklikes te gee en die gemeente op die ringsrade te verteenwoordig. In sommige gemeentes is daar ook inrigtings van die kerk (ouetehuise, weeshuise en so meer) en 'n ouderling kan gekies word om net na so 'n inrigting om te sien. Daar kan nog meer sulke besondere take wees.

Ons gaan nie op elkeen van hierdie besondere take afsonderlik in nie. Dit sal ons te ver voer, want dit sal vereis dat ons byvoorbeeld – 'n uiteensetting moet gee van die weeshuis, sy funksionering, probleme en posisie in die kerk. Ons maak egter 'n paar algemene opmerkings:

'n Mens hoor soms dat 'n ouderling wat vir sulke take verkies word, sê dat dit nie sy werk is nie, maar die predikant se taak is. Nou is dit natuurlike moontlik dat 'n predikant sy werk soms op die ouderlinge afskuif. Oor die algemeen gebeur egter die teenoorgestelde, naamlik dat die predikant take oorneem wat eintlik by die ouderling tuishoort. Hoe dit ookal sy, dit toon 'n totaal verkeerde gesindheid om die saak op hierdie wyse te benader. Predikant en kerkraad behoort nie aan 'n soort vakbond wat besig is om te kyk wie wat moet doen en te sorg dat niemand te veel werk nie. Ons werk almal saam in gehoorsaamheid aan die een Here en Saligmaker; niemand kan ooit te veel doen nie, maar altyd te min.

In hierdie diens is die ouderling – afgesien van sy eie werk in die gemeente – die predikant se medewerker en hulp. Daar is geen deel van die predikant se werk, behalwe huweliksbevestigings en die bediening van die Sakramente, waar die ouderling nie kan help nie – al is dit dan soms net in besondere omstandighede.

Wanneer die ouderling dan van hierdie besondere opdragte kry, is sy werk aan die een kant 'n hulp vir die predikant, wat die predikant meer tyd vir sy eintlike taak (die verkondiging van die evangelie) gee. Hierdie funksie van die ouderling is baie belangriker as wat die ouderling gewoonlik dink. Die verkondiging van die evangelie vind hoofsaaklik plaas by die huisbesoek, die kategese en die prediking van die kansel af. Huisbesoek is tydrowende werk en die predikant wat die Woord op 'n behoorlike en verantwoorde wyse wil verkondig, het tyd vir voorbereiding nodig. Aan die anderkant moet die onderling opdragte wat hy kry nie net beskou as hulp aan die predikant nie. Wanneer die ouderling verkies word, is dit sy **opdrag.** Hy moet verantwoording aan die kerkraad doen. Wat egter baie belangriker is, is dat so 'n opdrag beteken dat die ouderling 'n deel van die Here se werk op aarde moet doen, en dit moet tot eer van die Here gedoen word.

Om hierdie rede moet die kerkraad versigtig wees wie hulle kies. Die motief van die keuse mag nooit wees om ontslae te raak van 'n lastige taak wat die kerk op die gemeente gelê het nie. Dit is werk

wat gedoen moet word en dit is 'n ernstige saak. As dit enigsins moontlik is, moet 'n ouderling gekies word wat kennis van die bepaalde saak en belangstelling daarin het. As so 'n persoon nie beskikbaar is nie, moet in elk geval een gekies word wat sy bes sal doen.

Die ouderling wat gekies word, moet erns van sy opdrag maak. Hy moet nie net die vergaderings bywoon wat van hom verwag word nie. Elkeen van die besondere opdragte vereis ook kennis van die besondere gebied. Neem byvoorbeeld die sending: weet die ouderling van die werk wat reeds gedoen is en gedoen word, die opleiding van swart predikante, die sendingbeleid van ons kerk, die besondere probleme waarmee ons worstel, die beskouings van die Hervormde kerk van Suidelike Afrika? Die gegewens is beskikbaar, maar die ouderling moet 'n bietjie moeite doen om dit in die hande te kry en dit te bestudeer.

Dikwels word 'n ouderling vir 'n eenmalige saak gekies, byvoorbeeld om 'n rusie te gaan oplos. Hiervoor kan 'n mens moeilik voorskrifte gee, omdat daar so 'n uiteenlopende aantal moontlikhede is. Al wat ons kan sê is: wees kalm, verstandig, eerlik en opreg; doen jou bes om die saak tot 'n gelukkige einde te bring; moenie sloer nie, maar doen die werk so gou as moontlik.

'n Heel besondere situasie ontstaan wanneer die predikant in die moeilikheid is. Daar kom byvoorbeeld 'n klag teen die predikant. Nou is dit so dat die konsulent of 'n ander predikant normaalweg die leiding in so 'n geval oorneem. Dit kan egter gebeur dat 'n ouderling as voorsitter van die kerkraad moet optree. Maar al neem 'n ander predikant ook die leiding oor, berus dit nog by die plaaslike ouderlinge om die saak op te los. In sulke gevalle is die volgende uiters belangrik:

(a) Bestudeer die kerkwet en moenie die kerkwet oortree nie. Dit het byvoorbeeld al gebeur dat 'n kerkraad 'n predikant se traktement opgeskort het en hom die kansel belet het voordat hy afgesit is of selfs voor 'n formele klag ingedien is. Hou aan die kerkwet.

(b) Bly koelkop en moenie kant kies nie. Moenie dink dit is jou plig om die predikant te verdedig nie, al is hy ook 'n goeie vriend. Moet ook nie dink dit is jou plig om van hom ontslae te raak nie. Jou plig is om uit te vind wat die *feite* is. Wat het regtig gebeur; wat het die predikant regtig gedoen? Is die predikant skuldig? Was dit 'n bona fide fout wat enigeen kon oorkom of was dit 'n

oortreding wat hy willens en wetens begaan het? Hoe groot is die oortreding? Is dit so groot dat die predikant afgesit moet word of is dit 'n saak wat in der minne geskik kan word? Wat is tot voordeel van die gemeente? Is dit moontlik om die probleem binne die gemeente af te handel of moet dit na die Ringskommissie en Algemene kommissie verwys word?

Al hierdie vrae is ter sake in enige tugsaak, maar dit is gewoonlik baie ernstiger in die geval van 'n predikant, omdat die predikant se moeilikheid gewoonlik die gemeente baie meer omkrap en verdeel. In sulke omstandighede hang alles van die ouderling af. Hulle bepaal die gees in die kerkraadsvergadering en hulle moet die leiding in die gemeentevergadering neem. Dit is egter nie al nie. Hulle moet in sulke omstandighede leiding in die gemeente neem. Dit vereis dat hulle dikwels moet gaan huisbesoek doen. Op die huisbesoek mag die ouderling *nooit* as 'n onrusstoker en moeilikheidmaker rondtrek nie. Hy moet gaan om die lidmate in te lig, hulle vermaan om kalm te bly en bo alles sorg dat hulle getrou aan die kerk bly.

Ten slotte moet ons ook iets vir die predikant sê: Die hulpdiens van die ouderling is vir die predikant absoluut onontbeerlik. Sonder die ouderling is die predikant se hande afgekap. Die predikant wat probeer om die ouderling se werk oor te neem of om die ouderling uit te skakel, begaan 'n ernstige fout. Net so 'n ernstige fout is dit om die houding in te neem dat die ouderling nie bekwaam is nie. As 'n ouderling vir 'n bepaalde taak gekies is, mag die predikant nie maak asof die ouderling maar net sy verteenwoordiger of agent is nie. Hy moet besef dat die ouderling in sy eie reg daardie werk doen. Die verstandige predikant erken nie net die ouderling in sy besondere roeping nie, maar moedig die ouderling ook aan en help hom waar dit nodig is. Net op hierdie wyse kan die liggaam van Christus 'n eenheid wees, ondanks die verskeidenheid van lede (1 Kor 12).

Kontrole vrae

1. Wat behels die regeertaak van die ouderling alles?

   .....

2. Wat beteken die woorde: aan die ouderling is opgedra die byeenvergader van die gemeente?

   .....

3. Aan die ouderling kan ook bykomstige take gegee word. Onderskei 'n paar hiervan.

   .....

Onderwerp vir bespreking

Die taak en verantwoordelikheid van die ouderling op die kerkraadsvergadering, die Ringsvergadering en die Algemene Kerkvergadering.

Op die rand van die kerk

Inleiding

Ter inleiding moet 'n klompie vrae, wat asof vanself uit bostaande opskrif voortvloei, eers beantwoord word. Die beantwoording van hierdie vrae sal dien as motivering vir wat hieronder volg.

Die vanselfsprekende eerste vraag is: Wat verstaan ons onder die uitdrukking: Op die rand van die kerk? Dit is daardie raakpunte waar die kerk, in die uitvoering van sy diensopdrag, in aanraking kom met die nie-kerk. Om 'n meer bybelse terminologie te gebruik: Dit is die raakvlak tussen die kerk en die wêreld.

Een antwoord roep dan asof vanself die volgende vraag na vore: Wat is die kerk en wat is sy diensopdrag? Vir 'n antwoord op die eerste deel van hierdie vraag, kan ons gaan kers opsteek by die Heidelbergse Kategismus (Sondag 21, vraag en antwoord 54). Die kerk is die resultaat daarvan dat; "die Seun van God uit die ganse menselike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou". Die kerk is dus nie die resultaat van die feit dat 'n klompie mense by geleentheid besluit het om nou 'n kerk te stig nie. Dit is daar omdat God mense deur sy Woord en Gees tot die geloof bring en hulle, deur daardie selfde Woord en Gees, in die geloof bewaar.

Maar nou moet ons nie, op grond van wat die kategismus oor die saak te sê het, die fout begaan om te dink dat die kerk net dáár is waar geroepe gelowiges bymekaar is nie. Die gemeente, veral wanneer hy bymekaar is vir die erediens, is die verskyningsvorm van die kerk – die manier waarop die kerk sigbaar word. Maar dit beteken nie dat die kerk ophou bestaan as daardie geroepe gelowiges ná die erediens uitmekaar gaan nie. Die kerk is altyd daar. Wanneer die gemeente nie bymekaar is nie, hou die kerk nie op om te bestaan nie. Want die kerk word nie gekonstitueer uit die somtotaal van sy lidmate nie, maar uit die feit van die geroepenheid deur God. Daarom is 'n duisend gelowiges bymekaar nie meer kerk as twee of drie bymekaar nie.

Nou die tweede deel van die vraag. Wat is die diensopdrag waaronder die kerk staan? Die somtotaal van alles wat die Bybel ons in

hierdie verband leer, kan soos volg saamgestel word: Die kerk moet die lig van die Woord; die lig van die Waarheid van Christus, in die wêreld uitdra, sodat die vernuwende en herkseppende krag van hierdie Woord die wêreld kan aanraak, verander en vernuwe.

Die volgende vraag: Wat is die nie-kerk of die wêreld? Dit is die ongekerstende wêreld; die mense en instansies wat die heilsame werking van die Woord nog nie ervaar het nie; of dit wel ervaar het, maar hulle daarteen verset en dit gevolglik verwerp het. Daar is egter ook nog 'n derde moontlikheid. Die begrip "wêreld" kan ook gebruik word as 'n aanduiding van daardie faset van die werklikheid wat nie direk vanuit die krag en stimulans van die Woord leef – of hoef te leef nie. Met ander woorde daardie faset van die werklikheid wat in enige maatskappy, selfs daar waar die Woord van God totaal onbekend is, tog sal voortgaan, omdat dit leef vanuit die stimulans van die natuurlike en die gees van die mens.

Hier kan ons veral dink aan dinge soos die wetenskap, tegniek en kultuur. Die wetenskap, in sy praktiese beoefening, sal gekleur word deur die mens wat dit bedryf. So kan dit moontlik wees dat die christelike geloof van die beoefenaar van die wetenskap 'n invloed sal hê op die beoefening van sy wetenskap. Maar aan die wetenskap as sodanig sal dit geen verskil maak nie. Die fisika as suiwere wetenskap bly dieselfde – of dit deur 'n christen bestudeer word, of deur 'n mohammedaan of 'n kommunis. Dieselfde is waar van die tegniek. As daar gekyk word na die kultuur, vertoon dit oënskynlik 'n ander prentjie. Daar bestaan wel so iets as 'n christelike kultuur. Maar daar is ook so iets as 'n nie-christelike. Die feit is dat die kultuur as sodanig, ook sonder die christelike stimulans kan bestaan. So tref mens dan ook inderdaad nie-christelike kultuurvorms in die wêreld aan. Selfs binne die sg. christelike maatskappy sal nie-christelike kultuurvorms as uitinge voorkom. Die kerk kan daarop invloed uitoefen (die teendeel is natuurlik ook waar), maar dit kan sonder die kerk bestaan.

Die feitlike situasie sien nou só daaruit, dat die kerk oral en altyd met die nie-kerk in aanraking kom. Die kerk kan hom tog nie losmaak van die wêreld nie. Die Roomse kerk het dit probeer. Met hulle kloosterideaal poog hulle om die kerk uit die wêreld weg te neem en 'n voorportaal van die hemel op die aarde te vestig. Maar dit geluk nie. Die wêreld is as't ware vanselfsprekend binne die kloostermure. Daar is mos mense in die klooster; en waar mense is, mense wat ook

die inwerking van die nie-kerk ondervind – hoe gering ookal – daar is die wêreld.

Daar is oral en altyd kontakpunte en raakvlakke. Die kerk, in sy gang deur die wêreld en in die uitoefening van sy diensopdrag, sal met elke tree wat hy gee, nie net met die nie-kerk kontak maak nie maar ook op weerstand stuit. Dit bring ons by die wesenlike vraag: Hoe sal die kerk hierdie kontak en weerstand hanteer? By die beantwoording van dié vraag hou ons dan net steeds in gedagte dat wanneer ons "kerk" sê, ons nie praat van 'n abstrakte saak nie, maar van die mense wat op sterkte van hulle roeping kerk *is*.

Net nog 'n laaste gedagte as inleidende opmerking: Alhoewel hierdie boek bedoel is vir ouderlinge, is die taak en die optrede van die ouderling in hierdie verband nie anders as die van enige ander lidmaat nie. Die ouderling is immers die een wat belas is met die opsig oor en regering van die geméénte. Hy is ouderling van en vir die geméénte en nie vir die wêreld nie. Hy moet egter net steeds onthou dat hy hom nie van sy amp kan losmaak nie en dat die eis van die apostel nog altyd geld: "Maar hy moet ook getuienis hê van die buitestaanders" (1 Tim 3:7). Wie is die buitestaanders van wie daar in hierdie geval sprake is? Hulle wat ons tot nog toe aangedui het as nie-kerk. Dit is die absolute voorvereiste dat die ouderling in sy aanraking met die nie-kerk, hom steeds só waardig sal gedra dat hy in goeie getuienis sal staan. Alhoewel hulle van hom mag verskil moet sy optrede hulle dwing om hom te respekteer.

Met dit alles in gedagte kan ons nou aandag gee aan die nadere besonderhede. Ons gaan vervolgens sommige van die belangrikste raakvlakke tussen kerk en wêreld ondersoek en probeer vasstel wat ons optrede in elke geval behoort te wees.

Kultuursake

Eintlik dui hierdie opskrif 'n te breë veld aan. Die woord "kultuur" dui eintlik op die totaliteit van die mens se skeppende werksaamheid. Iemand het dan ook eenmaal die volgende treffende definisie van kultuur aangebied: "Kutluur is verwerkte natuur". So gesien is daar dus letterlik niks in die mens se leefwêreld, wat deur sý inisiatief tot stand gekom het, wat nie as kultuur geskenskets kan word nie.

In die algemene spreektaal het die begrip egter 'n verenging ondergaan. Normaalweg verstaan ons daaronder: "Die gemeen-

skapsvorme, gewoontes of skepping van 'n *volk*". Met ander woorde die kultuur van 'n volk is die manier waarop daardie volk 'n volk is. Dit is die een saak wat die een volk van die ander onderskei. Die taal is deel van 'n volk se kultuur; so ook sy lewensgewoontes, sy kleredrag, sy eetgewoontes, sy kuns, sy musiek, sy letterkunde ens. Al hierdie dinge verteenwoordig dit waardeur die volk uiting gee aan sy aard, sy karakter en persoonlikheid.

Die kerk kan nie anders as om met die kultuur in aanraking te kom nie. Trouens, die kerk kan homself nie van die kultuur losmaak nie. Want dieselfde mense wat kerk is, is tegelykertyd deel van 'n bepaalde volk en dus ook draers van die kultuur van daardie volk. Mens kan laasgenoemde feit eintlik nog sterker stel, sonder kultuur kan jy nie mens wees nie. Jy kan by wyse van spreke, jou eie kultuur verstoot; maar dan doen jy dit ten gunste van 'n ander. So 'n ding as 'n kultuurlose mens bestaan nie. Daarom is dit onvermydelik dat die kerk altyd in 'n tweegesprek met die kultuur sal wees. Die intensiteit van die betrokkenheid word bowenal geïllustreer deur die feit dat die taal waarin die tweegesprek gevoer word, juis 'n produk van die kultuur is.

Op hierdie stadium kan die wesenlike vraag gevra word: Wat moet die verhouding tussen kerk en kultuur wees? Dit is 'n dringende vraag. Want hoe mens ookal daaraan dink; daar sal wedersydse beïnvloeding wees. Dat daar sodanige wedersydse beïnvloeding was, is 'n historiese feit. Die kerk en godsdiens het byvoorbeeld 'n onuitwisbare invloed gehad op die kuns en letterkunde van die westerse kultuur. 'n Mens sou letterlik honderde voorbeelde kon opnoem van beroemde en minder beroemde skilderye wat 'n christelike of kerklike motief uitbeeld. Dit is ewe waar van die letterkunde, die musiek en die poësie. Omgekeerd is dit egter ook waar dat die kultuur 'n diep invloed op die kerk gehad het. Een voorbeeld sal genoeg wees. Die lied van die kerk, die lied wat ons in die erediens sing, is 'n stuk kultuurgoed. Die melodieë wat ons in die erediens gebruik, is nie 'n geopenbaarde waarheid nie. Dit is resultaat van die skeppende kuns as deel van die volkskultuur. Die kunstenaar wat 'n lied komponeer vir gebruik deur die kerk, is ingebed in die musiektradisie van 'n bepaalde kultuur. Daarom is die lied wat tot stand kom, nie net die eiendom van die kerk nie. Dit is ook, in die volste sin van die woord, eiendom van die kultuur. Trouens, op sy beurt dra dit by tot die uitbouing van daardie kultuur.

Kom ons keer nou terug na ons vraag. Ons het aangedui dat daar

tussen kerk en kultuur 'n wedersydse beïnvloeding bestaan. Dit is onafwendbaar. Maar, waar gaan die oorwig van beïnvloeding lê? Vanuit watter pool gaan die dinamiek vloei? Ons vraag word dus nou 'n vraag na prioriteite. Daar is kennelik twee moontlikhede:

of die kerk kersten die kultuur,
of die kultuur kultiveer die kerk,

Voordat 'n mens kies tussen hierdie twee moontlikhede (indien jy een van die twee sou kies), moet mens vooraf duidelikheid hê oor die implikasie wat uit elkeen voortvloei. Laat ons probeer om die implikasies te peil. Ons gee eerste aandag aan:

Die kerk kersten die kultuur

In hierdie geval sal die kerk die kultuur beskou as "sendingveld", met die doel om 'n kerklike stempel daarop af te druk. Dit sal beteken dat die kerk die kultuur graag sal wil gebruik as 'n handlanger, om die boodskap van die kerk die wêreld in te dra. As ideaal sal dan geld: 'n Letterkunde wat die evangelie sal uitdra, musiek wat die lof van God sal verkondig, skilderkuns wat iets sal probeer vasvang van die masjesteit van die goddelike en algemene lewensgewoontes wat 'n spieëlbeeld sal wees van die kerklike oortuiging.

Hierdie moontlikheid mag vir baie mense baie aanloklik klink. Die standpunt vind dan ook baie voorstaanders. Maar die vraag kan gestel word of dit wenslik is; en of dit hoegenaamd moontlik is.

Oor die wenslikheid daarvan bestaan daar ernstige bedenkings. Die geskiedenis van die weste het 'n tydperk geken toe hierdie ideaal met groot ywer nagestreef en grotendeels bereik is. Die periode waarna verwys word staan bekend as die middeleeue. Die gevolg was 'n kultuur wat, ten spyte van aanvanklike dryfkrag en gevolglike grootse skeppings, later verval het in stagnasie en bygeloof en sodoende homself vernietig het.

Hieruit leer ons 'n les. Die kultuur moet nie aan bande gelê word nie. Dit moet die geleentheid kry om te groei, te ontwikkel en te beweeg. As ons die kultuur sien as die resultaat van die mens se pogings om homself in die wêreld tuis te maak, spreek dit vanself dat dit nie staties kan bly nie. Want die mens is self tog nie staties nie; hy is aan't ontwikkel. Dit is nog weer 'n ander vraag of hierdie ontwikkeling ten goede of ten kwade is, maar dit is nie hier ter sprake

nie. In sy ontwikkeling sal die mens steeds die behoefte hê om homself tuis te maak in die enigste wêreld wat hy het. Dit is seker dan ook vanselfsprekend dat sy tuiste nie altyd eenders sal lyk nie. Om 'n demper, al is dit dan 'n kerklike demper op die kultuur te plaas, beteken dat die spontane ontwikkeling daarvan gekortwiek word. Dan word die gevaar van stagnasie en verval wesenlik.

Daarom die standpunt dat die kerstening van die kultuur, in die sin van 'n oorname deur die kerk, nie wenslik is nie. Eintlik behoort daar verder na hierdie probleem gekyk te word. Dit is egter so 'n ingewikkelde saak dat 'n afsonderlike (en lywige) publikasie daarvoor nodig sou wees.

Maar is dit hoegenaamd moontlik dat die kerk die kultuur sou kon kersten? Duisend jaar gelede was dit miskien nog moontlik; maar vandag? Dit is baie onwaarskynlik, om die minste daarvan te sê. Daar is vandag, as gevolg van die invloed van die moderne massamedia, te veel kuturele interaksie. Die kultuurdraer, die individuele mens, word nie net vanuit één kulturele groeibodem gevoed nie, maar uit 'n veelheid.

Impulse van nie net die eie kultuur nie, maar van elke denkbare kultuur werk op hom in. Dit beteken dat die kultuur van enige volk kom ons sê die Afrikanervolk, nie meer net spontaan ontwikkel op grond van eie inherente dryfkrag nie, maar ook gevoed word deur 'n magdom ander kulture waarmee dit in aanraking kom. Kerstening van die kultuur sal dan uiteindelik beteken dat die wêreldkultuur gekersten moet word. Dit sou seker 'n pragtige ideaal vir 'n fanatieke kerk gewees het. Maar dit is prakties onmoontlik. Bowendien is die vraag of God dit ooit só bedoel het.

Die Nuwe Testament het, so lyk dit immers, 'n ander visie. Daar word meer klem gelê op kwaliteit as op kwantiteit. Die kerk word steeds gesien as 'n werkende krag *in* die wêreld; die sout van die aarde, die lig van die wêreld. Dit is bedoel as 'n soort vitamine, wat aktief in die wêreld werksaam moet wees, ter wille van die bevordering van die Waarheid. Maar aan die einde van die tye sal die kerk nog teenoor die wêreld staan; dit sal die wêreld nie verplaas nie. Dit is die bybelse visie.

Maar as die kerk dan as 'n soort vitiamine aktief in die wêreld werksaam is, moet daar mos noodwenigerwys kerklike beïnvloeding van die kultuur wees? Natuurlik. Maar wat sal die doel en die aard daarvan wees? Op die vraag kom ons netnou terug.

Die kultuur kultiveer die kerk

In hierdie geval sal die kultuur die kerk as't ware oorneem. Dit sal nie geskied by wyse van 'n bloedige staatsgreep nie, maar deur subtiele insypeling en indoktrinasie. Wat gebeur is die volgende:

Die Waarheid van die evangelie word diensbaar gemaak aan die kultuurstrewe; die kerk van Christus word verander in 'n organisasie ten dienste en ter bevordering van die kultuur in sy breë verband.

Ons het hierbo daarop gewys dat dit in hierdie problematiek gaan oor die kwessie van prioriteite. Die uitlewering van die kerk aan die kultuurstrewe vind plaas wanneer kultuurbehoud en kultuurontwikkeling as die hoogste prioriteit aanvaar word. Sodanige tydperke in die geskiedenis van die kerk is nie onbekend nie.

Die beste voorbeeld aan die hand waarvan die saak geïllustreer kan word, kom uit die resente geskiedenis. Ek dink aan die inpalming van die Duitse kerk deur die kultuurideologie van die Naziisme. Daar is ander voorbeelde ook maar hierdie een is miskien die radikaalste.

Die uiteindelike gevolg van so 'n situasie is voor die hand liggend. Die eintlike opdrag van die kerk, die verkondiging van die evangelie, word sekondêr en gaan selfs tot niet. Die oomblik wanneer dit gebeur, hou die kerk op om kerk te wees. Dan het kultuur die god geword en staan sy diens primêr.

Dit is natuurlike meer as ongewens. Dit is 'n katestrofe. Dit mag nooit toegelaat word nie. Ons as Afrikaners, en meer spesifiek ons as Hervormers, met die sterk klem wat ons op die volkskerkgedagte lê, moet altyd op ons hoede wees teen hierdie moontlikheid. Met die gedagte van die volkskerk as sodanig, het ons nie probleme nie. Ons moet net besef dat ons hier in 'n gevaarsone beweeg. Hier is 'n gebied waar die rooilig moet flikker. So maklik kan dit gebeur dat ons die fatale tree gee. So maklik kan die prioriteite verskuif en die evangelie plek maak vir die kultuur.

Natuurlik sal die kultuur meepraat in die kerk. Daarby het ons mos nou al stilgestaan. Maar in hoe 'n mate? Waar moet die besliste en duidelike streep getrek word?

Die alternatiewe keuse

Ons het aandag gegee aan twee, enigsins radikale moontlikhede: of die kerk kersten die kultuur, of die kultuur kultiveer die kerk. Albei

moontlikhede het geblyk ongewens te wees. Is dit egter die enigste moontlikhede. Bestaan daar nie 'n derde en meer aanvaarbare moontlikheid nie?

Dat daar wisselwerking van beinvloeding tussen kerk en kultuur plaasvind, het ons al klaar aangedui as 'n werklikheid. Is hierdie wisselwerking ongewens? Moet die kerk hom afsluit van die kultuur? En andersom? Gewis nie. Die wisselwerking tussen hierdie twee groothede kan, as dit beheersd en opreg is, net dien tot verryking van albei; nooit tot verarming nie.

Wanneer die kultuur inspraak het in die kerk, soos byvoorbeeld in die musiek wat in die kerk gebruik word, verryk dit die liturgie van die kerk. Ons het so pas 'n nuwe gesangbundel in gebruik geneem en dit is 'n pragtige voorbeeld van hoe die kultuurproduk die kerk kan verryk. Maar dit was beheersde beïnvloeding. Die kerk het nie maar sommer die deure vir die kultuur oopgegooi nie. Hy het self gekies watter musiek hy wil en sal gebruik. Sodoende het hy die inspraak van die kultuur ervaar as iets verrykends. Het hy aan die ander kant onbeheersde beïnvloeding toegelaat, kon hy baie maklik armer gewees het. Hy kom sy aard en karakter ingeboet het.

Die opregte inspraak van die kerk in die kultuur, kan laasgenoemde ook nie verarm nie. Al sou daar dan nie eers inhoudelike beïnvloeding wees nie, kan die kerk in elk geval beheersdheid en ordelikheid in die gang van die kultuurontwikkeling bring. Die kerk word mos beheer deur die norm van die Woord. Die kerk werk met vaste, neergelegde norme. Wanneer die kerk dan oorgaan tot beïnvloeding van die kultuurontwikkeling, dra hy asof vanself hierdie geordenheid en beheersdheid met hom saam. Dit behoort in elk geval die ideaal te wees.

Soos ons dit dus sien, behoort daar tussen kerk en kultuur beheersde kruisbestuiwing plaas te vind. Dit strek tot die voordeel van albei as dit met verantwoordelikheidsbesef en 'n liefde vir die Waarheid gedoen word.

Nou het ons darem seker op die punt gekom waar ons die basiese vraag beantwoord: hoe hanteer ek as kerkmens die raakvlak tussen kerk en kultuur?

Eerstens: Ten opsigte van die beïnvloeding van die kerk deur die kultuur, handhaaf ons die standpunt dat die evangeliese Waarheid 'n absolute grootheid is. Daarom beskou ons dit as onverhandelbaar. Maar ons sal dankbaar gebruik maak van daardie kultuurgoedere wat die kerk (veral sy liturgie) kan verryk. As ons moet kies tussen

kerk en kultuur, kies ons die kerk. Anders is ons ontrou aan ons roeping.

Tweedens: Ten opsigte van die beïnvloeding van die kultuur deur die kerk, handhaaf ons die standpunt dat die kerk 'n ordenende en beheersde invloed kan uitoefen op die gang van die kultuur.

Ons dra die norme, waarvolgens ons leef, die kultuurterrein binne. Ons dra dus die evangelie in die huis van die kultuur in. Daardeur kan die kultuur net ryker word. As gelowige Christenmens glo ons dit, al kan ons dit nie bewys nie.

Die kerk sal dus nie stryd voer teen die kultuur nie. Hy is in elk geval daarby betrokke, of hy wil of nie. Sy betrokkenheid moet aktief en skeppend wees. Hy moet die so noodsaaklike orde bring, sodat die kultuur nie die spoor byster raak en verloop nie. Die kerk het ten opsigte van die kultuur 'n taak. Nie van oorname nie; maar van sorgsame en deernisvolle begeleiding met die oog op die verryking daarvan. Hyself sal daardeur ook ryker word.

Politiek

Voordat ons hieroor begin praat, moet ons ook eers weer duidelikheid verkry oor waaroor ons presies praat. Dit klink ietwat belaglik, maar dit is tog so belangrik. Politiek is immers 'n baie breër begrip as wat die gemiddelde mens besef. In die alledaagse spraakgebruik word die woord gewoonlik aangewend om te verwys na die Suid-Afrikaanse partypolitiek. Somtyds word dit ook gebruik waar daar na een van die partye se beleid verwys word. Maar in die breedste sin van die woord kan ons "politiek" vertaal met "staatkunde." Dan is dit 'n aanduiding van alles wat te make het met die bestuur en ordening van die staat of maatskappy. Dan het dit nie meer te make met partypolitiek of politieke faksies nie, maar met die ordelike bestaan van die staat as sodanig.

Die betekenis van hierdie onderskeid wat ons probeer tref het, is dat die té enge interpretasie van die term "politiek", aanleiding gegee het tot veel misverstand in die kerk. Saam met hierdie misverstand was daar ook al 'n stywe dosis bitterheid. Omdat, volgens die opvatting van die meeste mense, politiek gewoonweg gelyk is aan partypolitiek; en partypolitiek is ten beste 'n emosiebelaaide saak wat die gemoedere maklik in beroering kan bring, het die strydkreet in die kerk begin klink: "geen politiek."

Die gedagte dat die kerk uit die politiek kan bly, is 'n mite; 'n

droom en niks anders nie. Want die mense wat die kerk is, is ook deel van ander verbande. Hulle is deel van 'n volk en as sodanig deel van 'n staatsbestel. Hulle is nie net lidmate van Christus nie, hulle is ook burgers van 'n land. Binne 'n demokratiese bestel soos ons s'n beteken dit bowendien dat hulle, deur middel van die uitoefening van hulle stemreg, deel het aan hulle eie regering. Hulle staan nie langs die kantlyn en kyk hoe dinge gebeur nie, hulle is deel van en het deel aan die hele regeringsproses. Betrokkenheid in die politiek kan dus nie vermy word nie. Dit kan nog sterker gestel word. Dit mag nie vermy word nie. Politieke betrokkenheid is die voorreg en plig van elke mens wat deel is van die kerk.

Hoekom sê ek dit is 'n plig? Omdat die kerk, in 'n sekere sin van die woord, afhanklik is van die staat. Hierdie afhanklikheid impliseer nie 'n lewensafhanklikheid nie. Die kerk sou sonder die staat ook nog kon voortbestaan. Die kerk bestaan immers nie by grasie van 'n dekreet of reëling van die staat nie. Hy bestaan omdat God dit só gewil het en omdat Hy die kerk deur Woord en Gees onderhou. Maar, om sy werk rustig en ordelik te kan doen, het die kerk rus en orde in die staatsbestel nodig. Onrus en onvrede in die land, vind uiteindelik neerslag in die lewe van die kerk. Dit is onvermydelik. Daarom aangesien die kerk in die posisie is om deel te hê aan die reëling van die orde in die staat, sal hy gruwelik onverantwoordelik wees, teenoor homself en die Waarheid wat hy dien, as hy nie van hierdie geleentheid gebruik maak nie.

Die vraag is dus nie of die kerk polities kan of mag betrokke raak nie. Dit is sy dure plig om dit te doen. Die vraag is net wat die aard en omvang en doel van hierdie betrokkenheid sal wees. Hier onderskei ons ook aanvanklik twee radikale moontlikhede:

Die kerk sal die draer word van politieke strewes.

Die politiek sal 'n spieëlbeeld vertoon van kerklike strewes.

Die kerk as draer van politieke strewes

'n Mens worstel seker met die versoeking om in hierdie geval kategoriese antwoorde te gee. Een mens sal sê: "Dit mag onder geen omstandighede nie!" 'n Ander een sal sê: "Dit mag en moet ten alle koste!" Maar sulke antwoorde is nie moontlik nie. Dit sou hoog onverantwoordelik wees om sommer maar te antwoord, sonder om die volle implikasies van die vraag te verstaan. Om die implikasies te probeer peil, kan ons ander vrae vra.

Die eerste en dwingendste vraag is: Kan die kerk die draer van 'n politieke ideaal word, sonder om sy ware en karakter in te boet? Kan hy hom vereenselwig met 'n politieke ideaal en nog getrou bly aan die Waarheid van Christus?

Weereens nie 'n maklike vraag om te beantwoord nie. Dit sal afhang van 'n hele aantal faktore. Die belangrikste hiervan is die vraag of hierdie politieke ideaal te rym is met die Waarheid waarvan die kerk die draer is en of dit in stryd daarmee is. Uit die aard van die saak sal die antwoord hierop, bepaal hoe ons eerste vraag beantwoord sal word. Sou die antwoord wees dat die politieke ideaal in stryd is met die Waarheid van die Woord, is die antwoord natuurlik en uitdruklik: Nee! Maar as die antwoord lui dat dit te rym is met die Waarheid, kan ons 'n gekwalifiseerde "ja" as antwoord op ons eerste vraag gee.

Hoekom net gekwalifiseerd? Omdat dit dan nog behoorlik uitgemaak sal moet word in hoeverre die politieke strewe en die Waarheid te rym is; en of dit te ryme *bly*.

'n Politieke strewe is nie per defenisie 'n onveranderlike saak nie. Die beleid van 'n bepaalde regering is nie 'n konstante nie. Dit verander maar van tyd tot tyd. Niemand sal kan ontken nie dat daar in die politiek as sodanig, 'n groot stuk pragmatisme skuil. In die poging om orde en wet te handhaaf en die beste voordeel vir almal wat onder die toesig van die staat is te verkry, vind ons dit van tyd tot tyd nodig om veranderings in die politiek aan te bring. Daarom is dit gevaarlik, trouens ondenkbaar, dat die kerk hom vraagtekenloos en onvoorwaardelik aan 'n bepaalde politieke strewe sal koppel. Aanvanklik mag alles in orde lyk, en dan kan die kerk inval sonder om aan die Waarheid ontrou te wees. Dit is egter nie te sê dat dit altyd so sal wees nie. Die kerk sal homself dus hoogstens voorwaardelik aan 'n bepaalde politieke strewe kan koppel. Die betrokkenheid sal voortdurend aan die eise van die Waarheid getoets moet word.

Daarmee kom ons by, na ons mening, die kernvraag. Wie maak nou eintlik uit of die politieke ideaal in stryd is met die evangeliese waarheid? Op grond waarvan word die oordeel gevel? Die antwoord spring in die oog. Die kerk oordeel self. Hy oordeel op grond van die Bybelse getuienis. Dit lyk op die oog af na 'n maklike en vanselfsprekende antwoord. Dit sit egter ook vol voetangels. Die wesenlike probleem is dat mens net in teorie heeltemal objektief kan wees. Die praktyk leer ons dat sulke oordele in die meeste gevalle (indien nie in almal nie), sterk subjektief gekleurd is. Dit is gewoonlik so dat jy 'n

politieke ideaal of strewe juis vanuit politieke betrokkenheid beoordeel. Jy beoordeel nadat jy al klaar daarvoor of daarteen gekies het. Wat gebeur dan as jy hierdie strewe vanuit die Bybel wil beantwoord? Die Bybel word gebruik as 'n bewysboek om jou standpunt te ondersteun. Die praktyk leer ons dat sowel linkse as regse politieke strominge, hulle met eweveel drif en 'n ewe groot mate van oortuiging, op die Bybel beroep. Die gevolg hiervan is onafwendbaar; die Bybel begin buikspreek. Die Bybel word 'n kapstok vir joú oortuigings. Dit kan tog seker nie, want jy is dan besig om die Waarheid te vervals.

Kan dit ooit anders wees? Dit kan seker. Maar ís dit ooit anders? Bykans nooit. Nasionaliste, internasionaliste, sosialiste, neomarxiste, radikale rewolusionêres, pasifiste, konserwatiewes, liberales, demokrate, rojaliste, republikeine en wat nog meer, beroep hulle op die Bybel. Dit gebeur egter steeds vanuit hulle vooraf ingenome standpunte. Só sien die realiteit van die omstandighede daaruit. Ek sê weer: absolute objektiwiteit skyn 'n mite te wees.

Daarom kom ons tot die volgende gevolgtrekking: Die oomblik wanneer die kerk die draer word van een of ander politieke strewe of program, word die evangeliese waarheid op een of ander manier skeefgetrek. Die kerk is die draer van hierdie Waarheid. Hy kan dus nie die draer van die politiek word nie. In elk geval nie in die sin dat die politieke ideaal sý ideaal word nie.

Blykbaar staan ons dan nou voor 'n onoplosbare dilemma: Politieke betrokkenheid is aangedui as 'n plig van die kerk, maar vereenselwiging met politieke strewes bring die gevaar dat die kerk hom sal skuldig maak aan die verkondiging van 'n politieke ideologie in plaas van die evangelie van Jesus Christus. Uit hierdie dilemma sal ons 'n uitweg probeer vind. Voordat ons egter 'n antwoord waag, moet die probleem nog verder geintensifiseer word.

Politiek as spieëlbeeld van kerklike strewes

Die implikasie van hierdie moontlikheid is dat die kerk, as kerk, die politieke arena betree en probeer om 'n politieke mag te word. Die doelwit sal wees dat die kerk die staat moet oorneem, sodat die staat 'n uitgebreide kerk word, waarin die norme, wette en leer van die kerk geld.

Dit is 'n ideaal wat nogal van tyd tot tyd in die kerk geleef het. Daar was selfs 'n stadium in die geskiedenis, toe die pous van Rome

as't ware die wêreldheerser was. Toe het alle politieke mag en gesag in die Vatikaan gesetel. Alhoewel hierdie tydperk verbygegaan en nooit weer terugkeer het nie, het die pouse nog steeds drome gedroom oor politieke mag. Ook nie net hulle nie. Ook in reformatoriese kringe het hierdie ideaal van tyd tot tyd geleef. Miskien vandag ook nog in sekere kringe. Wanneer mens met jou hart daaraan dink is daar heelwat voor te sê. Stel u voor dat die kerk, by wyse van wetgewing, ontslae kan raak van al die dinge in die wêreld wat hom hinder! 'n Wonderlike gedagte! Maar is dit? Sal die kerk dan nog kerk wees?

Ons glo nie. Kragtens sy roeping is die kerk in die wêreld in 'n dienende funksie. Hy is geroep tot diens aan God en diens aan die wêreld waarbinne hy leef en werk. Hierdie funksie boet hy in wanneer hy probeer om te regeer. Hy is draer van die kruisevangelie. Hy kan nie ook nog die draer van die swaard wees nie. Dié twee sake is nie met mekaar te rym nie. In elk geval nie as ons erns maak met die lesse van die geskiedenis nie. Hierdie weg is dus ook vir die kerk gesluit.

Die Alternatief

Die uitgangspunt wat ons vroeg al vasgestel het, is dat die kerk die verpligting het tot politieke betrokkenheid. Ons het intussen vasgestel dat hierdie betrokkenheid nie van so 'n aard mag wees dat die politiek die kerk oorneem nie; maar ook nie dat die kerk die politiek oorneem nie.

In beide gevalle sal dit beteken dat die kerk sy wese inboet. Trouens, die gevolge sal uiteindelik identies wees; die kerk sal ophou om kerk te wees en verander in 'n politieke organisasie. Dat dit nie net 'n teoretiese moontlikheid is nie, word geïllustreer deur die Wêreldraad van Kerke en soortgelyke organisasies. By hulle het politieke belangstelling en betrokkenheid, uiteindelik gelei tot politieke oorname, voldoende bewys dat die uitgangspunt van hulle betrokkenheid verkeerd was.

Maar wat is dan die regte uitgangspunt? Mens kan tog mos nie volstaan deur net te wys op die verkeerde nie. Die verkeerde veronderstel tog immers 'n korrekte manier van doen.

Die saak wat voorop staan, is dat die kerk sy plek moet ken. In die eerste plek beteken dit dat hy sy roeping moet begryp. Hy is geroep tot getuie van Jesus Christus. Hierdie getuienis moet ook teen die

staat gelewer word. Daarom kan en mag die kerk hom nooit ten opsigte van die staat kompromiteer nie. Hy moet altyd vry bly om die staat tot verantwoording te roep as dit nodig is. Maar dan is dit eweeens duidelik dat hy nie vanuit die standpunt van die staat se teenstaanders sal getuig nie, maar in gehoorsaamheid aan die waarheid van Christus. Die implikasie hiervan is dat die kerk hom ook moet vryhou om *vir* die staat te getuig as dit nodig sou word.

In die tweede plek beteken dit dat die kerk sy posisie in die staatsbestel sal begryp. Die kerk leef tog mos nie in 'n aparte ruimte nie, hy leef en werk binne die staat. Hy staan dus nie net langs die staat as 'n aparte of afsonderlike grootheid nie; hy is ook deel van en onder gesag van die staat. Hy moet hom onderwerp aan die bestuur en gesag van die staat. Hy moet hom beywer vir 'n geordende en vreedsame staat, waarin daar geluk en voorspoed vir almal gewaarborg sal word. Maar dit het ons mos in elk geval al vroeër gesê en gemotiveer.

Die volgende prentjie tree dus nou na vore: Die kerk moet vry bly van die staat, maar is terselfdertyd deel van die staat en as sodanig onderworpe aan en verantwoordelik teenoor en vir die staat. Dit mag so klink, maar dit beteken nie dat die kerk aan 'n gesplete persoonlikheid moet ly om in hierdie prentjie in te pas nie. Eintlik is dit baie eenvoudig. Die kerk is gehoorsaamheid aan die staat verskuldig maar hy is ook geroep tot hoër gehoorsaamheid. In laaste instansie is hy geroep tot gehoorsaamheid aan Jesus Christus. Solank as daar, in die beoefening van hierdie dubbele gehoorsaamheid, geen botsings is nie, is daar ook geen probleem nie. Dan kan die kerk volle gehoorsaamheid aan die staat gee en ook tenvolle betrokke raak in die politieke proses. Maar die oomblik as daar botsing kom, staan dit vas dat die gehoorsaamheid aan Christus die hoogste en eerste prioriteit kry. In hierdie geval is die uitweg van die kerk dan nie rewolusie of agitasie nie, maar sterk getuienis en veroordeling, al kos dit ook wat.

Die kerk moet besef dat sy eerste en belangrikste taak in die politiek die is van dienslewering. Dit sal bestaan uit aanmoediging wanneer die politieke proses reg en billik is; uit teregwysing wanneer onreg en onbillikheid op die voorgrond tree. Die kerk moet die staat aan die hand vat wanneer hy die regte pad loop. Dan moet die kerk ook saamloop. As die staat egter verkeerd begin loop, moet die kerk vierkantig in sy pad gaan staan – al word hy dan uit die pad gestamp of omgeloop. Dan het hy in elk geval sy plig gedoen.

Partypolitiek?

Kerklike betrokkenheid in die politiek moet altyd teen die perspektief van dienslewering geskied. Dit sal ook waar wees van die individuele kerklidmaat se betrokkenheid in die partypolitiek. Dieselfde beginsel wat hierbo ter sprake was, geld ook hier. Wanneer die party-beleid die eerste en laaste word, mag die situasie ontstaan dat die kerkmens se gewete beswaard word. Of dit kan gebeur dat party-beleid die kerk ingedra word en daar 'n rol begin speel. Later miskien dalk selfs 'n belangriker rol as die Bybel.

As lid van die party, wat ook deel het aan die beleidvorming, van daardie party, het die kerkman die geleentheid om 'n skeppende rol te vervul. Hy het die geleentheid om toe te sien dat die beleid nie in stryd raak met die Woord nie. Wanneer hy hierin nie kan slaag nie, verander sy rol in die van interne kritikus. Wanneer dit dan vir hom uiteindelik duidelik word dat hy dit nie meer met sy Christelike gewete kan rym om langer met die party saam te loop nie, moet hy die moreel korrekte stap neem en homself van daardie party losmaak.

Ter afsluiting nog één opmerking: Hierbo het 'n vraag tersprake gekom wat ons die wesensvraag genoem het. Dit was die vraag na die vasstelling van die Bybelse of evangeliese waarheid. Is dit moontlik om objektief te wees? Is dit moontlik om los van jou eie politieke oortuigings, daardie selfde oortuigings aan die Bybel te toets? Ons sou nie graag wou sê dat dit onmoontlik is nie. Dan is die kerk immers in die moeilikheid: dan is hy uitgelewer aan die politiek. Maar laat ons erken, dit is bykans onmoontlik en bitter moeilik. Dit leer die praktyk ons dag na dag. Maar ons moet in elk geval probeer. Ons moet die Bybel toelaat om ons onrustig te maak. Ons moet in die Bybel, wat oënskynlik nie strook met óns opvatting, nie verontagsaam nie. Ons moet die heilsame onrus wat so op ons toesak, met dankbaarheid aanvaar as korrektief, en nie daarteen in opstand kom nie. Dit is die voorwaarde vir gesonde politiek in 'n gesonde kerk.

Kontrole vrae

1. Wat dui ons met die begrip "wêreld" aan?

   .....

2. Hoe kan die kerk invloed op die kultuur uitoefen?

   .....

3. Moet die kerk hom hoegenaamd met die politiek bemoei?

.....

4. Is daar 'n verskil tussen politiek in die algemeen en partypolitiek?

.....

5. Hoe moet die optrede van die ouderling in die politiek wees? Moet hy hom met die politiek bemoei?

.....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die kerk en die kultuur.
2. Die kerk en die politiek.

HAUM